

# **Laaste spore van Nederlands in Afrikaanse werkwoorde**

J. Kirsten

20282591

Verhandeling voorgelê vir die graad *Magister Artium* in Afrikaans en Nederlands  
aan die Vaaldriehoekcampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. A.J. van Rooy

2013



## DANKBETUIGINGS

Ek bedank graag die volgende mense:

- My studieleier, Bertus van Rooy, vir die uitsonderlike leiding, ondersteuning en geduld tydens die studie, en die opgewondenheid oor my studie en bevindinge.
- My ouers, Koos en Rika Kirsten, vir deurlopende emosionele en finansiële ondersteuning.
- My vriende, veral dié wat ook al met verhandelings en tesisse geworstel het, en ondersteuning gebied het vir die spesifieke uitdagings waarvoor 'n nagraadse student te staan kom.
- My kollegas by die Skool vir Tale aan die Vaaldriehoekskampus, vir deurlopende ondersteuning, belangstelling in my werk, gedeelde entoesiasme en die tyd en ruimte om aan die studie te werk.
- My gehoor by die 2012 LVSA/SAALA/SAALT-kongres waar ek my voorlopige bevindinge gerapporteer het, en spesifiek prof. Jac Conradie en dr. Daniel van Olmen vir die besonder waardevolle kommentaar op my referaat, wat ook van toepassing was op die verhandeling.
- Die Noordwes-Universiteit vir beurse waarsonder hierdie studie nie moontlik sou wees nie.



# OPSOMMING

**Sleutelwoorde:** Werkwoorde, Totius, korpus, korpuslinguistiek, norme, standaardisering

In die diachroniese bestudering van Afrikaans is daar in die verlede grotendeels gefokus op die ontstaansgeskiedenis en vroeë ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands. Deur die loop van die twintigste eeu, veral onder leiding van J. du P. Scholtz, het 'n tradisie van ondersoek – die filologiese skool – ontstaan wat Kaaps-gekleurde tekste in fyn besonderhede ondersoek het, en na aanleiding daarvan die stabilisering van Afrikaans so vroeg as die einde van die agtiende eeu gedateer het (byvoorbeeld Raidt, 1991:145; Ponelis, 1994:229). In die afgelope enkele dekades het hierdie aanname egter kritiek begin ontvang, onder andere van Roberge (1994:159) en Deumert (2004:20). Deumert (2004) het aan die hand van 'n korpus aangetoon dat daar selfs tot in die twintigste eeu nog omvangryke variasie in die Afrikaanse skryftaal in persoonlike briewe was, en hierdie studie bou daarop voort deur die variasie in gepubliseerde skryftaal te ondersoek.

Dit word gedoen deur te fokus op die werkwoord, aangesien die verandering van die Nederlandse werkwoordsisteem na die Afrikaanse werkwoordsisteem besonder omvangryk is. Hierdie studie gebruik korpuslinguistiese ondersoekmetodes, en ondersoek die Nederlands-Afrikaanse variasie in werkwoorde in gepubliseerde Afrikaanse tekste aan die hand van drie korpusse. Die hoofkorpus is saamgestel uit al die Afrikaanse bydraes van Totius (J.D. du Toit) in die publikasie *Het Kerkblad* van 1916 tot 1922. Daar word ook twee kontrolekorpusse gebruik: die eerste is saamgestel uit uittreksels uit gepubliseerde Afrikaanse boeke vir dieselfde tydperk, en die tweede is saamgestel uit uittreksels uit Afrikaanse tydskrifte vir dieselfde tydperk. Ten einde die tekortkominge van korpusdata te oorkom, is normatiewe bronne oor Afrikaans uit die tyd van die korpusse ook betrek, en daar is aangetoon watter aanbevelings dié bronne maak oor die relevante verskynsels, en in hoeverre die data uit die korpusse daarmee korreleer.

Daar word ondersoek ingestel na variasie in ses verskillende werkwoordelike verskynsels:

1. t/n-Slotkonsonant (byvoorbeeld *gaat/gaan*): die ou (Nederlands-gekleurde) vorme kom slegs sporadies in die korpusse voor, terwyl die moderne Afrikaanse vorme reeds grotendeels gevestig is.
2. g-Slotkonsonant (byvoorbeeld *seg/sê*): die ou vorme word ook besonder min in die korpusse gebruik, terwyl die moderne vorme van die begin af oorheers, en mettertyd selfs meer gebruiklik word.
3. Stamvokaal (byvoorbeeld *brenng/bring*): die ou vorme oorheers nog aan die begin van die tydperk, gevolg deur 'n periode van duidelike onsekerheid oor watter vorme verkieslik is, met die moderne vorme wat die oorhand kry aan die einde van die tydperk.

4. Preteritum (spesifiek *had/gehad* en *werd/geword*): daar heers deurlopend groot onstabiliteit, wat aangehelp word deur 'n hulpwerkwoord-hoofwerkwoord-onderskeid wat deur sekere skrywers getref is, en nie deur ander skrywers in ag geneem is nie.
5. Verlede deelwoorde (byvoorbeeld *gedaan/gedoen*): die begin van die tydperk word gekenmerk deur onstabiliteit, terwyl die moderne vorme aan die einde van die tydperk tog die oorhand kry.
6. Perfektum-hulpwerkwoord (*is/het*): die ou vorm word nog enigsins gebruik, hoewel die moderne vorm van die begin af reeds oorheers, en mettertyd selfs meer gebruiklik word.

Hierdie data wys dat daar selfs in die twintigste eeu nog heelwat variasie in Afrikaans onder Nederlandse invloed teenwoordig was, en die korrelasie tussen die verskillende korpusse impliseer dat die skryftaal moontlik heelwat nader aan die spreektaal was as wat vroeër aangeneem is. Dit word bevestig deur die aandag wat wisselvorme en variasie ook in die normatiewe bronne van die tyd geniet het.

## ABSTRACT

**Key words:** Verbs, Totius, corpus, corpus linguistics, norms, standardisation

In the diachronic studies of Afrikaans in the past, the focus used to be on the origin and early development of Afrikaans from Dutch. During the twentieth century, the philological school, with a tradition of researching all Cape-Dutch coloured texts in detail, was established through the work of J. du P. Scholtz and his students. Through their analyses, they estimated the stabilisation of Afrikaans as early as the end of the eighteenth century (for example Raidt, 1991:145; Ponelis, 1994:229). In the past few decades, however, this estimation has begun to receive criticism from other scholars, including Roberge (1994:159) and Deumert (2004:20). With the help of a corpus, Deumert (2004) has shown that there is substantial variation in Afrikaans letters as late as the early twentieth century, and this study expands on her work by researching the variation in published writing.

This is done by focusing on verbs, as there is significant change from the Dutch verbal system to the Afrikaans verbal system. This study uses corpus linguistic research methods, and researches Dutch-Afrikaans variation in verbs in published Afrikaans texts, compiled in three corpora. The main corpus was compiled from all the Afrikaans writings of Totius (J.D. du Toit) in the publication *Het Kerkblad* from 1916 to 1922. Two control corpora are also used: the first was compiled from excerpts from published Afrikaans books for the same period, and the second was compiled from excerpts from Afrikaans periodicals for the same period. In order to compensate for the shortcomings of corpus data alone, normative works on Afrikaans from the relevant period are also taken into account, and there is shown which recommendations these works made about the relevant constructions, and how the corpus data correlates with these recommendations.

Variation in six verbal constructions are analysed in this study:

1. End consonant t/n (for example *gaat/gaan*): the old (more Dutch) word forms are scarcely used in the corpora, while the modern Afrikaans word forms are almost fully established.
2. End consonant g (for example *seg/sê*): the old word forms are also scarcely used in the corpora, while the modern word forms take the lead.
3. Stem vowel (for example *breng/bring*): the old word forms are more frequent at the beginning of the period, followed by some uncertainty, with the modern word forms taking over by the end of the period.
4. Preterite (specifically *had/gehad* and *werd/geword*): there is great instability throughout, worsened by a distinction in use between main verbs and auxiliary verbs made by some authors.
5. Past participle (for example *gedaan/gedoen*): there is significant instability at the beginning of the period, but the modern word forms are used more frequently by the end of the period.

6. Perfect tense auxiliary verb (*is/het*): the old form is still used in the corpora, but the modern form is more frequent from the beginning, and becomes even more frequent towards the end.

This data shows that there was still significant variation in Afrikaans under Dutch influence as late as the early twentieth century, and the correlation between the different corpora implies that the written language might have been much closer to the spoken language than had been previously assumed. It is further confirmed by the amount of attention this variation gets in the normative works from that period.

# INHOUDSOPGAW

HOOFSTUK 1: INLEIDING .....	1
1.1 Inleiding .....	1
1.2 Kontekstualisering en probleemstelling .....	1
1.2.1 <i>Kontekstualisering</i> .....	1
1.2.2 <i>Prosesse van standaardisering</i> .....	2
1.2.3 <i>Totius as gevallestudie</i> .....	4
1.2.4 <i>Werkwoorde in diachroniese studies</i> .....	5
1.2.5 <i>Bydrae van hierdie studie</i> .....	9
1.3 Navorsingsvrae en doelstellings .....	10
1.3.1 <i>Navorsingsvrae</i> .....	10
1.3.2 <i>Doelstellings</i> .....	10
1.4 Hoofstukindeling .....	11
HOOFSTUK 2: TAALHISTORIESE ONDERSOEK NA DIE AFRIKAANSE WERKWOORD .....	12
2.1 Inleiding .....	12
2.2 Afrikaanse diachroniese taalkunde: oorsig .....	12
2.2.1 <i>Belangrike figure en hulle werk</i> .....	12
2.2.2 <i>Tendense in die diachroniese taalkunde van Afrikaans</i> .....	17
2.2.3 <i>Samevatting</i> .....	21
2.3 Verskynsels .....	22
2.3.1 <i>Werkwoorde</i> .....	22
2.3.2 <i>Werkwoordstamvorme</i> .....	23
2.3.3 <i>Grammatikale verlede tydsvorm</i> .....	26
2.4 Samevatting .....	30
HOOFSTUK 3: STANDAARDISERING VAN AFRIKAANS BINNE KONTEKS .....	31
3.1 Inleiding .....	31
3.2 Sosiohistoriese agtergrond .....	31
3.3 Taalbewegings .....	39
3.3.1 <i>Die eerste Afrikaanse taalbeweging</i> .....	39
3.3.2 <i>Die Nederlandse taalbeweging</i> .....	41
3.3.3 <i>Die tweede Afrikaanse taalbeweging</i> .....	43
3.3.4 <i>Samevatting</i> .....	44
3.4 Standaardisering .....	45
3.4.1 <i>Standaardisering van Afrikaans</i> .....	48
3.4.2 <i>Aspekte van die standaardisering van die Afrikaanse werkwoord</i> .....	50
3.4.3 <i>Oor normatiewe bronne beskikbaar voor die aanvang van die korpus-inskrywings</i> .....	50
3.4.4 <i>Oor normatiewe bronne gepubliseer tydens die skryf van die korpus-inskrywings</i> .....	56
3.4.5 <i>Normering in die media</i> .....	61
3.5 Samevatting .....	63
HOOFSTUK 4: METODOLOGIE .....	64
4.1 Inleiding .....	64
4.2 Korpuslinguistiek as navorsingsmetode .....	64
4.2.1 <i>Wat is 'n korpus?</i> .....	66
4.2.2 <i>Korpusse in diachroniese studies</i> .....	68

4.3 Beskrywing van die korpus in hierdie studie .....	70
4.4 Vergelyking en kontrolekorpusse .....	70
4.5 Korpusanalise .....	71
4.6 Samevatting .....	73
HOOFSTUK 5: ANALISES EN BESPREKING .....	74
5.1 Inleiding .....	74
5.2 Verskynsels: analises en besprekings .....	74
5.2.1 <i>Werkwoordstamvorme</i> .....	74
5.2.2 <i>Grammatikale verledetydsvorm</i> .....	93
5.3 Gevolgtrekking .....	109
HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING .....	112
6.1 Inleiding .....	112
6.2 Opsomming van bevindinge .....	112
6.3 Gevolgtrekking .....	113
BRONNELYS .....	115

## LYS VAN TABELLE

Tabel 4.1:	Die publikasies wat gebruik is in die tweede kontrolekorpus (tydskrifte) .....	71
Tabel 5.1:	Totius se gebruik van <i>aangaat</i> en <i>aangaan</i> .....	75
Tabel 5.2:	Totius se gebruik van <i>siet</i> en <i>sien</i> .....	76
Tabel 5.3:	Totius se gebruik van ou vorme en moderne vorme in morfologies komplekse woorde (t/n-slotkonsonant) .....	77
Tabel 5.4:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van ou vorme en moderne vorme in morfologies komplekse woorde (t/n-slotkonsonant) .....	79
Tabel 5.5:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van ou vorme en moderne vorme in morfologies komplekse woorde (t/n-slotkonsonant) .....	80
Tabel 5.6:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van ou vorme (t/n-slotkonsonant) .....	81
Tabel 5.7:	Totius se gebruik van woorde met hoë en lae gebruiksfrekwensie (g-slotkonsonant)	84
Tabel 5.8:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers wat ou vorme gebruik (g-slotkonsonant)	85
Tabel 5.9:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers se gebruik van onderskeie vorme (g-slotkonsonant) .....	86
Tabel 5.10:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van ou vorme (g-slotkonsonant) .....	87
Tabel 5.11:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers se gebruik van die onderskeie vorme (stamvokaal) .....	90
Tabel 5.12:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van die ou en moderne vorme (stamvokaal) .....	92
Tabel 5.13:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers se gebruik van die onderskeie vorme (preteritum: <i>gehad/had</i> ) .....	96
Tabel 5.14:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van ou vorme (preteritum: <i>gehad/had</i> ) .....	97
Tabel 5.15:	Totius se grammatikale onderskeid tussen <i>geword</i> as hoofwerkwoord en <i>werd</i> as hulpwerkwoord .....	98
Tabel 5.16:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se grammatikale onderskeid tussen <i>geword</i> en <i>werd</i>	99
Tabel 5.17:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se grammatikale onderskeid tussen <i>geword</i> en <i>werd</i> .....	100
Tabel 5.18:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van ou vorme (preteritum: <i>geword/werd</i> ) .....	101
Tabel 5.19:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers se gebruik van die onderskeie vorme (verlede deelwoorde) .....	103

Tabel 5.20:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van die ou en moderne vorme (verlede deelwoorde) .....	104
Tabel 5.21:	Totius se gebruik van die konstruksie "dit is geskied" .....	106
Tabel 5.22:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers se gebruik van die onderskeie vorme (perfektum-hulpwerkwoord) .....	108
Tabel 5.23:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van ou vorme (perfektum-hulpwerkwoord) .....	109

## LYS VAN FIGURE

Figuur 5.1:	Totius se gebruik van die t/n-slotkonsonantvariante .....	75
Figuur 5.2:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van die t/n-slotkonsonantvariante .....	78
Figuur 5.3:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van die t/n-slotkonsonantvariante ....	80
Figuur 5.4:	Totius se gebruik van die g-slotkonsonantvariante .....	82
Figuur 5.5:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van die g-slotkonsonantvariante .....	84
Figuur 5.6:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van die g-slotkonsonantvariante .....	86
Figuur 5.7:	Totius se gebruik van die stamvokaalvariante .....	88
Figuur 5.8:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van die stamvokaalvariante .....	89
Figuur 5.9:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van die stamvokaalvariante .....	91
Figuur 5.10:	Totius se gebruik van <i>gehad/had</i> .....	94
Figuur 5.11:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van <i>gehad/had</i> .....	95
Figuur 5.12:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van <i>gehad/had</i> .....	96
Figuur 5.13:	Totius se gebruik van <i>geword/werd</i> .....	98
Figuur 5.14:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van <i>geword/werd</i> .....	99
Figuur 5.15:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van <i>geword/werd</i> .....	100
Figuur 5.16:	Totius se gebruik van woordvorme in die verlede tyd .....	102
Figuur 5.17:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van woordvorme in die verlede tyd .....	103
Figuur 5.18:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van woordvorme in die verlede tyd	104
Figuur 5.19:	Totius se gebruik van hulpwerkwoorde in die perfektum .....	106
Figuur 5.20:	Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van hulpwerkwoorde in die perfektum	107
Figuur 5.21:	Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van hulpwerkwoorde in die perfektum .....	108

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 INLEIDING

Hierdie studie speur die laaste spore van Nederlands in Afrikaanse werkwoorde na, deur variasie in die werkwoord te ondersoek waarvan die een vorm met Nederlands ooreenkomste toon, en die ander vorm ooreenkom met moderne Afrikaans. Tipiese voorbeelde van ouer, meer Nederlandse vorme sluit in:

- [1] Ons mag nie die grense *uitveeg* wat God self daargestel het nie.
- [2] Laat ons dan veel *denk* aan die lied van die put.
- [3] Ons sien verder dat aan die gemeentelede meedelings *gedaan werd* van wat in ander gemeentes aangaan.

Afdeling 1.2 kontekstualiseer die studie en dui aan wat die bydrae van die studie is. Afdeling 1.3 formuleer die probleemstelling en doelstellings van die studie, en afdeling 1.4 gee 'n aanduiding van verdere hoofstukindeling.

### 1.2 KONTEKSTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING

#### 1.2.1 KONTEKSTUALISERING

Wanneer Afrikaans diachronies bestudeer is in die verlede, is daar grotendeels voorkeur getoon vir die ontstaan en vroeë ontwikkeling van die taal, byvoorbeeld die werk van Hesseling (1923), Bosman (1916), Boshoff (1921), Franken (1953), Kloeke (1950), Raidt (1991) en Ponelis (1993). Die vraag hoe die taal van Nederlands (of variëteite daarvan) na Afrikaans ontwikkel het, is telkens beantwoord met verwysing na taalkontaksituasies en/of semi-kreolisering (Den Besten, 2009:234). Die algemeen gehuldigde standpunt dat die ontwikkeling van Afrikaans 'n vroeë aanvang het, het onlangs egter begin kritiek ontvang. Roberge (1994:159) wys deur 'n vergelyking van Louis Tregardt se dagboek met amp-telike briewe wat hy geskryf het, dat hy wel by magte was om Nederlands te skryf, en sy dagboek waarskynlik nader aan die spreektaal was as wat voorheen vermoed is. Deumert kritiseer ook die gevolgtrekking dat die vorming van Afrikaans reeds teen 1750 of selfs 1800 gestabiliseer het, deur te toon dat variasie nog lank daarna bestaan het (Deumert, 2004:155). Sy wys op die moontlikheid dat taalverandering daarna nog voortgeduur het, hoewel moontlik teen 'n stadiger pas as wat oorspronklik deur historiese taalkundiges van Afrikaans aangeneem is (Deumert, 2004:156). In terme van die interpretasie van data in verskeie diachroniese studies van Afrikaans, wat die stabilisering van Afrikaans in die spreektaal graag vroeg dateer, noem Den Besten verder dat die voorkoms van Nederlandse vorme in

geskrewe tekste nie noodwendig as Nederlandismes weggedoen behoort te word nie, maar dat daar ook meer konserwatiewe variante in die spreektaal kon bestaan, of dat daar gemengde Nederlands-Afrikaanse variëteite kon wees (Den Besten, 2009:235).

Op grond hiervan beveel Den Besten sterk aan: "Onderzoek de archivale data, Vroeg Afrikaans en Vroeg Modern Afrikaans op het punt van 'gemengde' periodes, parallelle constructies, enz." (Den Besten, 2009:236).

Deumert se studie *Language Standardization and Language Change: The dynamics of Cape Dutch* (2004) begin reeds om hierdie taak aan te pak. Die tydperk in Deumert (2004) se studie strek oor verskeie dekades, en daar word aan verskeie aspekte van die taalgebruik aandag geskenk. Daar is ook al ander verwante studies gedoen: Uys se tesis (1983) oor die vernederlandsing van Afrikaans volg die taalverandering wat in die oorgangstydperk plaasgevind het, asook daarna; Fouché se verhandeling (1994) kyk na spesifiek die werkwoordsvorme in die Afrikaanse Bybelvertalings voor 1925; en Stoops se verhandeling (1972) ondersoek die taalgebruik in *Die Huisgenoot* van die vroeg twintigste eeu af, en gee onder andere aandag aan die werkwoordelike sisteem. Daar is dus al sporadies ondersoek ingestel na die verandering van spesifieke verskynsels in spesifieke tydperke, wat die twintigste eeu insluit, maar die implikasies van daardie studies blyk nie algemeen in ag geneem te word in die meer oorsigtelike uitsprake oor Afrikaans nie. Ponelis (1993) verwys, byvoorbeeld, na etlike werke van Stoops, maar nie na haar verhandeling nie, moontlik omdat die fokus daarvan in die twintigste eeu is, en daar aangeneem is dat dit nie relevant is nie. Deumert (2004) verwys egter na Uys se studie, maar nie na die ander studies nie, omdat dit fokus op bronne wat nie vir Deumert se studie van direkte belang is nie. As gevolg van die gebrek aan aandag aan meer sistematiese beskrywings van variasie in taalgebruik, het die tradisie voortbestaan wat slegs geïnteresseerd was in wanneer 'n spesifieke taalvorm gevestig is, en nie rekening gehou het met die variasie wat lank daarna nog bly voortbestaan het nie.

In voortsetting van hierdie mikrolinguistiese ondersoeke word in hierdie studie 'n aantal werkwoordelike parallelle konstruksies in Vroeë Moderne Afrikaans ondersoek, spesifiek in die tyd wat standaardisering in momentum begin toeneem het.

## 1.2.2 PROSESSE VAN STANDAARDISERING

Taal bestaan nie in 'n vakuum nie. Milroy en Milroy (1992:9) stel pertinent:

[W]e are unlikely to make great progress in understanding the nature of language if we entirely ignore its social functions and characteristics. Amongst these are phenomena such as language standardisation, the nature of literacy, notions of prestige in language and popular attitudes to usage.

Die korpusse wat vir hierdie studie versamel is, se brontekste is geskryf in die tyd wat die standaardisering van Afrikaans in omvang en momentum begin toeneem het, en daarom is dit belangrik om

die prosesse van standaardisering in gedagte te hou, asook die dinamiek wat dit meebring in die taalverandering wat daartydens plaasvind.

Conradie (2010:69) definieer standaardisering as: "het tot stand brengen van een gecodificeerd bovendialectisch taalbestand dat geschikt is als schrijftaal en voor andere formele doeleinden". Hierdie opkomende standaardtaal is grootliks die resultaat van doelbewuste linguistiese intervensies en uitbreidings van individuele en kollektiewe bewerkers (Deumert & Vandenbussche, 2003b:456-457). Terwyl standaardtale dan geleer word deur eksplisiete en geïntitutionaliseerde onderrigpraktyke, word die norme van taalstandaarde hoofsaaklik aangeleer deur blootstelling aan en nabootsing van modeltekste en modelsprekers (Deumert & Vandenbussche, 2003b:456). Uit hierdie verskil kan afgelei word dat dit ook sinvol kan wees om so 'n modelspreker se tekste te ondersoek vir die hantering van sekere verskynsels wat nog nie genormaliseer is nie, aangesien die moontlikheid bestaan dat daardie persoon se taalgebruik deur ander taalgebruikers as goeie voorbeeld nagevolg is.

Verder is taalstandaardisering boonop altyd 'n proses van variasiereduksie (Deumert, 2004:3; Deumert & Vandenbussche, 2003a:3). Dit impliseer dat daar keuses gemaak moet word tussen soortgelyke vorme om die nuwe standaard te bepaal. Afrikaans in sy kinderskoene het nog ten tyde van die skrywe van die tekste in die korpusse in hierdie studie uitgebreide variasie bevat. Dit is juis sulke keuses tussen variante wat verder in hierdie studie nagespeur word.

Normatiewe taalbronne speel ook 'n belangrike rol in die standaardisering van 'n taal. Daar word in sulke bronne dikwels aanbevelings gemaak oor watter variante in 'n taal verkieslik is bo ander, en eerder gebruik behoort te word. In die eerste jare van die twintigste eeu was daar min Afrikaanse normatiewe bronne oor Afrikaans, en meer taalaanleerdersboeke vir vreemdetaalsprekers beskikbaar. Nadat die eerste Woordelys van die Akademie egter gepubliseer is in 1915, is daar ook ander meer omvattende normatiewe werke oor Afrikaans gepubliseer, en het normatiewe taalkwessies ook in die media aandag begin kry.

Daar word ook ondersoek ingestel na die moontlike interaksie tussen die skrywer van die hoofkorpus van die studie, Totius, se werke en die normatiewe bronne wat met die aanvang van die tydperk reeds beskikbaar was, en ook tydens die tydperk van die korpus gepubliseer is. Daar word ondersoek of daar ooreenkomste is met bronne soos *Maskew Miller se Afrikaanse Grammatika* (Botha & Burger, 1921) en *Afrikaanse taalboek* (Malherbe, 1917) en vraag-en-antwoorde oor Afrikaanse taalkwessies soos gepubliseer in die *Huisgenoot* in 1917 en 1918. Die moontlikheid word ook oorweeg dat die skrywers van normatiewe bronne Totius kon nagevolg het, aangesien daar nog nie 'n vaste normatiewe tradisie vir Afrikaans bestaan het nie en daar waarskynlik heelwat navolging was van prominente skrywers van Afrikaans, byvoorbeeld Totius. Malherbe noem ook dat Totius 'n direkte aandeel gehad het in die ontstaan van sy *Afrikaanse taalboek*: "dit sou nie geskrywe gewees het nie als Prof. Dr. J.D. du Toit, wat die

noodsaaklikheid van iets dergelyks daadwerklik bij die Bijbelvertaling ondervind het, mij nie daartoe kragtig aangespoor het nie" (Malherbe, 1917:3).

### 1.2.3 TOTIUS AS GEVALLESTUDIE

Totius was 'n vooraanstaande lid van die Afrikaanse gemeenskap, iemand wat die toon aangegee het op verskeie gebiede. In die samestelling van *Keur uit die gedigte van Totius* skryf C. M. van den Heever (1954?:9) in die inleiding oor die groot invloed wat Totius op sy studente en ook die gemeenskap gehad het. Hy sê:

Wat egter opmerklik is, is die feit dat die invloed nie net tot sy studente of Kerk beperk gebly het nie; dit het uitgedy, die hele Afrikanervolk ingesluit, sodat Totius met die verloop van jare een van die mees gesiene en waardigste leiers van sy volk op kulturele en godsdienstige gebied geword het.

Roberge huldig Totius saam met skrywers soos Eugene Marais, Jan Celliers, en Louis Leipoldt daarvoor dat hulle "memorialized Afrikaner hardships, heroism, and defeat during this period" (Roberge, 2003:29). Die skryfwerk van Totius dra dus daartoe by om die ervaringe van die Afrikaners in sy tyd te boekstaaf. Roberge (2003:32) wys verder daarop dat daar tydens die Tweede Taalbeweging 'n generasie van entoesiastiese jong onderwysers, predikante, professore, politici en ander professionele persone was, wat hulle beywer het vir die Afrikaanse taal en die politieke bemagtiging van die Afrikaner. Uit Totius se lewensgeskiedenis is dit duidelik dat hy in hierdie groep val.

Tieken-Boon van Ostade wys uit dat in die skryf van vroeë grammatikas van ander tale dikwels die taalgebruik van "meerderes" as model gesien is (Tieken-Boon van Ostade, 2011:252). Robert Lowth, byvoorbeeld, was 'n biskop, wat steeds opgekyk het na die taalgebruik van sy sosiale meerderes, sowel as meerderes in die kerk (Tieken-Boon van Ostade, 2011:252). In Suid-Afrika was die situasie egter baie anders. Daar was nie 'n adelstand of baie vooraanstaande Afrikaanse politici om na te volg in taalgebruik nie. Verder was die N.G. Kerk, wat in vele opsigte toonaangewend was in die samelewing, nog sterk gefokus op die gebruik van Nederlands. Binne hierdie konteks het Totius na vore getree as leier van volk en kerk (Gereformeerd), en sy groot aandeel in die vertaling van die Bybel in Afrikaans het hom waarskynlik 'n gesaghebbende voorbeeld in taalgebruik gemaak. Hoewel die amptelike Afrikaanse Bybelvertaling eers in 1933 verskyn het, is die proefvertalings van die vier Evangelies en Psalms reeds in 1922 gepubliseer, en was Totius se betrokkenheid daarby geen geheim nie. Hy het ook verskeie digbundels gepubliseer, openbare toesprake in teologiese en politieke hoedanigheid gelewer, en dikwels in die media geskryf – hy staan kop en skouers bo sy tydgenote uit wat die omvang van sy taal- en sosiale aansien betref. As 'n mens sy verskeidenheid publikasies in ag geneem, was hy werklik op die voorpunt van Afrikaanse taalgebruik. Sy skryfwerk kan dus grondig bestudeer word as voorbeeld van die taalgebruik van die tyd.

In die interpretasie van die analyses van die data word daar in ag geneem dat dit die werk van 'n enkele outeur is. Dit word hanteer as 'n gevallestudie, 'n voorbeeld van hoe sekere vorme naas mekaar bestaan het, en daar deurlopend 'n keuse vir een van die vorme gemaak is. Dit word dan ook vergelyk met twee kontrolekorpusse, om 'n beter verstaan van die normering en standaardisering van Afrikaans in daardie tyd te kry. Die twee kontrolekorpusse is onderskeidelik saamgestel uit uittreksels uit gepubliseerde Afrikaanse boeke uit dieselfde tydperk, en uittreksels uit Afrikaanse tydskrifte of maandblaaië uit dieselfde tyd.

Twee soorte verskynsels se gedrag word ondersoek: eerstens die stamvorm van werkwoorde, meer spesifiek die slotkonsonant in sekere konstruksies, en die stamvokaal van sekere woorde. Tweedens, die grammatikale vorm van die verledetydskonstruksie, met spesifieke fokus op die sporadiese oorblyfsels van die preteritum, die woordvorm van sekere werkwoorde in verledetydskonstruksies, en die hulpwerkwoorde wat in die perfektum gebruik is. Aan die hand van hierdie verskynsels kan daar beter insig verkry word in die hantering van die Afrikaanse taal tydens die aanvang van die standaardisering daarvan, 'n tydperk waarop nog nie in vorige studies gefokus is nie. Dit kan ook moontlik lig werp op die aard van standaardisering as sodanig, en spesifiek die aanvanklike standaardisering van Afrikaans, soos wat dit steeds relevant is vir die voortdurende standaardiseringsproses van moderne Afrikaans.

#### 1.2.4 WERKWOORDE IN DIACHRONIESE STUDIES

Reeds in 1899 wys Hesseling uit hoeveel die werkwoordsstelsel vereenvoudig het vanaf Nederlands na Afrikaans (Hesseling, 1923:122). Ook Ponelis (1993:383) en Raidt (1991:216) benadruk dat werkwoorde in Afrikaans die grootste verlies van infleksie ondergaan het van al die groot leksikale kategorieë. Scholtz het in 1958 'n artikel gepubliseer oor die ontstaan van die werkwoordelike vormstelsel van Afrikaans, Conradie (1981, 1982) het die ontwikkeling van die verlede deelwoord ondersoek, asook die verlies van die preteritum (1998) en die standaardisering van die Afrikaanse werkwoordsstelsel (2010), Fouché (1994) het 'n verhandeling geskryf oor die werkwoordsvorme in Afrikaanse Bybelvertalings voor 1925, en in hulle beskrywings van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans wy beide Raidt (1991) en Ponelis (1993) 'n afdeling aan die werkwoordelike stelsel.

Vervolgens word daar beskryf watter spesifieke verskynsels in hierdie studie bestudeer word, en watter gapings daar in vorige studies daarvoor gelaat is. Daar word dan aangetoon hoe hierdie studie gapings vul in die huidige beskikbare inligting oor die ontwikkeling van Afrikaans.

## 1.2.4.1 **Werkwoordstamvorme**

### 1.2.4.1.1 **Slotkonsonant**

#### 1.2.4.1.1.1 *t/n-Slotkonsonant*

Die verskynsel hier ter sake verwys na die groepie Afrikaanse werkwoorde *gaan, doen, slaan, staan* en *sien*. In vroeë moderne Afrikaans was die stamvorm van hierdie woorde nog nie eenvormig nie, en was die slotkonsonant -t ook gebruiklik, byvoorbeeld *gaat, doet, slaat, staat* en *siet*. In 1958 wy Scholtz 'n paragraaf daaraan dat hierdie groep woorde nie die Nederlandse stamvorm nagevolg het nie, en hoe sekere -t-vorme nog in Afrikaans voorkom (veral *gaat* en *staat*, as finiete vorme) (Scholtz, 1958:66). Hy toon aan dat die stamvorm teen 1750 glad nie meer aan die Kaap gebruik is nie (1958:74). Die -t-vorm is egter die enigste vorm wat voorkom van 1750 tot 1831, met enkele uitsonderings (Scholtz, 1958:74). In Ponelis se beskrywing van die verlies van werkwoordvervoeging in die ontwikkeling van Afrikaans, noem hy dieselfde stel werkwoorde wat 'n meervouds-/infinitief-uitgang het (Ponelis, 1993:388). Hy het wel die variasie met die enkelvoudsvorm aangeteken, en noem dat die -t-vorme "occur only or mainly as pivot verbs and not as past participles or in combination with modals or linking verbs etc." (Ponelis, 1993:391). In Deumert se studie toon sy aan dat die keuse vir -n- of -t-vorme in die korpus vir haar studie ook nog nie gestabiliseer het nie, terwyl stamvorme byna afwesig was in die meervoudsvorm of tweede/derde persoon enkelvoud (Deumert, 2004:144). Bogenoemde studies fokus egter grotendeels op tydperke voor die twintigste eeu, en die verandering van variasie met verloop van tyd word nie in besonderhede sistematies beskryf nie. Hierdie studie ondersoek hoe die variante in die vroeg twintigste eeu gebruik is, en watter verandering daar plaasgevind het, saam met moontlike ko-variërende faktore uit normatiewe bronne.

#### 1.2.4.1.1.2 *g-Slotkonsonant*

Hierdie verskynsel is in 'n groep werkwoorde wat in moderne Afrikaans geen slotkonsonant bevat nie, maar in die vroeg twintigste eeu nog -g kon neem, byvoorbeeld *lê/leg, sê/seg, dra/draag, vra/vraag*. Scholtz wy 'n subkategorie in sy 1958-artikel aan werkwoorde wat op -g uitgaan, waar hy verskeie voorbeelde gee, en in 'n paragraaf beskryf onder watter omstandighede sekere vorme sou voorkom (Scholtz, 1958:65). Scholtz fokus egter op voorbeelde van die verskynsel wat net gedeeltelik ooreenkom met die vorme wat in hierdie studie ondersoek word. Ponelis merk op dat hy min voorbeelde gevind het van infinitiewe met sinkopee van g (en v) in die tekste wat hy ondersoek het vir *The Development of Afrikaans* (1993), en dat dit eers na vore kom in die agtiende eeu (Ponelis, 1993:418). Daar is egter geen sistematiese beskrywing van data uit die vroeg twintigste eeu nie, wat hierdie studie dan onderneem om aan te vul.

### 1.2.4.1.2 Stamvokaal

Die verskynsel waarna hier verwys word, is waar daar verskillende stamvokale vir dieselfde woord gebruik kon word, sonder 'n beduidende betekenisverskil, byvoorbeeld *bring* en *brengr*. Daar word min aandag hieraan gegee in die beskikbare literatuur. Conradie verwys daarna in terme daarvan dat daar keuses gemaak moes word tussen variërende vorme wat naas mekaar bestaan het, maar geen betekenisverskil aangedui het nie (Conradie, 2010:73). Daar ontbreek egter sistematiese beskrywing. Uys dokumenteer in haar proefskrif van 1983 'n aantal vokaalvariante wat voorgekom het in vroeë moderne Afrikaans, maar sy verskaf 'n inventaris van spesifieke voorbeelde, en beskryf nie die verskynsel sistematies nie (Uys, 1983:187-192). Hierdie studie beskryf dan die variasie in stamvokaal in die vroeg twintigste eeu, met spesifieke aandag aan enige patroonmatigheid of moontlike ko-variërende faktore uit normatiewe bronne.

### 1.2.4.2 Grammatikale verledetydsvorm

#### 1.2.4.2.1 Preteritum

In moderne Afrikaans word die preteritum – die imperfektief of Nederlandse onvoltooid verleden tyd – nie meer gebruik nie, hoewel daar nog reste van oorgebly het in die gebruik van sekere hulpwerkwoorde, *is/was*, en modale hulpwerkwoorde, *wil/wou*, *kan/kon*, *sal/sou*, *mag/mog* en *moet/moes*. In die vroeg twintigste eeu is *had* en *werd* egter nog as hulpwerkwoorde gebruik, wat later deur *het gehad* en *het geword* verdring is. Scholtz (1958:90) beskryf die verdringing van imperfektumvorme, en fokus sterk op die gebruik van modale hulpwerkwoorde in die presensvorm, eerder as die preteritum. Wat van besondere belang is, is die voorkeur in sy bronne vir die presensvorme waar imperfekta nog moontlik was (Scholtz, 1958:90). Daar word egter nie spesifiek gefokus op die verlies van sekere preteritumvorme, of die gebruik daarvan nie. In Conradie se artikel oor die verlies van die preteritum in Afrikaans, voer hy 'n argument daarvoor dat voorkeur vir die perfektum, gepaardgaande met gebrekkige aanleer van preteritumvorme deur vreemdetaalsprekers, die oorsaak van preteritumverlies in Afrikaans is (Conradie, 1998:17). Conradie se beskrywing handel egter oor die proses van die laat sewentiende eeu tot laat negentiende eeu, en volg nie die standaardisering van preteritumvorme in Afrikaans in latere periodes na nie. In Conradie se beskrywing van die standaardisering van die Afrikaanse werkwoordsisteem gee hy ook aandag aan die verdwyning van die onvoltooide verlede tyd (Conradie, 2010:70). Hy beskryf dit egter slegs kortliks, sonder om 'n spesifieke patroon van standaardisering aan te dui (Conradie, 2010:70-71).

Ponelis (1993:449) wys ook iets van die gebruik van imperfektiewe vorme, maar slegs van 1712 tot 1813. Fouché (1994:34) se verhandeling wys dat die vroeë Afrikaanse Bybelvertalings meestal die presensvorm gebruik waar die Statevertaling die preteritum gebruik, hoewel die perfektum ook soms verkies word (Fouché, 1994:35). Die preteritum kom dus enigsins voor, maar dit is besonder skaars, en die

forme daarvan is beperk. Deumert (2004:159-160) wys ook dat die verlies van die preteritum in Afrikaans reeds ver gevorderd was teen die begin van die twintigste eeu, en dat dit steeds 'n hoogs kontroversiële saak was of die preteritumvorm deel behoort te vorm van die Afrikaanse norm. Hierdie studie stel nadere ondersoek in na die gebruik van *had* en *werd* as preteritumkonstruksies, teenoor *het gehad* en *het geword*, met inagneming van die kontroversie wat die kwessie omring het, en die uitsprake wat die normatiewe bronne uit die tyd daarvoor gemaak het. Die moontlike onderskeid tussen hoof- en hulpwerkwoorde maak dit verder 'n interessante grensverskynsel.

#### 1.2.4.2.2 Verlede deelwoorde

In die vroeg twintigste eeu het daar nog onsekerheid geheers oor sekere woordvorme wat gebruik word in verledetydskonstruksies, byvoorbeeld *gedaan* of *gedoen*, *gekog* of *gekoop*. Scholtz noem in sy artikel van 1958 hierdie onstabiele (Scholtz, 1958:82). Daar was klaarblyklik reeds sedert die laat agtiende eeu verwarring tussen swak en sterk verlede deelwoorde, terwyl die onreëlmatige deelwoorde in Afrikaans as verbale vorme heeltemal verdring is (Scholtz, 1958:83). Hy wys verder op die moontlikheid dat sommige onreëlmatige deelwoorde nie direk deur reëlmatige vorme vervang is nie, maar tussenstadiums kon deurgemaak het (Scholtz, 1958:85). Die proses word hier egter nie sistematies nagegaan nie. Conradie wy 'n paragraaf in sy skrywe oor die standaardisering van Afrikaans aan die regularisering van die voltooide deelwoord, maar raak nie hierdie spesifieke kwessie aan nie (Conradie, 2010:71). Stoops beskryf die gebruik van *gedoen* en *gedaan* van 1920 tot 1970 sistematies in haar verhandeling van 1972 (Stoops, 1972:111-115), maar gee nie aandag aan ander soortgelyke vorme nie. Ponelis gee in sy beskrywing van die ontwikkeling van Afrikaans heelwat aandag aan die verledetydsvorme. Terwyl hy beskryf hoe dit gebruik is en wanneer, gee hy min aandag aan die variasie in woordvorme. Hy noem wel dat "(t)he irregular weak past participles *gebrag* 'brought' < *gebracht*, *gedag/gedog* 'thought' < *gedagt/gedogt* and *gekog* 'bought' < *gekogt* became obsolete by the turn of the previous century" (Ponelis, 1993:420). Daar is egter verskeie van hierdie variante in die korpusse gevind, en dié variasie word sistematies beskryf, saam met die verandering wat met verloop van tyd plaasvind. Dit kan dan dien om die talryke oorsigtelike beskrywings van hierdie verskynsel aan te vul.

#### 1.2.4.2.3 Perfektum-hulpwerkwoorde

In Nederlands word daar onderskeid getref tussen die hulpwerkwoorde *hebben* en *zijn* om die perfektum te vorm, maar daardie onderskeid het weggeval in Afrikaans, wat slegs *het* gebruik in die verlede tyd, behalwe vir passiefkonstruksies met *is*. Daar was egter 'n oorgangstydperk waartydens *is* nog gebruiklik was in dieselfde konstruksies wat in Nederlands *zijn* sou neem. Scholtz skryf in sy bogenoemde artikel uitgebreid oor die verlede deelwoord (1958:81-87), maar gee egter geen aandag aan die hulpwerkwoorde van tyd wat saam met hierdie vorme gebruik word nie. Conradie (1981, 1982) brei heelwat op Scholtz se beskrywing uit, maar fokus egter nie op spesifieke hulpwerkwoorde nie. In Fouché se data uit die vroeë Afrikaanse Bybelvertalings is die verskynsel waar die hulpwerkwoord *is* in perfektum-

konstruksies gebruik word, ook teenwoordig (Fouché, 1994:38). Daar word egter nie verdere aandag aan geskenk nie, aangesien die algemene gebruik van die perfektum in die verskillende Bybelvertalings met mekaar vergelyk word, en daar nie ingegaan word op die keuse van hulpwerkwoorde nie. Conradie reken die regularisering van die voltooid deelwoord as een van die aspekte van die standaardisering van die Afrikaanse werkwoordsisteem (Conradie, 2010:71). Hy bespreek die *ge*-prefiks en ander funksies van verlede deelwoorde kortliks (Conradie, 2010:71), maar die hulpwerkwoorde kom nie aan bod nie. Stoops (1972:126-132) gee aandag aan die *is/het*-kwessie in die twintigste eeu, maar fokus veral op gebruik saam met *wees*. Die vorm en gebruik van die perfektum het dus al heelwat aandag in die literatuur ontvang, maar die algemene gebruik van die hulpwerkwoorde is nie spesifiek beskryf nie. Hierdie studie gee verdere aandag daaraan.

## 1.2.5 BYDRAE VAN HIERDIE STUDIE

### 1.2.5.1 *Verdere kwessies*

In die diachroniese bestudering van Afrikaans is daar in die verlede selde gefokus op die tydperk waar tydens standaardisering 'n aanvang geneem het, en hierdie studie poog om te begin om daardie gaping te vul. Terwyl die werkwoordsisteem van die grootste veranderinge van Nederlands af na Afrikaans ondergaan het, en nog nie in die besonder bestudeer is vir dié betrokke tydperk nie, gaan hierdie studie na hoe die laaste veranderinge in Afrikaanse werkwoorde verloop het met die aanvang van die standaardisering van Afrikaans. Daar word in ag geneem dat die veranderinge wat hier bestudeer word tydens die aanvang van die standaardiseringsproses plaasgevind het, om sodanig meer begrip vir die standaardiseringsproses in te win.

Bo en behalwe die blote weergee van die variasie van spesifieke verskynsels, word daar aangedui wat eksterne faktore tot die stabilisering van variasie in daardie tydperk bygedra het, wat ook in die kontrolekorpusse nagegaan word. Daar kan ook sinvolle afleidings gemaak word oor die standaardiseringsproses van Afrikaans, hoe dit verloop het en wat dit beïnvloed het. Hierdie afleidings en implikasies kan steeds relevant wees vir die voortdurende standaardisering van Afrikaans vandag, en ook die standaardiseringsproses as sodanig.

### 1.2.5.2 *Metodologie*

Daar word van drie korpusse gebruik gemaak in hierdie studie: die hoofkorpus is saamgestel uit al die Afrikaanse skryfwerk van Totius in die publikasie *Het Kerkblad* van 1916 tot 1922. Die tydperk is afgebaken deurdat die eerste Afrikaanse tekste uit Totius se pen in 1916 in *Het Kerkblad* verskyn, en dat die publikasienaam in 1922 verander na *Die Kerkblad* en 'n geheel Afrikaanse publikasie word, wat by implikasie die einde van die oorgangstydperk aandui – 'n tipiese voorbeeld van die oorgangstydperke of gemengde periodes waarna Den Besten (2009:236) verwys in sy aanbevelings oor verdere onder-

soekmoontlikhede in die Afrikaanse diachronie. Daar word dan ook twee kontrolekorpusse gebruik om vas te stel hoe Totius se taalgebruik vergelyk met die breër taalgemeenskap s'n. Die eerste kontrolekorpus is saamgestel uit Afrikaanse boeke wat van 1916 tot 1922 gepubliseer is, en die tweede kontrolekorpus is saamgestel uit uittreksels uit Afrikaanse tydskrifte en maandblaaie van 1916 tot 1922. Die verskillende tipes tekste wat vir die korpusse gekies is, is so gedoen met die hoop om 'n beter insig in die breër taalgemeenskap se taalgebruik te verkry, en nie net op een genre te fokus nie. Die tipes tekste wat vir elke korpus gebruik is, word ook in ag geneem met die interpretasie van die data wat telkens daaruit onttrek is.

In die verlede het die filologiese skool, byvoorbeeld Scholtz en Raidt, ook van tekste en tekstuele getuienis gebruik gemaak in die bestudering van die ontwikkeling van Afrikaans. Dit is egter die eerste studie wat historiese korpusse van Afrikaans aan die hand van korpuslinguistiese metodes ondersoek, om so-doende 'n nuwe perspektief op die variasie in vroeg moderne Afrikaanse te kry.

### 1.3 NAVORSINGSVRAE EN DOELSTELLINGS

#### 1.3.1 NAVORSINGSVRAE

Hierdie studie is daarop uit om die volgende twee vrae te beantwoord:

1. Wat is die aard, omvang en rigting van verandering in Totius se seleksie van variante werkwoordvorme soos in die versamelde korpus verteenwoordig (met spesifieke aandag aan die meting van variasie oor die tydperk van belang vir die studie), en hoe vergelyk dit met die kontrolekorpusse?
2. Watter bydrae lewer die normatiewe bronne uit die tyd oor die seleksie van variante werkwoordvorme, en hoe ko-varieer dit met die seleksie deur Totius, en die kontrolekorpusse?

#### 1.3.2 DOELSTELLINGS

1. Om uit die saamgestelde korpus van Totius se werke, en dan die kontrolekorpusse, die volgende inligting te onttrek:
  - 1.1. Die werkwoorde met *t*-slotkonsonant en hulle moderne vorme;
  - 1.2. Die werkwoorde met *g*-slotkonsonant en hulle moderne vorme;
  - 1.3. Die werkwoorde wat variasie toon in die stamvokaal;
  - 1.4. Die preteritumvorme wat nie meer in moderne Afrikaans voorkom nie, en die moderne vorme wat dit vervang het;
  - 1.5. Die werkwoorde in verledetydskonstruksies wat variasie in vorm toon; en
  - 1.6. Die werkwoorde en meegaande hulpwerkwoorde in perfektumkonstruksies wat variasie toon;

met die doel om te bepaal watter variasie in elke verskynsel voorgekom het, of dit in die betrokke tydperk van belang vir die studie (1916-1922) gestabiliseer het, en indien wel, wanneer dit plaasgevind het.

2. Om te bepaal wat die normatiewe bronne uit die tyd bydra oor die seleksie van variante werkwoordvorme, en hoe dit met die seleksie in die korpuse ko-varieer, deur die volgende te doen:

2.1. Te bepaal watter normatiewe bronne reeds beskikbaar was met die aanvang van die tydperk in ondersoek;

2.2. Te bepaal watter normatiewe bronne verskyn het tydens die tydperk;

2.3. Verdere normatiewe besprekings in die media van die tydperk te versamel.

Dit word gedoen ten einde die riglyne wat in hierdie bronne aangegee word te korreleer met die variasie wat in die korpus voorkom, en te bepaal tot watter mate daar wisselwerking tussen die skryfwerk van Totius en die normatiewe bronne, en tussen die ander korpuse en die normatiewe bronne, was.

#### **1.4 HOOFSTUKINDELING**

In Hoofstuk 2 word daar 'n oorsig gegee van die diachroniese taalkunde in Afrikaans, asook 'n in-diepte beskrywing van wat al geskryf is oor elke verskynsel wat in hierdie studie ondersoek word. Hoofstuk 3 bied verdere kontekstualisering van die taalsituasie met sosiohistoriese agtergrond van Suid-Afrika en Afrikaans, 'n beskrywing van die taalbewegings, en verdere ondersoek na die prosesse van standaardisering, met spesifieke verwysing na die standaardisering van Afrikaans. Die metodologie word in Hoofstuk 4 beskryf. Die variasie in elke verskynsel word in Hoofstuk 5 ondersoek en bespreek, met 'n finale gevolgtrekking in Hoofstuk 6.

## HOOFSTUK 2

# TAALHISTORIESE ONDERSOEK NA DIE AFRIKAANSE WERKWOORD

### 2.1 INLEIDING

Daar word al vir meer as 'n eeu lank ondersoek ingestel na die ontstaan- en ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans. In hierdie hoofstuk word 'n oorsig van die Afrikaanse diachroniese taalkunde gegee, en daarna word beskryf wat reeds in die literatuur beskikbaar is oor die spesifieke verskynsels van hierdie studie, om aan te dui waar hierdie studie by die literatuur inpas, en hoe dit die leemtes daarin aanvul.

### 2.2 AFRIKAANSE DIACHRONIESE TAALKUNDE: OORSIG

In 1967 verdeel Eksteen die diachroniese taalkunde van Afrikaans tot op daardie tyd in drie fases. Die eerste fase is die Periode van Teorieë van Oorsprong, van 1882 (Hahn) tot die 1920s met Bosman se werk (Eksteen, 1967:66). Die tweede fase, die Periode van Oorgang, het gedetailleerde studies gebaseer op wetenskaplike waarnemings meegebring, en strek tot ongeveer die Tweede Wêreldoorlog (Eksteen, 1967:66). Die derde fase is die Periode van Beskrywing, en is volgens hom nog aan die gang ten tyde van sy skrywe (Eksteen, 1967:66). Hierdie verdelings gee reeds 'n oorsig van die tendense van die diachroniese taalkunde van Afrikaans, wat vervolgens in fyner besonderhede bespreek gaan word, tesame met die meer onlangse verwickelinge.

#### 2.2.1 BELANGRIKE FIGURE EN HULLE WERK

Die eerste substansiële besprekings van die geskiedenis van Afrikaans is gedoen deur Wessels in 1880 en Viljoen in 1896 (Ponelis, 1993:69). Die ware grondlegger van Afrikaanse historiese taalkunde is egter D.C. Hesseling, vroeë kreolis en kenner van die geskiedenis van Grieks (Ponelis, 1993:69). Hesseling neem as vanselfsprekend die ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands, en ondersoek dit nie verder nie; hy stel slegs dat Afrikaans nie uit 'n enkele suiwer dialek ontstaan het nie, maar uit die taal van die burgery van suidelike Nederland (Hesseling, 1923:4-5). Verder glo Hesseling die spoedige en drastiese afwyking van Nederlands na Afrikaans sluit spontane (suiwer interne) verandering uit (Hesseling, 1923:6), en dat die dryfveer agter die oorgang taalkontak en taalvermenging was (Hesseling, 1923:8-9). Die substratum wat 'n groot invloed op die verandering na Afrikaans gehad het, sou dan Maleis-Portugees wees, wat die dominante taal tussen slawe en seelui aan die Kaap was (Hesseling, 1923:110,127). Hierdie proses van taalvermenging was weer effens gestuit deur faktore soos die invloed van Nederlandse religieuse taalgebruik (die Statenbijbel) en die kleurbewustheid van blankes (Ponelis, 1993:69).

In die tyd van sy werk het Hesseling soms opspraak gewek (daar word in hoofstuk 3 duideliker historiese agtergrond hieroor gegee). Hoewel hy stewig in die pro-Afrikaanse kamp gestaan het, het sy uitlig van die "gekleurde" herkoms van Afrikaans hom laat koppe stamp met die rassistiese sienings van die pro-Afrikaanse kamp, wat verder vererger is deur die stigmatisering van Afrikaans as 'n kombuistaal wat deur gekleurde persone gepraat is (Ponelis, 1993:70). Volgens die pro-Afrikaanse kamp het Hesseling dus die nederige herkoms van Afrikaans gans te veel beklemtoon (Ponelis, 1993:70). Ten spyte hiervan het Hesseling se sienings die Afrikaanse historiese taalkunde gedomineer tot 1950 (Ponelis, 1993:70).

Bosman skryf in 1928 'n boekresensie oor Hesseling se nuutste werk, waarin hy stel dat

Prof. Hesseling het 'n belangrike, die belangrikste, bydrae tot die geskiedenis van Afrikaans gelewer maar in begryplike ontdekkingsywer en blydschap oor sy vonds het hy die betekenis van die Maleis-Portugese invloed oorskat (Bosman, 1928a:135).

Hy prys egter wel aan dat Hesseling die destyds populêre teorie dat Afrikaans uit Nederlands ontstaan het onder invloed van Frans, uit die weg geruim het, en die opvatting van Hahn en Meyer-Benfey dat Afrikaans Nederlands in die mond van kleurlinge (Hottentotte) is, "ontsenu" het (Bosman, 1928a:131).

Bosman het toegewyd daaraan gewerk om Hesseling se bewerings teen te werk, en het beweer dat dit nie ontlening van Maleis-Portugees is (dus taalvermenging) wat die groot faktor ter sprake was in die oorsprong van Afrikaans nie (Bosman, 1916:126-127), en hy stel in sy belangrikste werke dat:

In sover nou as Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Nederlands is nie, is dit 'n ontwikkeling van Nederlands onder invloed van die geadapteerde Nederlands van vreemdelinge (Bosman, 1916:118).

En:

In so ver as Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Hollands is nie, is dit 'n ontwikkeling van Hollands hoofsaaklik onder invloed van die Nederlands van vreemdelinge (Bosman, 1928b:100).

In hierdie vroeë dae van teoretisering was spekulering egter aan die orde van die dag, sonder om die werklike taalgebruik van die tyd wetenskaplik te ondersoek (Eksteen, 1967:67).

'n Aantal taalkundiges het uitgebrei op Hesseling se sienings. Du Toit het in 1905 'n tesis geskryf oor die Maleis-Portugese invloed op Afrikaans; Le Roux se panchroniese opname van Afrikaanse sintaksis (1923) is in die Hesseling-tradisie; en D.F. Malherbe, wat goeie opleiding in Duitse linguïstiek gehad het, maar later die taalkunde verlaat het om 'n romanskrywer te word, het 'n lang en waarderende resensie van Hesseling 1923 geskryf (Ponelis, 1993:70). Boshoff (1921), Bosman (1916) en Franken (1953) het ook by Hesseling aangesluit, met die doel van uitbreiding óf van bestryding (Ponelis, 1996:96) (sien veral: Boshoff, 1921:426; Bosman, 1916:2; Bosman, 1928b:27,42; vir aansluiting by Hesseling).

Franken het ook op grond van noukeurige argivale navorsing gewys dat Hesseling verkeerdlik aangeneem het dat Maleis-Portugees algemeen in die vroeë Kaapse spraakgemeenskap gebruik is (Franken, 1953:41-79). Gevolglik het Franken ontlening as hoof faktor in die oorsprong van Afrikaans uitgeskakel, en nader aan Bosman se posisie beweeg (Franken, 1953:19). Hy het homself egter tog by Hesseling geskaar in sy bewerings dat die laer stande, die slawe (Franken, 1953:17) en die Khoi (Franken, 1953:28,31), die sterkste invloed gehad het op die vorming van Afrikaans.

Die argiefondersoek waarmee Hesseling begin het, is mettertyd meer sistematies aangepak, onder andere eers deur Franken, en later deur Van Oordt en Scholtz (Ponelis, 1996:96). Van Oordt se jarelange toegewyde werk in die argief het 'n groot versameling van betroubare tekste van vroeë Afrikaans opgelewer, en Scholtz se sorgvuldige ondersoek van hierdie tekste het gelei tot 'n aantal publikasies (sedert 1950), en dit het die Afrikaanse historiese taalkunde op 'n nuwe grondslag geplaas (Ponelis, 1996:96-97). Scholtz sê self oor Van Oordt se werk:

Die belangrikste bron vir ons kennis van die ontwikkeling van Afr. in die 18de en eerste kwart van die 19de eeu is die dokumente deur L.C. van Oordt versamel in *Die Kaapse Taalargief* (afgekort *KT*), dele 1 tot 10, waarby ons moet onthou dat net twaalf uit 'n totaal van 318 briewe, verklarings ens., strekkende oor 1712 tot 1831 van voor 1770 is en dat tot aan 1776 die materiaal skaars bly (Scholtz, 1958:61).

In 1950 het die begin van 'n nuwe era in die geskiedenis van die dissipline aangebreek (Ponelis, 1993:70). Kloeke (1950) se groot werk oor die historiese dialektologie van Afrikaans, *Herkomst en groei van het Afrikaans*, is gepubliseer. Hierin word daar 'n in-diepte linguistiese analise van die herkoms van Afrikaans gepoog, en vrae gevra oor die Nederlandse dialek(te) waaruit Afrikaans ontstaan het, en hoe die taal van die pioniers van die kolonie daar uitgesien het (Kloeke, 1950). Die publisering van hierdie werk is gevolg deur 'n gedetailleerde resensie van Scholtz (Ponelis, 1993:70-71). Daarna het Scholtz misnoeë begin toon met wat hy genoem het 'n steriele sosiohistoriese debat met besonder min linguistiese bydrae, en hy het hom gewend tot die analise van argivale data (Ponelis, 1993:71). Hy sou byvoorbeeld 'n versameling tekste fynkam en poog om elke "Afrikaanse" verskynsel op te spoor en te verklaar (byvoorbeeld Scholtz, 1958), wat die begin was van wat die filologiese skool genoem kan word. Volgens Raidt (1991:ii) is hy die eintlike baanbreker op die gebied van die Afrikaanse historiese taalkunde, en sy wetenskaplike metodes van taalhistoriese navorsing sal, volgens haar, voorbeeldig bly vir toekomstige geslagte van taalhistorici.

Die Scholtz-tradisie is voortgesit deur Raidt en haar studente, onder andere Pheiffer en Conradie (Ponelis, 1993:71). Raidt het substansiële bydraes gemaak tot die navorsing oor ontlening, deur studies oor Maleise en Portugese invloed (Ponelis, 1993:71). Sy het ook verskeie studies oor aspekte van strukturele ontwikkeling gedoen, en is teen die vroeë negentigs die navorser wat by verre die meeste bygedra het sedert Scholtz (Ponelis, 1993:71). In hierdie tradisie van ondersoek het daar 'n algemene aanname ontstaan dat die historiese rekord van die skryftaal besonder baie verskil van die spreektaal van die tyd,

omdat skrywers nog gepoog het om hulle skryftaal nader aan Nederlands te moduleer as aan die spreektaal, en dat die skryftaal dus heelwat meer konserwatief was as wat die spreektaal sou wees. Scholtz skryf byvoorbeeld pertinent: "In alle gevalle het die skrywers hul taal so na moontlik aan korrekte Ndl. gemaak as wat hulle by magte was" (Scholtz, 1958:61) (Raidt, 1991:116 sluit ook hierby aan).

Raidt pleit in 1967 vir samewerking tussen die twee groepe taalkundiges, sinchronies en diachronies, en wys met voorbeelde van die byvoeglike verbuiging en meervoudsvorming vir Afrikaans hoe "verwysing na historiese prosesse die beskrywing van die sinchroniese sisteem kan simplifiseer en verhelder" (Lubbe, 2002:75).

Ten spyte daarvan dat vrae rondom die ontstaan van Afrikaans daartoe bygedra het dat Afrikaanse taalkundiges altyd belangstelling in die diachronie getoon het (Lubbe, 2002:75), het die Afrikaanse historiese taalkunde in Suid-Afrika lank in 'n soort vakuum bestaan, en is dit net deur enkele akademici beoefen en gedoseer (Raidt, 1991:i). Ná 1971 het daar egter 'n oplewing en groot verryking gekom as gevolg van 'n jonger geslag van taalhistorici, en Raidt vermeld professor F.A. Poneis in die besonder (Raidt, 1991:i).

In die tagtigerjare het die sosiolinguistiese (kreolistiese) perspektief op die ontstaan van Afrikaans na vore getree, onder leiding van die Nederlandse Germanis Hans Den Besten (Poneis, 1993:71). Hy lewer in 1989 'n referaat genaamd *From Khoekhoe Foreignertalk via Hottentot Dutch to Afrikaans: The creation of a novel grammar*, wat sy perspektief op die kreolisering van Nederlands na Afrikaans aandui, tesame met verskeie ander publikasies wat op dieselfde beginsel gebaseer is.

'n Ander, ook meer onlangse, historiese taalkundige, Conradie, skryf in 1986 die boek *Taalgeskiedenis*, wat die ontstaan van Afrikaans volgens die filologiese skool se perspektief in breë trekke beskryf. Hy rapporteer in 1982 reeds graag dat sy bevindinge korreleer met die Transformasioneel Generatiewe Grammatika (Conradie, 1982:108), en hy ondersoek onder andere aspekte van betekenisverandering (Lubbe, 2002:76), die modale werkwoord in Afrikaans en Nederlands (Conradie, 1976), diachroniese ontwikkeling van die modale hulpwerkwoord (Conradie, 1979), die ontstaan van die Afrikaanse voltooid deelwoord (Conradie, 1981,1982), en preteritumverlies in Afrikaans (Conradie, 1998), om enkele voorbeelde te noem.

Poneis stel dat Afrikaanse historiese leksikologie al vir 150 jaar (in 1993) bestudeer is (Poneis, 1993:71). Hyself ondersoek ook in 'n aantal studies ou tekste om 'n beeld te kry van die sewentiende en agtiende-eeuse taalgebruik (Lubbe, 2002:75-76). Volgens Poneis is die tekste wat hy bestudeer het, wat dan die bronne vir Afrikaanse historiese linguïste is, onder andere die volgende: besoekers se dagboeke, 'n groot versameling VOC-materiaal in formele Nederlands en die gepubliseerde en ongepubliseerde Van Oordt argivale versameling is die belangrikste vroeë Afrikaanse korpus (Poneis, 1993:72). Volgens Poneis dateer die eerste werklik Afrikaanse dokumente vanuit die vroeë negentiende

eeu, en het die Afrikaanse skryftradisie momentum gekry in die tweede helfte van die negentiende eeu (Ponelis, 1993:73).

'n Ander belangrike hedendaagse taalkundige wat Afrikaans diachronies ondersoek, is die Amerikaner Paul T. Roberge. Taalkontak is belangrik vir Roberge, want daar het 'n beduidende hoeveelheid Europeërs, wat nie Nederlands as moedertaal gepraat het nie, in die Kaapkolonie gebly, en kontak met die Khoi-Khoi en slawe was ook van belang (Roberge, 2002:80-81). Die taal van die Europese setlaars gedurende die VOC-era (1652-1795) was ook nie dié van die Nederlandse metropool nie, maar eerder die populêre streekstale van die laer stande (Roberge, 2002:79). Roberge het dus rede om te glo dat Afrikaans historiese bande het met "an inchoate koine that formed in Amsterdam and other urban centres in Holland during the seventeenth century..." (Roberge, 2002:79), in aansluiting by Hesseling. Anders as byvoorbeeld Hesseling wat fokus op die invloed van Maleis-Portugees, en Bosman wat fokus op die invloed van vreemdetaalsprekers se gebrekkige aanleer, neem Roberge verskeie faktore in ag wat tot die ontstaan van Afrikaans bygedra het. Daar is vier faktore wat vir Roberge sentraal staan in die vorming van Afrikaans:

- (i) the emergence of an extra-territorial variety of Dutch in course of the seventeenth and eighteenth centuries, namely acrolectal Cape Dutch; (ii) the existence of a fully developed system in contact with developing systems such that the degree of basilectalisation of colonial speech was far less drastic than in creole communities where there was significant attrition of speakers of the lexifer language; (iii) the development of a stable Cape Dutch pidgin for inter-ethnic communication within the Afro-Asian substratum; (iv) linguistic convergence between the various segments of colonial society, with attendant hybridisation (Roberge, 2002:99).

Ana Deumert het ook onlangs besonder waardevolle korpusgebaseerde studies oor die ontwikkeling van Afrikaans gedoen. Sy het in 2004 'n boek uit haar tesis gepubliseer oor taalstandaardisering en taalverandering in Afrikaans, waar daar besondere nuwe insigte oor die dinamiek van vroeë moderne Afrikaans onthul is. Sy fokus sterk op sosiolinguistiese aspekte van taalverandering, wat gemoeid is met die patroonmatigheid van verandering. Een van die belangrikste eienskappe van Afrikaans van 1880-1920 wat uit haar werk na vore kom, is die vlak van veranderlikheid wat steeds deurgaans voorkom, en die variasie wat steeds spore van Nederlands in Afrikaanse skryfwerk toon.

Die Afrikaanse diachroniese taalkunde is dus ingelei deur Hesseling, wat gemoeid was met die ontstaan van Afrikaans, en 'n tradisie van ondersoek daargestel het was eers werklik verbreek is met Scholtz se fyn ondersoeke na argivale data, wat die filologiese tradisie ingelei het. Daarna het Den Besten die kreo-liestiese perspektief laat herleef, wat moontlike vreemdetaalinvloede op die ontstaan van Afrikaans ondersoek, hoewel met 'n sosiolinguistiese inslag, anders as byvoorbeeld Hesseling. Roberge en Deumert het dan begin om aan latere variasie aandag te gee, en uit te wys dat Afrikaans nie so vroeg reeds finaal gevorm is as wat die filologiese skool aangeneem het nie. Deumert doen 'n korpusgebaseerde studie, wat die grondslag gelê het vir hierdie studie, en waarop hierdie studie voortbou.

## 2.2.2 TENDENSE IN DIE DIACHRONIESE TAALKUNDE VAN AFRIKAANS

### 2.2.2.1 *Vroeë datering en diglossie*

Labuschagne (1953:47) skryf oor Nienaber se eksterne geskiedenis van Afrikaans, dat dit 'n versamelbron skep van die feite, gegewens, interpretasies, getuienisse en bronne oor die onderwerp. In hierdie deeglike studie van Nienaber, verdeel hy die ontwikkeling van Afrikaans in vier periodes. Labuschagne (1953:47) dui aan: "Hierdie indeling of afbakening is nie bloot willekeurig nie, maar word bepaal deur sekere faktore, verwickelinge, verhoudinge, gebeurtenisse en verskuiwing van vorminge en beïnvloedingsmagte...". Die indeling is soos volg: "(1) die periode van Jan van Riebeeck se tienjarige kommandeurskap, (2) dié tot aan die vertrek van W.A. van der Stel, (3) dié tot die middel van die agttiende eeu en (4) die tweede helfte van die agttiende eeu" (Labuschagne, 1953:47). Reeds hier word daar geen aandag selfs aan die negentiende eeu geskenk nie, en dit wys op 'n sterk tendens in die historiese studies van Afrikaans wat eers onlangs deeglik bevraagteken en grondig gekritiseer is.

'n Vroeë bron, Brill (1910), stel reeds implisiet dat Afrikaans reeds teen die Groot Trek grootliks gevorm is:

En zo is het dat het Afrikaans, dat sinds de Grote Trek zich over geheel Zuid Afrika uitgebreid heeft en van de Kaapstad tot de Zambesi gehoord wordt, een zuivere tak van die Hollandse stam is gebleven, en geenzins het barbaars patois, waarvoor onwetenden het uit willen maken (Brill, 1910:389).

Brill verwys egter na geen spesifieke data of verskynsels in hierdie artikel nie, en terwyl hy terloops na die werk van Hesseling en P.J. du Toit verwys, is dit om hulle sienings met algemene kritiek en die weerlegging van een ander skrywer te veroordeel. Dit is dus nie duidelik waarop hy sy uitsprake oor die datering van Afrikaans baseer nie. Hierdie vroeë datering van die finale vorming van Afrikaans het egter 'n sterk tradisie in die diachronie van Afrikaans gevorm. Die sterkste argument waarop dit gebaseer is, is die aanname dat skrywers altyd so korrekte Nederlands as wat hulle by magte was geskrywe het, en dat enige Afrikaanse afwykings in die skryftaal dui op verskynsels wat eintlik al in die spreektaal gevestig is.

Scholtz, wat sy studie baseer op "'n versameling, klassifikasie en interpretasie van alle relevante materiaal uit Kaaps-getinte en Afrikaanse bronne tot omstreeks 1850" (Scholtz, 1958:61), skryf byvoorbeeld dat daar met die uitsondering van die spotlied van 1795, geen geskrif van voor 1825 vir ons beskikbaar is wat doelbewus in "Kaaps- of Afrikaans-Hollands van die koloniste of Kompanjiesamptenare" geskryf is nie (Scholtz, 1958:61). Hy voeg dan by dat skrywers in alle geval hulle taal so na as moontlik aan korrekte Nederlands gehou het as wat hulle by magte was – "met meerdere of mindere sukses" (Scholtz, 1958:61). Ook Raidt voeg telkens hiertoe by. Sy noem dat elke teks met 'n Kaaps-Nederlandse inslag uiters versigtig beoordeel moet word, "want die taalgebruik kan misleidend wees ... Almal wou korrekte en deftige Nederlands skrywe, daarom het hulle vorme en konstruksies wat as onbeskaaf of te ge-

meensaam beskou is, in die geskrewe taal vermy" (Raidt, 1991:116). Sy noem later weer dat skrywers se bedoeling altyd was om Nederlands so goed te skryf as wat hulle kon (Raidt, 1991:135). Oor die dagboek van Louis Tregardt, sê sy eksplisiet dat sy bedoeling beslis was om Nederlands te skrywe (Raidt, 1991:149).

Op grond van hierdie aanname, stel Scholtz dat ons wel mag aanneem dat wanneer ons in 'n bepaalde tydperk 'n aansienlike aantal Afrikaanse en ook heelwat hiperkorrekte vorme in verskeie geskryfte aantref, die spesifieke verskynsel dan al sy beslag in die spreektaal sou gekry het (Scholtz, 1958:62). Die omvangryke gevolg is dat wanneer daar enige variasie in vorm in die skryftaal aangetref is, dit nie as deel van die ware taalvorm van die tyd gesien is nie, maar afgemaak is as 'n fiksie wat veroorsaak is deur skrywers se pogings tot Nederlands. Raidt sluit hierby aan:

In die argief in Kaapstad het 'n groot verskeidenheid Nederlandse tekste met 'n Kaapse inslag bewaar gebly. Hulle is meestal deur koloniste geskryf en waar die taal van Europese Nederlands afwyk, verrai dit dikwels vorme uit die spreektaal. Hier het ons die belangrikste bron vir ons kennis van die wording van Afrikaans (Raidt, 1991:131).

Vir haar is dus van groot belang enige plaaslike geskrewe Nederlandse tekste met hier en daar 'n Kaapse ontsparing, of toevallige voorbeelde van die Kaapse spreektaal soos dit soms in kriminele prosesstukke en getuieverslae voorkom (Raidt, 1991:115). In hierdie tradisie speel diglossie dus 'n belangrike rol, die "groot verskille tussen die omgangstaal, wat dialekties geskakeerd was, en die offisiële spreek- en skryftaal" (Raidt, 1991:231).

Op grond hiervan word dan beweer dat Afrikaans in wese reeds teen die einde van die agtiende eeu gevorm is. Bosman stel in 1924 dat ons nie oor die negentiende eeu hoef te bekommer nie, want die een punt waarop Afrikaanse taalgeleerdes saamstem, is "dat Afrikaans al voor die Groot Trek sy beslag gehad het" (Bosman, 1924a:12). Dit is interessant om op te merk dat Bosman dit oor Afrikaans sê so kort na die einde van die negentiende eeu, terwyl die standaardiseringsproses nog maar enkele jare aan die gang is, en 'n eenvormige, algemeen-aanvaarde taal nog nie 'n konstante was nie. Raidt stel egter ook die "wording van Afrikaans" in die agtiende eeu (Raidt, 1991:i), en sê dat die belangrikste struktuurlyne van Afrikaans teen die einde van die agtiende eeu "onmiskienbaar aanwesig was" (Raidt, 1991:145). Sy stel met sterk oortuiging:

[O]ns weet ten minste soveel dat ons met sekerheid kan konstateer: Afrikaans het al aan die einde van die 18de eeu 'n vorm gehad wat baie na gestaan het aan die taal wat ons vandag praat. Ons weet ook dat Afrikaans uit die 17de-eeuse Nederlands ontwikkel het; presieser gesê, dat die Europese Nederlands met baie skakerings wat dit in die 17de eeu gehad het, aan die Kaap al hoe meer "Kaaps" geword het sodat daar naderhand van "Kaaps-Hollands" in teenstelling met "Europese Hollands" (d.w.s. Nederlands) gepraat is (Raidt, 1991:171).

Dit bly egter moeilik om die vroegste stadium van die (beweerde) wordingsgeskiedenis van Afrikaans – die geleidelike oorgang van sewentiende-eeuse Nederlands in Afrikaans – te bestudeer omdat

"Afrikaanse" tekste uit die betrokke tyd ontbreek (Raidt, 1991:115). "Tot diep in die 19de eeu was Nederlands die skryftaal aan die Kaap, al was Afrikaans toe reeds die omgangstaal van die Kapenaars" (Raidt, 1991:115). Tot Raidt se verdediging het sy wel daarop gewys dat nie alle afwykings van korrekte Nederlands noodwendig 'n aanduiding van Kaapse spreektaalvorme is nie (Raidt, 1991:124).

Die bronne wat Raidt dan aanbeveel om die leemtes in die vroeë geskiedenis van Afrikaans in te vul, is byvoorbeeld Kaapse plek-, plant- of diername in die werke van Franse, Duitse, Sweedse of ander Europese botanici en wetenskaplikes; ook noem sy verskeie dagregisters van ekspedisies van die sewentiende en agtiende eeu in opdrag van die goewerneurs om die binneland te verken; verder ook 'n paar terloopse opmerkings van reisigers, besoekers en Kapenaars self oor die taal aan die Kaap (Raidt, 1991:115). Hierdie bronne, tesame met alle ander bronne wat gebruik word, moet egter versigtig ontleed word, en hulle aard en waarde moet bestudeer en hulle bewyskrag getoets word (Raidt, 1991:116).

Daar het egter sterk teenstand teen hierdie oorgelewerde siening van diglossie ontstaan. Deumert skryf:

To assume that influences from metropolitan standard Dutch were random, and to discount the variation patterns in the written record as a writer's unsuccessful attempt to conform to the norms of Dutch, has been the position of traditional Afrikaans historical linguistics (Deumert, 2004:248).

Sy sê dat Scholtz en Raidt voortgaande linguistiese variasie in die historiese rekord na 1800 as 'n "scribal artefact" geïnterpreteer het (Deumert, 2004:19). Sy beskryf verder dat daar geglo is dat skrywers doelbewus die gebruik van variante van die Lae variëteit vermy het, en lukraak standardeienskappe in hulle taal ingevoer het in formele situasies, wat gelei het tot variasiepatrone in die geskrewe taal wat nie deel gevorm het van die spreektaal nie (Deumert, 2004:19). Hierdie paradigmatische aanname van die omvangryke verskil tussen die geskrewe en gesproke taal is eerste deur Roberge bevraagteken (Deumert, 2004:19). Die konvensionele aanname dat skrywers in staat daartoe was (of selfs gewillig was) om hulle gesproke taalvorme met die korrekte metropolitaanse vorme in die geskrewe taal te vervang, is moeilik om vol te hou in die lig van 'n sosiohistoriese werklikheid wat gekenmerk word deur skrapse blootstelling aan geskrewe taalnorme, minimale skoolopleiding en 'n opkomende koloniale identiteit (Deumert, 2004:19).

Daar is vroeër verwys na Raidt se stelling dat Louis Tregardt se dagboek wys hoe hy gepoog het om Nederlandse norme in sy skrywe te inkorporeer. Roberge (1994) tref egter 'n gedetailleerde vergelyking tussen Louis Tregardt se dagboek (1836-1838) en twee amptelike briewe wat hy in 1823 en 1827 geskryf het. Hierdeur het hy bevind dat die geskrewe taal nie 'n arbitrêre vermenging van Hoë en Lae vorme was nie; hy vermoed dat individue eerder verskillende style of variëteite van (geskrewe en gesproke) Kaaps-Nederlands gebruik het, afhangende van die sosiolinguistiese dimensies soos die doel van die teks, die formaliteit en die ontvanger (Deumert, 2004:20). Oor Tregardt se briewe skryf Roberge (1994:159): "Though hardly flawless when judged by the standards of metropolitan Dutch, the document is written in passable Dutch when measured against the diary". As Tregardt dan nie gepoog het om

"korrekte" Nederlands te skryf in 'n dokument vir sy persoonlike gebruik nie, moet die taal van sy dagboek nader wees aan sy spreektaal as wat voorheen geglo is (Roberge, 1994:159). Dit het verreikende implikasies:

We can no longer assume automatically that Cape Dutch features in the diary find their motivation in vernacular interference and that their absence is due to the conservative influence of Dutch orthography and norms. More precisely, his verbal repertoire contained both Dutch prestige norms and Africanderisms (Roberge, 1994:159).

Hiermee word die aanname van diglossie en die vroeë datering van die finale vorming van Afrikaans dan verwerp.

Roberge wys dan ook, ten slotte, dat variasie vir nog ten minste 'n eeu lank voortgeduur het ná die tradisionele skatting van die stabilisering van Afrikaans, en dat daar 'n redelik stabiele linguïstiese kontinuum bestaan het tot die eeuwisseling na die twintigste eeu (Roberge, 2002:83). Die laaste deel van hierdie kontinuum, en hoe dit finaal afskeid geneem het van Nederlands, is juis wat in hierdie studie in verdere diepte ondersoek word.

Daar het dus in Afrikaanse diachroniese taalkunde 'n tradisie bestaan wat die vorming van Afrikaans vroeg gedateer het, op grond van die aanname dat daar diglossie bestaan het, en enige Kaaps-gekleurde of Afrikaanse vorme wat enigsins in die skryftaal voorgekom het, reeds in die spreektaal gevestig was. Aanhangers van hierdie paradigma sluit onder andere Scholtz en Raidt in. Daar het egter 'n nuwe denkstroming ontstaan, wat verteenwoordig word deur onder andere Roberge en Deumert. Hulle kritiseer die aanname van diglossie, op grond van sosiohistoriese gegewens, en linguïstiese gegewens, soos Tregardt se briewe wat in gangbare Nederlands geskryf is. Daar word dan aangetoon dat daar heelwat later heelwat meer variasie bestaan het as wat oorspronklik aangeneem is, wat dan in hierdie studie verder ondersoek word.

#### **2.2.2.2 *Uit vele of uit een?***

Daar is al dikwels gespekuleer, en ook ernstig van mening verskil, oor of Afrikaans ontstaan het hoofsaaklik uit of as gevolg van ander tale as Nederlands, en of dit maar 'n marginale rol gespeel het. Die tipe invloed van vreemde tale en vreemdetaalsprekers is ook ondersoek en bevraagteken.

Die vroegste kreoolperspektief op die ontstaan van Afrikaans word gevind in die werk van Hesseling. Die sosiolinguïstiese (kreool-) perspektief het egter eers tot sy reg gekom in die tagtigerjare, veral in die werk van Hans den Besten, wat beweer het dat Afrikaans sterk, selfs beslissend, deur Khoi beïnvloed is (Ponelis, 1993:71). Raidt staan dit egter teen, en stel dat dit duidelik gewys kan word uit bronmateriaal dat Afrikaans sy Germaanse struktuur behou het, hoewel vreemde sprekers en vreemde tale tog 'n veelvuldige invloed uitgeoefen het (Raidt, 1991:235). Raidt steun egter op die fiksie van die skryftaal en die

aanname dat skrywers doelbewus nie-Nederlandse vorme vermy het, wat tot gevolg het dat haar interpretasie van die data noodwendig 'n kreolistiese perspektief uitsluit. Daar is bowendien byna geen argivale materiaal van Khoi- of slawesprekers uit die tyd nie, wat die taalargiefdata verder 'n eensydige beeld laat skep van die taalvariante wat die verste weg van die kreool was.

Roberge herformuleer Den Besten se kreool-hipotese met enkele aanpassings in sy hoofstuk oor die oorsprong van Afrikaans in *Language in South Africa* (2002).

Aan die ander kant glo HJJM van der Merwe dat Afrikaans spontaan uit sewentiende-eeuse Nederlands ontwikkel het, en hy wys in 1971 hoe diftongering al by Van Riebeeck voltrek is, soos hy aflei uit die Kaapse (en nie die Haagse) afskrif van die *Daghregister* (Lubbe, 2002:75). Oor dieselfde onderwerp het Brill lank tevore geskryf:

De populaire beschouwing namelijk is dat het Afrikaans zeer ver verwijderd is van zuiverheid van taal, en veeleer een barbaars mengsel vertoont van Hollands, Frans, Duits, Engels, Maleis en Hottentots. Ik zal trachten te bewijzen dat die populaire beschouwing, die door zeer veel Afrikaners gedeeld wordt, onjuist moet worden genoemd (Brill, 1910:385).

Tog het M.C.J. Van Rensburg aangetoon dat die studie van die huidige variëteite van Afrikaans ook van waardevolle nut kan wees vir diachroniese studies, en 'n belangrike bydrae kan maak tot die vraagstuk van die ontstaan van Afrikaans (Lubbe, 2002:75). Achmat Davids het dan ook in 1987 (*The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community*) en 1990 (*Words the Cape Slaves made: A socio-historical study*) die bydrae van die Kaapse Moslems tot die ontwikkeling van Afrikaans ondersoek, 'n onderwerp waarna daar net terloops verwys is voor dit (Lubbe, 2002:76). Hy het intussen ook daarop uitgebrei in sy werk *The Afrikaans of the Cape Muslims* (2011) wat uit sy 1991-verhandeling gepubliseer is, waar hy nader ondersoek instel na die Afrikaans wat Kaapse Moslems gepraat het tussen 1815 en 1915.

Hierdie studie poog egter nie om meer lig op hierdie spesifieke kwessie te werp nie, maar fokus op veranderlikheid en onstabieliteit in taalgebruik tydens die aanvang van die standaardiseringsproses in die vroeë twintigste eeu, en hoe die laaste spore van Nederlands tussen variante uitgewerk is om oor te hou wat vandag as Afrikaans getipeer kan word.

### 2.2.3 SAMEVATTING

Hierdie studie fokus op die veranderlikheid en onstabieliteit in die gebruik van werkwoorde tydens die aanvang van die standaardiseringsproses in die vroeë twintigste eeu, en hoe die laaste spore van Nederlands tussen variante uitgewerk is om oor te hou wat vandag steeds in moderne Afrikaans gebruik word. Die vraagstuk oor die taal of dialekte waaruit Afrikaans ontstaan het, en watter ander faktore daartoe bygedra het, is dus van minder belang vir hierdie studie. Die kwessie oor die vroeë datering van die

stabilisering van Afrikaans, en die aanname van diglossie, is egter besonder relevant vir hierdie studie. Die tydperk waarvan die taalgebruik in hierdie studie ondersoek word, is veel later as wat oorspronklik aangeneem is Afrikaans nog substansiële variasie getoon het. Daar word voortgebou op Roberge se kritiek op die vroeë datering, en Deumert se aantoon van variasie tot in die twintigste eeu, om sodoende iets te wys van die omvang van variasie wat steeds algemeen was in die taalgebruik.

## 2.3 VERSKYNSELS

### 2.3.1 WERKWOORDE

J. du P. Scholtz het in 1958 'n artikel gepubliseer oor die ontstaan van die werkwoordelike vormstelsel van Afrikaans. Volgens Scholtz (1958:62) verskil die stelsel van werkwoordelike vorme van die (toe) huidige Algemeen Beschaafd Nederlands net op ondergeskikte punte van die sewentiende- en agtiende-eeuse Nederlands waaruit Afrikaans ontstaan het. Hy vergelyk dus die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel met dié van die huidige ABN, sonder om die klein verskille tussen die huidige ABN en sewentiende- en agtiende-eeuse Nederlands uit die oog te verloor.

Volgens Scholtz (1958:62) is daar dan, afgesien van enkele uitsonderings, net twee morfologiese kategorieë in die werkwoordelike sisteem van Afrikaans, naamlik vorme met ge- en dieselfde vorme daarsonder. Die vorme met ge- is dan die voltooid deelwoord (Scholtz, 1958:62). Daarteenoor het Nederlands verskeie werkwoordsvorme (Scholtz, 1958:62). Dit bly vir hom egter 'n onbegonne taak om te bepaal van watter Nederlandse vorme Afrikaanse werkwoorde ontstaan het (Scholtz, 1958:63).

Die Afrikaanse werkwoordsisteem is nie 'n onomwonde voorbeeld van verlies van infleksie nie (Deumert, 2004:140). Die feit dat sommige werkwoorde Nederlandse stamme is, ander infinitiewe, of derdepersoon enkelvoudsvorme, is al geïnterpreteer as 'n gevolg van die heranalise van morfeemgrense deur nie-moedertaalsprekers wat werkwoordsvorme as ongeanaliseerde eenhede aangeleer het (Deumert, 2004:140). Raidt glo die ontstaan van die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel moet as die resultaat van 'n ontwikkelingsproses beskou word wat oor minstens tweehonderd jaar strek (Raidt, 1991:216). Volgens haar begin dit reeds in die laaste kwart van die sewentiende eeu, en bereik dit afronding teen 1850 (Raidt, 1991:216). Sy verwys nie na enige voortgesette verandering daarna nie.

Die stamvorm van Afrikaanse werkwoorde kom dikwels in vorm ooreen met die stam van die Nederlandse werkwoord (Scholtz, 1958:63). Die stamvorm van Afrikaanse woorde is in die meeste gevalle die stam van die Nederlandse vorm, en in sommige gevalle die teenwoordigetyd enkelvoudsvorm of die meervoud-/infinitiefvorm (Deumert, 2004:138-139; Ponelis, 1993:385). In vergelyking met Nederlands word die werkwoordsisteem van Afrikaans egter gekenmerk deur 'n drastiese vermindering in die aantal vorme (Conradie, 2010:69; Deumert, 2004:138; Hesseling, 1923:122; Raidt, 1991:216). In Afrikaans is die morfologiese onderskeid tussen infinitiefvorme, persoonsvorme en getalsvorme weg-

gelaat, die preteritum het in onbruik geraak, en die morfologiese struktuur van die voltooide deelwoord het grootliks vereenvoudig (Scholtz, 1958:63). Daar bestaan nog oorblyfsels van die ou infleksiesisteen in moderne Afrikaans, maar dit is skaars en dit is geregulariseerde vorme wat in die gesproke taal gebruik word (Deumert, 2004:139; sien ook Ponelis, 1993:391).

Nederlands het 'n minimale rol gespeel in die mikro-seleksie van werkwoordelike basisvorme, maar wel 'n leksikale bydrae gelewer in deelwoordelike adjektiewe en abstrakte naamwoorde wat onontbeerlik is vir die gebruik van 'n standaardtaal in 'n formele situasie (Conradie, 2010:69). Sommige werkwoordelike vorme en kategorieë het ondanks teenkating van alle Nederlandse invloed onttrek, en normeerders het in die mikro-seleksie van werkwoordelike variasievorme dikwels doelbewus van Nederlands afgewyk (Conradie, 2010:69).

Daar is vier basiese veranderinge in die werkwoordsisteen vanaf Nederlands na Afrikaans, wat Conradie in sy hoofstuk oor die standaardisering van die werkwoord in Afrikaans onder oë neem:

- a) die verdwyning van persoons- en getalskongruensie;
- b) die verdwyning van die onderskeid tussen persoonsvorm en infinitief;
- c) die verdwyning van die imperfektum of onvoltooide verlede tyd; en
- d) die regularisering van die voltooide deelwoord

(Conradie, 2010:70-71; dieselfde veranderinge word aangedui deur Raidt, 1991:216).

Vervolgens word daar ondersoek ingestel na watter navorsing reeds in die verlede gedoen is oor die spesifieke verskynsels wat in hierdie studie ondersoek gaan word, en dan veral wat reeds geskryf is oor die stand van sake in die vroeg twintigste eeu, en in terme van die standaardisering van die Afrikaanse werkwoordsisteen.

### 2.3.2 WERKWOORDSTAMVORME

Dit is reeds vasgestel dat die stamme van Afrikaanse werkwoorde van verskillende Nederlandse persoons- en getalsvorme afkomstig kan wees (Conradie, 2010:72). Die vaslegging van die werkwoordstamme geskied egter deur die geleidelike uitskakeling van variasievorme (Conradie, 2010:72). Vorme word dus soms enersyds eksplisiet gebaseer op Nederlands, en andersyds word daar meer erkenning gegee aan vorme uit die spreektaal wat sterk van Nederlands afwyk (Conradie, 2010:72). Die spesifieke variasie in werkwoordstamvorme wat in hierdie studie ter sprake is, is die slotkonsonant in sekere woorde, en die stamvokaal van ander.

### 2.3.2.1 **Slotkonsonant**

#### 2.3.2.1.1 **t/n-Slotkonsonant**

Hierdie verskynsel is 'n variasie in die slotkonsonant van die groepie woorde *gaan/gaat, doen/doet, slaan/slaat, staan/staat* en *sien/ziet*. In Nederlands is die stamvorme van die woorde byvoorbeeld *doe* en *sta*, die enkelvoudsvorme van die tweede of derde persoon *doet* en *staat*, en die meervoudsvorm of infinitief *doen* en *staan*. Vroeg in die twintigste eeu was beide die Nederlandse enkelvoudsvorm van die tweede of derde persoon (-*t*) sowel as die meervouds-/infinitiefvorm (-*n*) vir hierdie stel woorde gebruik, maar mettertyd het die infinitiefvorm meer gebruiklik geword en uiteindelik die enigste aanvaarde standaardvorm geword.

Om die ontstaan van die Afrikaanse werkwoordelike sisteem uit Nederlands te beskryf, verdeel Scholtz (1958:64-66) die werkwoorde in vyf kategorieë om die verskillende soorte veranderinge te beskryf. Een van sy kategorieë word afgestaan aan die werkwoorde "doen, gaan, slaan, staan, zien" (Scholtz, 1958:66), waar daar in een paragraaf beskryf word hoe hierdie woorde nie die Nederlandse stamvorm nagevolg het nie, en hoe sekere vorme met -*t* nog onder sekere omstandighede in die Afrikaans van die tyd voorkom (veral *gaat* en *staat*, as finiete vorme) (Scholtz, 1958:66). Hy kom later terug na die verskynsel, om aan te toon dat die stamvorm teen 1750 glad nie meer aan die Kaap gebruik is nie (Scholtz, 1958:74). Die -*t*-vorm is verder die enigste vorm wat voorkom van 1750 tot 1831, met enkele uitsonderings (Scholtz, 1958:74).

In Ponelis se beskrywing van die verlies van werkwoordvervoeging in die ontwikkeling van Afrikaans, noem hy die klein stel werkwoorde wat 'n meervouds-/infinitief-uitgang het, waaronder die -*n*-groep dan val (Ponelis, 1993:388). Hy het wel die variasie met die enkelvoudsvorm aangeteken, en noem dat die -*t*-vorme "occur only or mainly as pivot verbs [die tweede sinsdeel 'n stelsin, JK] and not as past participles or in combination with modals or linking verbs etc." (Ponelis, 1993:391). Hy gee dan voorbeelde waar *gaat* nie in die sinsfinale posisie sou verskyn nie, terwyl dit algemeen midde-in 'n sin gebruik is:

Daar gaat ons perde.  
Dit gaat in.  
\*Ons perde sal gaat.  
Ons perde sal gaan.  
(Ponelis, 1993:391-392).

In Deumert se studie toon sy aan dat die keuse vir -*n*- of -*t*-vorme in die betrokke korpus ook nog nie gestabiliseer het nie, terwyl stamvorme byna afwesig was in die meervoudsvorm of tweede/derde persoon enkelvoud (Deumert, 2004:144). Sy stel:

In the corpus, the new verbal paradigm is not yet fully crystallized for the set *gaan, slaan, doen, staan* and *zien*... Variation between inflectional -*n* and -*t* is common, and forms ending in -*t* (e.g. *gaat*) were

frequently generalized to the first person singular and the first/second and third person plural. Stem forms (e.g. *ga*), on the other hand, occurred rarely in the plural or the second/third person singular... Variation between *-n* and *-t* has been reported for non-standard Dutch and is still attested in Afrikaans for older speakers. (Deumert, 2004:144-145.)

Die voorbeelde wat Deumert wys, is *ziet/zie/zien* en *gaat/ga/gaan* (Deumert, 2004:145). Sy beskryf verder die hoeveelheid wat die teenwoordigetydsparadigma steeds in haar korpus voorkom (Deumert, 2004:145) en kom uiteindelik tot die gevolgtrekking dat selfs so laat as 1900 daar steeds 'n tussensisteem waargeneem kan word wat iewers op 'n kontinuum tussen metropolitaanse Nederlands en moderne Afrikaans geplaas kan word (Deumert, 2004:146). Hierdie studie ondersoek tot watter mate die *-t*-vorm nog enigsins na 1916 gebruik is in kontekste waar hedendaagse Afrikaans slegs *-n*-vorme gebruik.

#### 2.3.2.1.2 **g-Slotkonsonant**

In die tydperk ter sprake vir hierdie studie is daar 'n groep werkwoorde wat soms eindig met *-g*, en soms daarsonder, net met die vokaal wat dit voorafgaan. Voorbeelde hiervan is *lê/leg*, *sê/seg*, *dra/draag*, *vra/vraag*. In Nederlands is daar verskillende vervoegings vir hierdie werkwoorde, byvoorbeeld *vraag* (stam), *vragen* (meervoud/infinitief) en *vraagt* (tweede persoon enkelvoud), of *zeg* (stam), *zeggen* (meervoud/infinitief) en *zegt* (tweede persoon enkelvoud). Die *-g*-vorm stem dus ooreen met die stamvorm van die woorde in Nederlands, maar het mettertyd selfs die stamvorm se slotkonsonant verloor in die moderne vorm. Die slot-*g* het dus met verloop van tyd heeltemal weggeval, maar aan die begin van die twintigste eeu het variasie tog nog voorgekom (Botha & Burger, 1921:117; De Waal, 1910:46,71; Jansen, 1920?:25; Malherbe, 1917:55).

In Scholtz se artikel word 'n subkategorie aan werkwoorde wat op *-g* uitgaan, gewy (Scholtz, 1958:65). Daar word verskeie voorbeelde gegee, en in 'n paragraaf beskryf onder watter omstandighede sekere vorme sal voorkom (Scholtz, 1958:65). Hierdie vorme waarop gefokus word, kom egter net gedeeltelik ooreen met die vorme wat in hierdie studie ondersoek word, by name *leg* en *seg*, wat klaarblyklik ten tyde van die skrywe van Scholtz se artikel nog sporadies in Afrikaans voorkom (Scholtz, 1958:65). Ponelis (1993:418) merk verder op dat infinitiewe met sinkopee van *g* (en *v*) skaars is in die tekste wat hy ondersoek het in *The Development of Afrikaans*, en eers in die agtiende eeu na vore kom. Dit word egter nie sistematies ondersoek nie. Hierdie studie gaan die gebruik van die *-g*-vorme teenoor die *-g*-lose variante van 1916 tot 1922 sistematies na.

#### 2.3.2.2 **Stamvokaal**

In die literatuur word daar besonder min aandag aan die stamvokaalkwessie gegee, waar verskillende stamvokale vir dieselfde woord gebruik kon word, sonder 'n beduidende betekenisverskil, byvoorbeeld *bring* en *brengr*. Conradie verwys in sy hoofstuk oor die standaardisering van die werkwoordsisteem van

Afrikaans daarna in terme van sekere keuses wat gemaak moes word tussen vorme wat naas mekaar bestaan het, en geen betekenisverskil aangedui het nie (Conradie, 2010:73). Hy toon dat die AWS se opeenvolgende uitgawes met baie van die kwessies gehelp het, hoewel daar nie 'n naspeuring van die spesifieke verskynsels se verdwyning al dan nie, is nie (Conradie, 2010:73). In haar proefskrif dokumenteer Uys (1983) ook 'n aantal vokaalvariante wat voorgekom het in vroeë moderne Afrikaans, byvoorbeeld ding(en)/deng/ding (187), genoeg/genog/genoeg (190), denken/ dunk/dink (192), mens/minse/mense (194), wen/win/wen (195), maar daar word op spesifieke voorbeelde gefokus en die verskynsel word nie sistematies beskryf nie (Uys, 1983:187-209). Hierdie studie gaan dan die groep woorde wat variasie in stamvokaal toon, as 'n geheel hanteer en die verandering van 1916 tot 1922 sistematies beskryf.

### 2.3.3 GRAMMATIKALE VERLEDETYDSVORM

Belangrike eienskappe van moderne Afrikaanse verledetydsvorme teenoor Nederlands is:

- die afsterwe van die imperfektum, byvoorbeeld
  - "Israels huizen *werden* tot de vreemden gewend, en de berg Zion *werd* in puin *gelegd*.";
- die oorheersing van die perfektum, byvoorbeeld
  - "En dié Europese volke wat die Evangelie *aangeneem het, het* die leiding op die wêreldtoneel in hande *gekry*."
- asook ongemarkeerde vorme, byvoorbeeld
  - "Die wat op die perde sit, het vurige, hemelsblouwe en swawel-verwige borswapens.";
- intra- en intersinsvariasie tussen preterita en ongemarkeerde vorme, soos in die sin
  - "In ons voorlaaste nommer *het* ons gesien, dat bij die jongste sinode van ons susterkerk in Amerika 'n rapport ingedien *werd*, wat ten doel *had* om te bewijs dat die kerkelike tug kon voortgesit word, ook nadat 'n lidmaat sij kerk bedank *het*."; en
- die voortdurende grammatikalisering van *toe* as 'n tydsaanduiding, byvoorbeeld
  - "*Toe* het die Here die diere en die mens geskape."

(Ponelis, 1993:432).

Die verskynsels wat hier van belang is, is die verlies van gebruik van die preteritum, die woordvorme in verledetydskonstruksies, en die hulpwerkwoorde wat in perfekta gebruik is. Eerste aan die beurt is die verlies van die preteritum, 'n onderwerp wat al breedvoerig bespreek is in die literatuur.

#### 2.3.3.1 *Preteritum*

Afrikaans het die gebruik van die preteritum en die plusquamperfektum verloor, en slegs die perfektum as gemarkeerde verledetydsvorm behou (Deumert, 2004:157; Raidt, 1991:218). Daar is enkele oorblyfsels van die preteritumvorm in Afrikaans, waarvan die meeste hulpwerkwoorde is (*kan/kon, mag/mog,*

*moet/moes, sal/sou, wil/wou, wees/was, het/had*) (Deumert, 2004:157), en *dink/dag/dog* en *weet/wis*, volgens Raidt (1991:218). Reeds in die *Corpus of Cape Dutch Correspondence* van Deumert is daar voorkeur gegee aan die perfektum; daar is 'n ratio van ongeveer 3:1 ten gunste van die perfektum (Deumert, 2004:159). Van die onderskeiding in sterk en swak verlede deelwoorde as werkwoorde het ook niks oorgebly in Afrikaans nie (Raidt, 1991:218), en dit word slegs behou in die gebruik van deelwoorde as adjektiewe.

Ponelis het die verlies van die preteritum in Afrikaans al beskryf as hoofsaaklik die gevolg van kontak-gemotiveerde herstrukturering (Deumert, 2004:158). Volgens Deumert (2004:158): "Lass ... has argued that loss of the grammaticalized past/perfect distinction in Afrikaans 'is actually part of a recurrent of cyclical process in Germanic'...".

In Conradie se artikel oor preteritumverlies in Afrikaans, noem hy ook dat nuwe kontak-situasies 'n rol daarin kan speel (Conradie, 1998:7). In teenstelling is [θ]- en [t]-apokopee nie van belang in hierdie kwessie nie (Conradie, 1998:7). Verder mag prosesse van preteritumverlies in Afrikaans verband hou met sekere prosesse in kreolisering (Conradie, 1998:7). Die artikel poog dan om te toon wat *uniek* is aan Afrikaanse preteritumverlies (Conradie, 1998:8). Die hoofrede vir preteritumverlies in Afrikaans, volgens Conradie en verskeie ander, is die voorkeur vir die perfektum (Conradie, 1998:8). Dit is aangehelp deur die "verreikende vormvereenvoudiging van die PERF in die geskiedenis van Afrikaans, en 'n aanwysbare voorkeur vir gebruikskenmerke van die PERF" (Conradie, 1998:8). Daar is 'n duidelike korrelasie tussen preteritumverlies en regularisering van die voltooide deelwoord (Conradie, 1998:8). Volgens Conradie (1998:10) se tydlyn het die grootste preteritumverlies aan die begin van die negentiende eeu gebeur. Conradie gee baie aandag aan tweedetaalsprekers se uitlatings en geskrifte in die gegewe tyd, en neem waar dat

die wesenstrekke van Standaardafrikaans se stelsel van verwysing na die verlede grotendeels teruggevoer kan word tot kenmerke van T2-sprekers se taalgebruik, of wat as sodanig deur T1-sprekers voorgestel word (Conradie, 1998:15).

Volgens Conradie kan apokopee en kreolisering as oorsake vir preteritumverlies uitgeskakel word, en na aanleiding van sy bevindings gefokus word op die rol van die perfektum as mededinger van die preteritum, en onvolledige taalverwerwing van vreemdetaalsprekers, as oorsake vir preteritumverlies in Afrikaans (Conradie, 1998:17). Conradie se beskrywing handel egter oor die proses van die laat sewentiende eeu tot laat negentiende eeu, en volg nie die standaardisering van preteritumvorme in Afrikaans na nie.

In Scholtz se beskrywing van die verdringing van preteritumvorme gee hy baie aandag aan die gebruik van modale hulpwerkwoorde wat in die presensvorm voorkom in plaas van die preteritum. Wat uit sy bronne van besondere belang is, is die voorkeur vir die presensvorme waar preterita nog moontlik was (Scholtz, 1958:90). Daar word egter nie spesifiek gefokus op die verlies van sekere preteritumvorme, of

die gebruik daarvan nie. Ponelis (1993:449) wys ook iets van die gebruik van preteritumvorme, maar slegs van 1712 tot 1813.

In Fouché se hoofstuk oor die gebruik van die preteritum in vroeë Afrikaanse Bybelvertalings, is dit duidelik dat die gebruik van die preteritum in Afrikaans drasties afgeneem het teenoor Nederlands (Fouché, 1994:34). Volgens Fouché (1994:34) gebruik Afrikaanse Bybelvertalings meestal die presensvorm waar die Statevertaling die preteritum gebruik, hoewel die perfektum ook soms verkies word (Fouché, 1994:35). Hoewel die preteritum dus voorkom, is dit besonder skaars, en is die vorme daarvan besonder beperk. Volgens Deumert (2004:159-160) is die verlies van die preteritum in Afrikaans reeds ver gevorderd teen die begin van die twintigste eeu, en was dit steeds 'n hoogs kontroversiële saak of die preteritumvorm deel behoort te vorm van die Afrikaanse norm. Sy verwys ook na Scholtz se werk wanneer sy noem dat dit as 'n merker van aansien gebruik is, ten spyte daarvan dat die perfektum reeds in gebruiksfrekwensie sterk oorheers het (Deumert, 2004:160). In Conradie se beskrywing van die standaardisering van die Afrikaanse werkwoordsisteem, is een van die aspekte die verdwyning van die preteritum (Conradie, 2010:70). Dit word egter slegs kortliks beskryf, en geen patroon van standaardisering aangetoon nie (Conradie, 2010:70-71).

Hoewel daar dus reeds heelwat ondersoek na die saak ingestel is, is daar nog nie 'n sistematiese beskrywing van hoe hierdie verlies voltrek is, gedoen nie, en is daar ook selde gefokus op die aanvanklike standaardiseringstydperk van Afrikaans.

### 2.3.3.2 *Verlede deelwoorde*

In die tyd ter sprake vir hierdie studie, was daar nog onsekerheid oor sekere woordvorme wat gebruik behoort te word in verledetydskonstruksies, byvoorbeeld *gedaan* of *gedoen*, *gekog* of *gekoop*. In Scholtz se artikel van 1958 noem hy hierdie onstabieliteit (Scholtz, 1958:82). Volgens hom was daar reeds sedert die laat agtiende eeu verwarring tussen swak en sterk verlede deelwoorde, terwyl die onreëlmatige deelwoorde in Afrikaans as verbale vorme heeltemal verdring is (Scholtz, 1958:83). Verder wys hy op die moontlikheid dat sommige onreëlmatige deelwoorde nie direk deur reëlmatige vorme vervang is nie, maar tussenstadiums kon deurgemaak het (Scholtz, 1958:85). Hierdie proses word egter nie sistematies nagegaan nie. Roberge beskryf die historiese gebruik van *gedaan* kortliks in sy hoofstuk oor die oorsprong van Afrikaans, maar dit handel oor die onderskeid tussen die gebruik as werkwoord in die verlede tyd, en die gebruik as adverbium (Roberge, 2002:97).

In sy bespreking van die standaardisering van Afrikaans wy Conradie (2010:71) 'n paragraaf aan die regularisering van die voltooid deelwoord, maar raak nie die spesifieke kwessie hier ter sake aan nie. Raidt (1991:219) gee ook spesifieke aandag aan die voltooid deelwoord, en sy noem dat daar verskillende tussenstadiums was met die vereenvoudiging van die sterk verlede deelwoord. Daar word egter nie in fyner besonderhede op hierdie spesifieke verskynsel ingegaan nie.

Deumert ondersoek die verskil in gebruik tussen die preteritum en die perfektum in die korpus van haar studie, maar daar word nie aandag geskenk aan spesifieke woordvorme nie (Deumert, 2004:156-160). Ponelis, in sy beskrywing van die ontwikkeling van Afrikaans (1993), gee heelwat aandag aan die verledetydsvorme. Hy beskryf hoe dit gebruik is en wanneer, maar gee min aandag aan die spesifieke verskynsel hier ter sake. Hy noem wel dat "[t]he irregular weak past participles *gebrag* 'brought' < *gebracht*, *gedag/gedog* 'thought' < *gedagt/gedogt* and *gekog* 'bought' < *gekogt* became obsolete by the turn of the previous century" (Ponelis, 1993:420). Aangesien hierdie vorme tog in die data gevind is, in teenstelling met wat Ponelis beweer, sal dit sinvol wees om na te speur in hoe 'n mate hierdie verskynsel voorkom, en of dit in die betrokke tydperk bly voortbestaan.

### 2.3.3.3 *Perfektum-hulpwerkwoorde*

Met die finale oorgang van Nederlands na Afrikaans was daar variasie in die hulpwerkwoorde wat in perfektumkonstruksies gebruik is. In moderne Afrikaans word die hulpwerkwoord *het* gebruik om verlede tyd aan te dui, saam met die vervoeging *ge-*. Afhangende van die sinskonstruksie kan die *het* voor of na die werkwoord staan, byvoorbeeld "Dit het toen gebly bij 'n bespreking..." en "...die dood tussenbei gekom het." Die hulpwerkwoord *is* word gebruik om verlede tyd aan te dui in die lydende vorm, soos in die sin "Die stroom van bloed is gestop."

In Nederlands kan daar egter een van twee hulpwerkwoorde gebruik word in verledetydskonstruksies, naamlik *hebben* en *zijn*, afhangende van die aard van die hoofwerkwoord. Onoorganklike werkwoorde wat verandering van toestand uitdruk, neem *zijn*, en die oorblywende onoorganklike werkwoorde en alle oorganklike werkwoorde neem *hebben* (ANS, 1984:518). Sommige werkwoorde van beweging kan albei neem, afhangende of die klem val op die aksie (*hebben*) of op die verandering van plek (*zijn*) (ANS, 1984:521; Smit & Meijer, 1978:36).

In die tydperk van die korpusse van die studie was dit nog aanvaarbaar om *is* te gebruik in sinne wat in Nederlands *zijn* sou neem, hoewel *het* alreeds meer gebruiklik was. In die data is daar 'n aantal konstruksies waar *is* dan gebruik word waar Nederlands *zijn* sou neem, soos in "...sij is oud en sterk geworden.", terwyl ander moontlike *zijn*-sinne wel *het* gebruik. Die frekwensie van *is* en *het* in en die konteks van hierdie konstruksie word dan in hierdie studie ondersoek.

Scholtz wy in sy bogenoemde artikel 'n hele afdeling aan die beskrywing van die voltooide deelwoord. Na 'n uitgebreide beskrywing van hoe die gebruik van die *ge-*morfeem ontwikkel het (Scholtz, 1958:81-82), word in diepte beskryf hoe die vervoeging van voltooide deelwoorde met verloop van tyd in Afrikaans verminder en verdwyn het (Scholtz, 1958:82-87). Daar word egter geen aandag geskenk aan die hulpwerkwoorde van tyd wat saam met hierdie vorme gebruik word nie. Conradie (1981, 1982) brei heelwat op Scholtz se beskrywing uit deur twee artikels geheel aan die ontwikkeling van die Afrikaanse voltooide deelwoord te wy. Conradie fokus egter op die regularisering van die vorme, en die fonetiese,

morfologiese, semantiese en sintaktiese omstandighede waaronder sekere tendense voorkom. Hoewel daar na sintaksis verwys word, word daar egter geen aandag aan spesifieke hulpwerkwoorde geskenk nie.

In Fouché (1994) se beskrywing van die werkwoorde in drie historiese Bybelvertalings verdeel sy Afrikaanse werkwoorde in sewe klasse. Een van hierdie klasse is selfstandige werkwoorde, wat beide 'n presens en 'n perfektum het (Fouché, 1994:6). Dit is hierdie klas wat ter sake is in haar beskrywing van die perfektum en plusquamperfektum van die werkwoorde in die Bybelvertalings. Die verskynsel waar die hulpwerkwoord *is* in verledetydskonstruksies gebruik word, is ook teenwoordig in die tekste wat deur Fouché (1994:38) bestudeer word. Daar word egter nie verdere aandag aan geskenk nie, aangesien die algemene gebruik van die perfektum in die verskillende Bybelvertalings met mekaar vergelyk word, en daar nie ingegaan word op die hulpwerkwoorde spesifiek nie. In haar beskrywing van die plusquamperfektum word *had*, *was* en *het ge-* in ag geneem (Fouché, 1994:44). Weereens word daar egter nie op die gebruik van spesifieke hulpwerkwoorde gefokus nie, en word net die breë gebruik van die plusquamperfektum beskryf.

In sy hoofstuk oor die standaardisering van die Afrikaanse werkwoordsisteem, reken Conradie (2010:71) die regularisering van die voltooide deelwoord as een van die aspekte van die standaardisering van die Afrikaanse werkwoordsisteem. Die *ge-*prefiks en ander funksies (as die werkwoordelike) van verlede deelwoorde word kortliks bespreek, maar die hulpwerkwoorde kom nie aan bod nie (Conradie, 2010:71). Verder in die betrokke hoofstuk word slegs die verlede deelwoord in nie-werkwoordelike funksies bespreek.

Daar is dus 'n gaping in die literatuur daarin dat die hulpwerkwoorde wat in verledetydskonstruksies gebruik is in die oorgangstyd van Nederlands na Afrikaans nog nie beskryf is nie, en dit gaan juis verder in hierdie studie ondersoek word.

## 2.4 SAMEVATTING

Uit die bostaande is dit duidelik dat daar ruimte vir die ondersoek en beskrywing van die onstabiele en variante in die taalvorme van vroeg moderne Afrikaans is. Daar is nog min gefokus op die vroeg twintigste eeu, veral in die nadraai van die aanname dat Afrikaans reeds lank daarvoor in beginsel gevorm is, en variasie in die skryftaal nie 'n ware weerspieëling is van die spreektaal nie. Hierdie studie fokus op die beskrywing en interpretasie van die onstabiele en variante in werkwoorde aan die begin van die twintigste eeu, en hoe die aanvang van standaardisering meegewerk het om daardie variasie te verminder. Vervolgens gaan die sosiohistoriese agtergrond van die aanloop tot en tyd van die korpusse van hierdie studie gegee word, sodat data wat in die korpus voorkom daarvolgens gekontekstualiseer en geïnterpreteer kan word.

## HOOFSTUK 3

### STANDAARDISERING VAN AFRIKAANS BINNE KONTEKS

#### 3.1 INLEIDING

Geen taal ontstaan in 'n vakuum nie, en geen standaardisering behels slegs talige kwessies nie. Om die latere omstandighede van Afrikaans en die aanvang van standaardisering van Afrikaans te kan verstaan, is dit sinvol om vervolgens die sosiohistoriese agtergrond van Suid-Afrika en Afrikaans te teken, veral ten einde die politieke motiewe wat deurslaggewend aan die begin van die twintigste eeu was, binne konteks te kan begryp. Die agtergrond werp ook lig op die ontstaansgeskiedenis van die taal. Verder word daar aandag aan die proses van standaardisering gegee, met spesifieke fokus op Afrikaans. Daarna word 'n aantal normatiewe bronne oor Afrikaans uit die vroeg twintigste eeu bespreek, met die fokus op die hantering van werkwoorde.

#### 3.2 SOSIOHISTORIESE AGTERGROND

Suid-Afrika soos dit vandag daar uitsien, het 'n komplekse geskiedenis, en daarmee saam is die geskiedenis van die ontstaan van Afrikaans verweef. Ten einde 'n beter begrip vir die gebeurtenisse wat die ontwikkeling van Afrikaans direk raak, te kweek, is dit sinvol om 'n geheelbeeld van die geskiedenis van Suid-Afrika te gee. Daar is egter 'n rykdom van inligting oor 'n verskeidenheid van onderwerpe en gebeurtenisse in die verlede beskikbaar, en hier word daar slegs gefokus op gebeurtenisse wat relevant is vir die ontwikkeling van die Afrikaner en Afrikaans. Daar word begin met die aankoms van Nederlandse setlaars aan die suidpunt van Afrika, want met die koms van Nederlands na Suid-Afrika is die saadjie van Afrikaans geplant.

Suid-Afrika is oorspronklik bewoon deur drie groepe: die jagter-versamelaars, genoem Boesmans of San, wat een van die Khoisan-"klik"-tale gepraat het; veeboere, wat Khoi gepraat het; en die landbouers, wat een van die Bantoe-tale gepraat het (Ross, 2009:7-8). Die grense tussen hierdie groepe was egter soms vaag (Ross, 2009:8). In 1652 het 'n klein groepie Nederlanders onder Jan van Riebeeck egter in Tafelbaai aangekom (Ross, 2009:22) om 'n verversingspos vir Nederlandse skepe op pad na die Ooste te stig (Ross, 2009:23). Dit is egter reeds teen 1672 begin om 'n kolonie genoem te word, selfs in amp-telike dokumentasie (Welsh, 2000:45).

Die kolonie het gegroei deurdat Khoisan se grond afgeneem is, en skape en beeste is bekom deur ruilhandel en strooptogte (Ross, 2009:23). Mettertyd is daar slawe ingevoer vanaf onder andere Indonesië, Indië, Madagaskar en die ooskus van Afrika (Ross, 2009:24). Teen 1690 was daar 788 vryburgers aan

die Kaap teenoor 381 slawe (Giliomee & Mbenga, 2007:47). Die slawegemeenskap sou ook 'n besondere bydrae lewer tot die vorming van Afrikaans (sien Ponelis, 1993:27 en Deumert, 2004:22).

Daar het 'n draaipunt in die kolonie gekom met die aanstelling van Simon van der Stel as goewerneur. Volgens Welsh (2000:50) kan Van der Stel gereken word as een van die vaders van die Afrikanerdom, en die eerste bekende 'Afrikaner' (die woord het tydens sy leeftyd in gebruik gekom). Hy het dan ook 'n Suid-Afrikaanse dinastie geskep, en in daardie opsig bande met die moederland, Nederland, gebreek (Welsh, 2000:51).

Verder is daar tussen 1707 en 1717 drie belangrike besluite geneem wat die aard van die kolonie diep geraak het. Eerstens is die landbouproduksie in die hande van die vryburgers gelaat, wat hulle heelwat vryheid gegee het; tweedens is die arbeidsmag eerder met slawe as met vryburgers gevul; en derdens is die leningsplaas as grondslag van grondbesit dieper in die binneland aanvaar, wat ook die grense van die kolonie verder uitgebrei het (Giliomee & Mbenga, 2007:60). Kaapstad het egter die hart van die kolonie gebly (Ross, 2009:24), en dit was 'n veelrassige en veeltalige stad (Giliomee & Mbenga, 2007:66).

Tussen 1703 en 1780 het die Europese besetting byna tien maal groter geword – in 1798 het die regering 'n gebied van 286 000km<sup>2</sup> vasgestel, van die Buffels- (Kousie-) rivier in die weste tot die Nuweveldberge in die noordooste, langs die Tarka-, Baviaans- en Visrivier na die see (Giliomee & Mbenga, 2007:67). Teen daardie tyd het boere van Europese afkoms reeds die meeste van die gebied wes van die Visrivier en suid van die Gariep in besit geneem (Ross, 2009:27). Hulle het ook 'n besondere graad van onafhanklikheid ontwikkel (Davenport, 1993:27). In die ooste het hulle in aanraking gekom met die westelikste van die amaXhosa, en die oorlog – wat, met onderbrekings, 'n eeu geduur het – op die oosgrens van die Kaapse Kolonie het begin (Ross, 2009:27). Na die noorde was daar mense van gedeeltelike Khoisan-afkoms, later bekend as die Griekwas, wat die kolonie verteenwoordig het (Ross, 2009:27-28). Die Griekwastamvader, Adam Kok, het in die 1750's met 'n gevolg vanaf Piketberg na Klein-Namakwaland getrek, en in die 1790's het een van sy seuns na die Oranjerivier getrek, na wat vandag as Griekwastad bekend staan (Giliomee & Mbenga, 2007:68).

Teen 1784 het die burgers wat bekendgestaan het as Patriotte in opstand gekom teen 'n regering wat nie gehelp het met die grenssituasie met die amaXhosa nie (Welsh, 2000:87). Die stryd van die Kaapse Patriotte, van 1778 tot 1787, dui op 'n sterk sin vir politieke bewustheid (Giliomee & Mbenga, 2007:71). Hulle was hier in 'n stryd met die regering betrokke oor politieke verteenwoordiging en ekonomiese geleenthede vir die burgers (Giliomee & Mbenga, 2007:71).

Daar was heelwat Europese immigrante wat nie van Nederlandse afkoms was nie. In die laat sewentiende en vroeg agtiende eeu het heelwat Franse Hugenote na die Kaap gevlug, 289 in totaal, gewoonlik as gesinne (Giliomee & Mbenga, 2007:46). Die Hugenote het egter besonder vinnig geassimileer wat taal betref, en teen 1750 kon niemand jonger as 40 nog Frans praat nie (Giliomee &

Mbenga, 2007:60). Teen 1795 was daar 806 mans en 48 vrouens wat van Duitsland na die Kaap getrek het, teenoor die 494 mans en 322 vrouens van Nederland afkomstig (Welsh, 2000:58). Die getalle op hierdie stadium was ongeveer 20 000 vryburgers, bykans 26 000 slawe en ongeveer 1 700 vryswartes in die kolonie (Giliomee & Mbenga, 2007:47,59).

Teen die einde van die agtiende eeu het 'n nuwe gemeenskap in die Wes-Kaap gestalte begin kry. Dit het bestaan uit Europese immigrante wat geen enkele vaderland meer gehad het waarmee almal hulle kon vereenselwig nie (Giliomee & Mbenga, 2007:70). Die gevoel was dat hulle 'n eiesoortige gemeenskap is – Afrikaners, en soms Christene, eerder as Nederlanders of Franse of Duitsers (Giliomee & Mbenga, 2007:70). Daar was egter nog nie 'n sterk uitgesproke taalbewustheid onder hierdie gemeenskap nie. Giliomee en Mbenga (2007:71) merk egter op dat op hierdie stadium die helfte van die Afrikaanssprekendes van Europese herkoms was, hoewel daar geen aanduidings daarvan is dat Afrikaanssprekendes van ander afkoms (byvoorbeeld slawe of bruin mense van gemengde afkoms) betrek is by Afrikanersake of Afrikaners genoem is nie. Die samestelling van die Afrikaners teen 1807 is soos volg bereken: 34% Nederlands, 29% Duits, 25% Frans en 5% nie-Europees (getalle net so oorgeneem uit: Giliomee & Mbenga, 2007:70).

In 1795 het die kolonie onherroeplik verander. Die Britte het die Kaap geannekseer as deel van hulle algemene veldtog om hulle hegemonie oor die wêreld se seë te verseker in die loop van hulle oorlog met Frankryk (Ross, 2009:37). In 1803 is die kolonie wel terugbesorg aan die Bataafse Republiek, maar drie jaar later, nadat oorlog uitbreek het met Nederland onder Franse invloed, het die Britte weer die kolonie oorgeneem (Ross, 2009:37).

Tot en met die Britse bewind het die Kaapse regering en die gereformeerde kerke die gereformeerde geloof en die Nederlandse taal saam bevorder (Giliomee & Mbenga, 2007:95). Die situasie het met die Britse verowering voortgeduur – die Britse regering het die Gereformeerde Kerk as staatskerk behou, en net die Anglikaanse Kerk bygevoeg (Giliomee & Mbenga, 2007:95).

Daar is egter andersins stappe geneem om die kolonie se Britse karakter te verseker, veral onder die regering van Lord Charles Somerset, van April 1814 af (Davenport, 1993:38). Die latere ontwikkeling van Afrikanernasionalisme is al dikwels voor die deur van Goewerneur Somerset se beleid van verengelsing gelê (Davenport, 1993:40). Daar het ook in 1820 ongeveer 4 000 Engelssprekendes na die Kaap gekom en hulle in die oostelike distrikte gaan vestig (Giliomee & Mbenga, 2007:85). Die Engelse setlaars en hulle beleid oor verdediging (teen die amaXhosa op die oosgrens) het die Afrikanerboere verder negatief gestem teenoor Lord Somerset (Fisher, 1969:56).

Die stand van openbare skoling was tydens Nederlandse bewind nie 'n besondere prioriteit nie. In 1809 was daar ses Nederlandse skole in die kolonie met 'n totaal van 515 leerlinge, en twee slaweskole met 'n totaal van 1 162 leerlinge (Giliomee & Mbenga, 2007:95). Uit die Graaff-Reinet-distrik het net 100 uit

3 000 kinders formele opvoeding gekry, en die koloniste se kinders is "maar net basiese geletterdheid en die allernodigste kennis van Calvinistiese leerstellings geleer" (Giliomee & Mbenga, 2007:95). Later, onder Somerset se bewind, is daar gratis openbare skole met Engelse onderrig in hoofdorpe gestig, maar Afrikanerkoloniste se kinders het selde vlot geword in Engels – die hoofbeampte vir onderwys verklaar in 1863 dat slegs 'n tiende van die kinders in die kolonie Engels goed baasgeraak het (Giliomee & Mbenga, 2007:96).

In 1837 begin die Groot Trek, 'n gebeurtenis wat algemeen gesien word as 'n draaipunt in die geskiedenis van die Afrikaner, en by implikasie Afrikaans (Fisher, 1969:63). Net soos die Groot Trek nie 'n enkele groot eksodus met 'n Mosesfiguur was nie (Fisher, 1969:63), is daar ook nie 'n enkele groot oorsaak vir hierdie trek nie.

Die oorlog van 1834-5, die sesde grensoorlog tussen die grensboere en die amaXhosa (Giliomee & Mbenga, 2007:105), se skade en verwoesting word gesien as een van die oorsake van die Groot Trek (Ross, 2009:42). Die trekkers het ook te min grond en arbeid gehad, was onveilig, en het nie politieke verteenwoordiging gehad om dié probleme aan te spreek nie (Giliomee & Mbenga, 2007:108). Dit het 'n sterk gevoel van marginalisering laat posvat (Giliomee & Mbenga, 2007:108).

Nog 'n faktor wat bygedra het tot die trekkers se ontevredenheid, was die vrylating van die slawe. Tussen 1652 en 1807 is ongeveer 63 000 slawe aan die Kaap ingevoer, van Indonesië (22,7%), Indië (25,9%), Madagaskar (25,1%) en die ooskus van Afrika (26,4%) (Giliomee & Mbenga, 2007:53; Ross, 2009:24). Die versagting van slawerny tot en met die afskaffing daarvan, het in drie fases geskied, wat begin het met die verbod op slawehandel in 1808, die versagtingsmaatreëls daarna, en uiteindelik die afskaffing (Giliomee & Mbenga, 2007:89). Giliomee en Mbenga (2007:90) stel dat talle slawe-eienaars geglo het "hul ou paternalistiese wêreld gaan ineen stort", en die hervormingsmaatreëls het hulle ontstel (Giliomee & Mbenga, 2007:91). In *De Zuid-Afrikaan*, 'n Nederlandstalige koerant wat in 1830 die eerste keer verskyn het, is die Afrikaner-slawe-eienaars se gevoelens verwoord, en hulle was ontstoke toe die regering onder andere "regulasies uitgevaardig het wat lyfstraf vir slawe beperk en protesvergaderings teen dié maatreël verbied het." (Giliomee & Mbenga, 2007:91). *De Zuid-Afrikaan* het openlike verset verkondig, en gewaarsku oor "die regte van die Hollandse burgers en die lengte van Boere-gewere" (Giliomee & Mbenga, 2007:91). Uiteindelik het slawe-eienaars die onvermydelike aanvaar, maar die karige vergoeding wat hulle boonop vir hulle slawe ontvang het met vrylating, het hulle nog verder gegrief (Giliomee & Mbenga, 2007:91). Anna Steenkamp, 'n niggie van Piet Retief ('n leier in een van die trekgeselskappe) het ook in 'n verklaring gekla dat slawe op gelyke voet met Christene geplaas is (Giliomee & Mbenga, 2007:108).

Droogte kon ook tot die Trek bygedra het – in die vier jaar voor die Trek was reën skaars, en dit het weer 'n toename in veediefstalle veroorsaak omdat die amaXhosa se eie vee deur die droogte uitgedun is, en omdat spoorsny moeiliker was op harde grond (Fisher, 1969:64). In Ross se woorde:

The Great Trek was thus the consequence of a combination of the farmers' long-term northward movement and the specific events of the late 1820s and 1830s. The result of the Great Trek was a massive increase in the extent of that proportion of modern South Africa dominated by people of European descent. It was thus one of the crucial events in South Africa's formation (Ross, 2009:42).

In Piet Retief se manifest van 1837 spreek hy hulle wens uit om as 'n vrye en onafhanklike volk beskou te word (Giliomee & Mbenga, 2007:113). Met die Trek het meer as 10 000 mans, vroue en kinders, amper 'n kwart van die Kolonie se Europese bevolking, die Kolonie vir goed verlaat deur 'n reeks individuele trekke wat dikwels aangemoedig en gelei is deur invloedryke boere in elke distrik (Fisher, 1969:63).

Van die Voortrekkers het hulle in die Hoëveld gevestig (Ross, 2009:43), en ander het suid-oos oor die Drakensberge getrek na wat vandag bekend staan as KwaZulu-Natal (Ross, 2009:44). Nadat Natal in 1842 as Britse kolonie geannekseer is, het baie trekkers teruggegaan Hoëveld toe (Ross, 2009:44-45).

Die Britte het egter mettertyd onttrek van noord van die Gariep, eers deur die Zuid-Afrikaanse Republiek (ook bekend as Transvaal) van die boere te erken by die Verdrag van Sandrivier in 1852, en ook die Oranje Vrystaat te erken by die Verdrag van Bloemfontein in 1854 (Ross, 2009:52).

In 1867 het daar egter 'n gebeurtenis plaasgevind wat die vrede erg versteur het. Op die oewers van die Vaalrivier, net bo die samevloei met die Gariep, het Boere en Griekwas begin om diamante te vind (Ross, 2009:59). Dit het nuwe konflik tussen die Britte en Afrikaners meegebring (Fisher, 1969:102). Sedertdien het mynbou en die meegaande industrieë egter altyd die middelpunt van Suid-Afrika se ekonomiese, sosiale en politieke lewe gevorm (Ross, 2009:59).

In die middel 1880s het sake selfs meer gekompliseerd geraak toe daar goud ontdek is in die heuwels van Suidelike Transvaal, in hoeveelhede genoeg vir 'n eeu se aaneenlopende ontginning (Ross, 2009:70). Dit het ook die politieke situasie ingrypend verander (Ross, 2009:70).

Die Afrikaner se politieke en kulturele oplewing het in die 1870s begin (Davenport, 1993:93). Afrikaans is eers gestigmatiseer as die taal van ongeletterdes wat nie die reëls van Nederlands geken het nie, maar tydens die Afrikaner-oplewing het Afrikaans begin om 'n simbool te word van ware (wit) Afrikanerskap (Ross, 2009:50). In hierdie tyd het die gebruik van Nederlands in die publieke domein al hoe meer afgeneem, en die konfrontasie tussen die Britte en die Republikeinse regerings oor beleid oor Basoetoland en Griekwaland-Wes het die Afrikaner se trots begin aantast (Davenport, 1993:93).

In die noorde, in die Zuid-Afrikaanse Republiek, was Paul Kruger die president sedert die herwinning van onafhanklikheid (van die Britte) in 1881 (Ross, 2009:74). Hy het ook 'n aantal bevoegde amptenare aangestel, wat hoofsaaklik Kaaps-Hollands, of dan Afrikaans, was (Ross, 2009:74). Kruger se grootste teenstander was Cecil John Rhodes, "the man who came near to smothering the young Afrikaner

nation at birth – by co-operating with the Afrikaners in the south and by encircling them in the north" (Fisher, 1969:119). Nadat goud in die Transvaal ontdek is, het die eise van die Britse Ryk op die republiek gegroei (Ross, 2009:78), en daaromtrent het Kruger in 'n onvergeetlike opmerking verklaar dat wat die Engelse eintlik wou hê, nie die stemreg was nie (die finale kwessie wat tot die oorlog sou lei), maar sy land (Giliomee & Mbenga, 2007:209). Die situasie het so verloop dat Kruger in 1899 gestel is voor die keuse tussen die ontbinding van die staat soos dit toe was, en oorlog met die Britte (Ross, 2009:78). Die Transvaal, in alliansie met die Oranje Vrystaat, het oorlog gekies (Ross, 2009:78).

Dit was die begin van die Anglo Boere-oorlog, wat geduur het tot in 1902. Op die ou einde het die republieke besluit om oor te gee, en dit was ten minste gedeeltelik gedryf deur die erkenning van die hooploosheid van hulle posisie, en van die ontberinge van hulle vroue en kinders (Ross, 2009:79). Die oorlog het egter die Engels-Afrikaans-verdeling onder blankes verskerp (Giliomee & Mbenga, 2007:224). Die Afrikaners in die republieke was verder verdeel tussen bittereinders en joiners, en in die Britse kolonies tussen rebelle en lojaliste (Giliomee & Mbenga, 2007:224).

Die taak om die republieke weer op die been te kry na die oorlog, het op die skouers van die hoë-kommissaris Lord Alfred Milner geval, saam met sy uitvoerende rade bestaande uit hoofde van departemente, en die luitenant-goewerneurs (Giliomee & Mbenga, 2007:224). Daar is £3 miljoen kompensasiëgeld toegestaan om geruïneerde boere te help, maar dit het meer wrewel veroorsaak as wat verwag is (Giliomee & Mbenga, 2007:225). Dit was 'n komplekse saak om geld op grond van oorlogsverliese toe te ken, wat vererger is daardeur dat henses en joiners ook op hulp uit 'n bykomende reserwefonds kon aanspraak maak (Giliomee & Mbenga, 2007:225). Aan die ander kant het die ontevredenheid oor die kompensasie die verdeeldheid onder die Afrikaners laat vervaag, want toe het hulle weer 'n gemeenskaplike vyand in die Britte gehad (Giliomee & Mbenga, 2007:225). Daar was egter tog matige sukses om boere weer te vestig, en teen die einde van 1902 was die meeste van die mense terug op hulle land, en die probleem van die plant van voedsel vir die volgende jaar was min of meer opgelos (Davenport, 1993:205). Waarmee Milner egter nie rekening kon hou nie, was die volgehoue droogtetoestande van 1903-8, wat plattelandse herstel besonder bemoelijk het (Davenport, 1993:205).

Verder was daar Milner se onderwysbeleid om mee rekening te hou. In 1875 is in die Kaapkolonie bevind dat driekwart van die wit kinders ongeletterd was, en daar is beweer dat dit nog erger was in die republieke en Natal (Giliomee & Mbenga, 2007:190). In die Oranje Vrystaat was die onderwys nie in só 'n swak toestand nie, beweer Welsh (2000:255), omdat onderwys 'n prioriteit gemaak is vir die staat in 1872 en aangevul is deur kerkskole. Transvaal was dit egter slegter daaraan toe: in 1877 was daar vyf leerlinge in die New High School, nog driehonderd in al die republiek se laerskole, en die staat het slegs 5 000 pond per jaar aan onderwys spandeer (Welsh, 2000:257).

Milner se nuwe onderwysbeleid het bepaal dat Engels die onderrigmedium in staatskole in Transvaal en die Oranjerivierkolonie sou wees, terwyl Nederlands as 'n vak onderrig sou word, en die kurrikulum het 'n

sterk imperialistiese partydigheid getoon (Giliomee & Mbenga, 2007:226). Dit kon egter nie daarin slaag om pro-Britse sienswyses te laat posvat nie, en is teengewerk deur die Christelik-Nasionale onderwysbeleid en -praktyk van die private skole wat deur die Boereleiers gestig is (Giliomee & Mbenga, 2007:226). Die Oranje Vrystaat het hierdie praktyk nie 'n prioriteit gemaak nie, hoewel daar in 1905 228 sulke skole in die Transvaal was (Giliomee, 2003:270,271). Befondsing was egter skaars, en die getalle van hierdie skole het spoedig weer afgeneem (Giliomee, 2003:271). Nog belangriker is dat onderwys nie verpligtend was nie – in Transvaal in 1905 was daar 28 500 wit kinders in staatskole, 9 000 in privaat-skole en meer as 25 000 kinders was glad nie in skole ingeskryf nie (Giliomee & Mbenga, 2007:226). Soos Davenport (1993:212) dit stel: "The Afrikaner people, saved from physical obliteration by Vereeniging, now needed to be saved from cultural obliteration at the hands of Milner's regiment of English-speaking teachers".

In hierdie tyd is ook besonder baie moeite gedoen om politieke herlewing van die Afrikaners te bevorder (Giliomee & Mbenga, 2007:228). Van die Boere-generaals is na Europa om geld in te samel vir Suid-Afrika, en het deur middel van Paul Kruger daar toegang tot republikeinse fondse gekry (Giliomee & Mbenga, 2007:228). Hierdie geld is egter nie bestee aan armesorg nie, maar aan die vestiging van koerante en ander projekte om politieke herlewing onder die Afrikaners te bevorder (Giliomee & Mbenga, 2007:228), wat wys dat die prioriteit meer was op kulturele as armoedeverligting. Die Afrikaners het ook inderdaad gouer as wat verwag is opposisie teen Milner georganiseer (Davenport, 1993:211), en daar was politici wat Milner se aggressiewe imperialisme teengestaan het en 'n Suid-Afrikaanse Suid-Afrika wou hê (Giliomee & Mbenga, 2007:228).

Die politieke party Het Volk is in 1905 in Transvaal gestig onder die dekmantel van landbou-verenigings, met Louis Botha as voorsitter, gesteun deur Jan Smuts, C.F. Beyers en ander hooggeplaastes uit die oorlog (Giliomee & Mbenga, 2007:229). In die Oranjerivierkolonie het soortgelyke ontwikkelings plaasgevind, en die Orangia Unie is in Mei 1906 gestig onder die leierskap van J.B.M. Hertzog, Abraham Fischer en C.R. de Wet (Giliomee & Mbenga, 2007:229). Hierdie partye het die begin van die terugkeer van die Afrikanerdom tot 'n doelgerigte rol in publieke sake beteken (Davenport, 1993:212). Het Volk het ook in die 1907-verkiesing van Transvaal oorwin, en sedertdien was daar nog nie weer 'n hoof van die regering van Suid-Afrika wie se eerste taal Engels is nie (Ross, 2009:85).

In die 1907-oorwinning van Het Volk het hulle 37 setels verower teenoor die 21 van die hoofopposisie, die Progressiewes, wat deur die goudmynbelange gesteun is (Giliomee & Mbenga, 2007:229). Louis Botha het premier geword, die hoof van 'n kabinet wat moes verantwoording doen aan die Wetgewende vergadering (Giliomee & Mbenga, 2007:229). In November 1907 het die Orangia Unie in die Oranjerivierkolonie ook 'n oorwinning behaal deur 30 setels teenoor die 8 van die Konstitusionele Party, en Abraham Fisher het eerste minister geword (Giliomee & Mbenga, 2007:229). Merriman, 'n Kaapse liberaal, se Suid-Afrikaanse Party het boonop die algemene verkiesing in die Kaapkolonie in 1908 ge-

wen, en dit het beteken dat drie van die vier state deur Afrikaner- of Afrikanergesteunde partye regeer is (Giliomee & Mbenga, 2007:229).

Vanaf Oktober 1908 tot Mei 1909 is daar verskeie byeenkomste van 'n Nasionale Konvensie byeen-geroep, en toonaangewende wit politici is deur hul onderskeie parlemente afgevaardig om die beweging in die rigting van 'n unie of federasie en die voorwaardes vir unifikasie te bespreek (Giliomee & Mbenga, 2007:230). "Die Unie van Suid-Afrika is op 31 Mei 1910 ingelui" (Giliomee & Mbenga, 2007:232). Volgens Ross (2009:87) was die Unie 'n erkenning van 'n ekonomiese en sosiale eenheid wat reeds grootliks bestaan het, maar "to reduce the demand for Union to the elemental level of economic calculations is to underestimate the feelings of South African nationalism which were beginning to develop in the country" (Ross, 2009:87). Daar was egter binne enkele jare verdeeldheid in die Afrikanergemeenskap – Hertzog het imperialisme teengestaan wanneer dit Suid-Afrika benadeel het, en Botha het versoening tussen Afrikaanse en Engelse partye en belange voorgestaan (Giliomee & Mbenga, 2007:233). Versoening, in die regverdige sin, sou egter erkenning van Nederlands en die regte van die Afrikaners beteken, maar Botha was teësinnig om 'n inkorting van die oorheersing van die Engelse taal en van die Engelssprekendes van Suid-Afrika toe te laat (Giliomee & Mbenga, 2007:233).

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het daar verdere verdeling in die Unie ontstaan. Op versoek van Engeland het 'n Suid-Afrikaanse generaal met van sy troepe Duits-Suidwes Afrika ingeval, en 'n klein groepe Afrikaners in die Wes-Transvaal het gerebelleer (Ross, 2009:91). Die rebellie is vinnig tot 'n einde gebring, maar dit het steeds bygedra tot die mitologie wat Afrikanernasionalisme sou voed (Ross, 2009:91), en dit is toegevoeg tot die legendes en martelaars van die Afrikanerdom (Davenport, 1993:246).

In 1919 is Louis Botha oorlede, een maand voor sy 57ste verjaarsdag, in Pretoria (Giliomee & Mbenga, 2007:224). Die leierskap van die Suid-Afrikaanse Party, en daarmee saam die premierskap, het oorgegaan na Jan Smuts (Ross, 2009:113). Die leidende opposisie, die Nasionale Party, het Hertzog aan die stuur gehad, en daar was die Britte van Natal, en die Arbeidersparty om ook mee rekening te hou (Ross, 2009:113). In essensie is daar nie veel wat die partye van mekaar onderskei het nie, hoewel hulle verskillende sake beklemtoon het (Ross, 2009:113). Ten spyte van politieke onstuimigheid, het die Suid-Afrikaanse Party in 1921 die verkiesing gewen met 79 setels, wat hoofsaaklik ten koste van Arbeid gewen is, wat terug is na 9 setels, terwyl die Nasionale Party se setels opgeskuif het na 45 (Davenport, 1993:249).

Die saak van die bewoners van Suid-Afrika wat nie wit was nie, lyk egter ietwat anders. Ná die Anglo-Boere-oorlog het die Britse owerhede 'n strenger passstelsel ingevoer "wat swart mense gedwing het om 'n identiteitsbewys te dra en om dit vir die duur van hulle dienskontrakte op aanvraag te toon" (Giliomee & Mbenga, 2007:227). 'n Aantal swart en bruin mense het "vrystellingsbriewe" ontvang op grond van hulle "beskawing", maar moes dit ook toon op versoek, en dit het dus weinig verskil van passe (Giliomee

& Mbenga, 2007:277). Die South African Native Affairs Commission het gebiedsegregasie en politieke skeiding tussen rasse vir Milner aanbeveel (Giliomee & Mbenga, 2007:227). Met Uniewording het die Nasionale Konvensie ook verhoë uit swart en bruin geledere, vir 'n federasie eerder as unie ter wille van swart stemreg, geïgnoreer (Giliomee & Mbenga, 2007:231). In 1913 is verder 'n besonder omstredende wet deur die Unieparlement aangeneem: die Naturelle Grond Wet (Giliomee & Mbenga, 2007:232). Dit het onder andere behels dat swart mense nie grond mag koop van wittes nie en nie stemreg het nie (behalwe in die Kaap, waar die wet nie afgedwing is nie), en so is goedkoop swart arbeid ook verseker (Giliomee & Mbenga, 2007:233).

Dit dan die belangrikste gebeure wat die agtergrond skep waarteen die ontstaan, ontwikkeling en uiteindelijke standaardisering van Afrikaans afgespeel het. Soos met menige ander tale was daar 'n politieke agenda betrokke, en dit is ook nodig om hierdie komplekse sake in ag te neem in die interpretasie van sekere taalveranderings wat in hierdie tye van onstuimige politiek plaasgevind het.

Daar word vervolgens meer spesifieke en uitgebreide aandag gegee aan die twee Afrikaanse taalbewegings wat plaasgevind het, om daarmee 'n nog meer direkte konteks vir die taalverandering wat ondersoek word, duidelik te maak.

### 3.3 TAALBEWEGINGS

#### 3.3.1 DIE EERSTE AFRIKAANSE TAALBEWEGING

'n Politieke en kulturele herlewing van die Afrikaner, en die opkoms van nasionalisme, het in die 1870s begin in reaksie teen die uitdagings van Britse imperialisme (Davenport, 1993:93; Deumert, 2004:55). In hierdie tyd het dit begin lyk asof Nederlands in gevaar is om heeltemal uit die publieke lewe te verdwyn, en die konfrontasie tussen die Britte en die Republieke se regerings oor beleid in Basoetoland en Griekwaland-Wes het verder bygedra tot die Afrikaner se nasionale trots (Davenport, 1993:93).

Geleerde Suid-Afrikaanse sprekers van Nederlands het egter op hierdie stadium die *taal* (Afrikaans) steeds as 'n kombuistaal afgemaak, en dit het immigrante-Nederlanders geveer om die moontlikheid van die ordening en dissiplinerings van die taal te herken (Welsh, 2000:287). Arnoldus Pannevis, 'n filoloog en predikant, die skoolmeester C. P. Hoogenhout, en dr. Johannes Brill, rektor van Grey Kollege in Bloemfontein, was die eerstes om die potensiaal van die nuwe taal te waardeer, en hulle is almal in Nederland gebore en het daar geleerdheid ontvang (Welsh, 2000:287). Louis Meurant, die inisiatief agter die *Grahamstown Journal*, het begin om Afrikaans te druk, en is hierin ondersteun deur veral Pannevis en Hoogenhout, wat Afrikaans as literêre taal voorgestaan het (Fischer, 1969:124).

Die groepie voorstanders van Afrikaans het egter gegroei deur die stigting van die GRA (Genootskap van Regte Afrikaners), 'n nasionalistiese groep met 'n eie koerant, *Die Patriot*, en 'n beleid van die ver-

dediging van Nederlandse regte en die ontwikkeling van Afrikaans (Deumert, 2004:55; Welsch, 2000:287). Die GRA is op 14 Augustus 1875 gestig deur S.J. du Toit en sewe ander, in die Paarl (Deumert, 2004:55; Giliomee & Mbenga, 2007:191). Hulle het gepoog om die Nederlands- en Afrikaanssprekende witmense te oorreed om hulleself as 'n eie gemeenskap te sien, en hulleself Afrikaners te noem en Afrikaans te praat (Deumert, 2004:55; Giliomee & Mbenga, 2007:191). Hulle beleid was die verdediging van *ons taal, ons volk en ons land* (Fisher, 1969:124). Hiermee het die Eerste Afrikaanse Taalbeweging momentum begin opbou.

Die beweging was gesetel in die Paarl, waar die GRA bymekaargekom het (Davenport, 1993:93). Die Genootskap het 'n drukpers bekom, en die eerste volledig Afrikaanse koerant begin druk (*Die Patriot*), asook 'n geskiedenisboek, *Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk*, en 'n reeks skoolhandboeke (Davenport, 1993:93; Fisher, 1969:124). In die pers is die GRA ook aangeval as "jong schoolmeestertjies en wynboertjies", en die lede was inderdaad prototipiese ondersteuners van die negentiende-eeuse nasionalistiese bewegings (Deumert, 2004:57).

Die GRA het die eerste grammatika van Afrikaans, *Eerste beginsels van die Afrikaanse Taal*, gepubliseer (Deumert, 2004:55), en ook Afrikaanse leesstof vir volwassenes en kinders gepubliseer (Deumert, 2004:56). Hierdie publikasies was deel van die ideaal om Afrikaans as 'n outonome taal te vestig – "a language which had its own linguistic rules and regularities, and which was not parasitic on the grammatical system of Dutch" (Deumert, 2004:56). Blykbaar was die aanvraag vir hierdie publikasies van die Genootskap dan ook groot (Deumert, 2004:56). Die Genootskap se standaardiseringsvoorstelle vir byvoorbeeld spelling is dan enigsins gebruik, hoewel dit tog nie 'n permanente inslag in die hele taalgemeenskap gevind het nie.

Die GRA het egter begin vyande maak deur "the demagogic and increasingly anti-English stance of Dominus Stephanus du Toit, of Goshen notoriety, and his brother Daniel Francis, 'Oom Lokomotief'" (Welsh, 2000:288), en met die institusionele ondergang van die GRA in die 1880s (Deumert, 2004:58) het S.J. du Toit sy politieke agenda verder geneem. In Junie 1879 het Du Toit die inisiatief geneem om die Afrikaner Bond te stig, met die slagspreuk 'Afrika voor de Afrikaners', met takke nie net in die Kaap nie, maar oor die hele Suid-Afrika (Transvaal en die Oranje Vrystaat) (Fisher, 1969:125; Giliomee & Mbenga, 2007:191). Die uiteindelige doel van die Bond was algehele onafhanklikheid van Brittanje, en Du Toit was "prepared to organize a campaign of passive resistance" (Fisher, 1969:125).

Die Bond het die verspreiding van Britse invloed ten koste van tradisionele Afrikanergebruike sterk aangeval, en het die streng Neo-Calvinisme van Dr. Abraham Kuyper van Nederland aangeneem as verdediging teen die kultuur van "liquor, lucre and redcoats" wat met die Britte geassosieer is (Davenport, 1993:93). Dit was meer gemik teen die Engelse oorheersing as teen Engelssprekende kolonialiste, maar hierdie onderskeid is dikwels agterweë gelaat (Davenport, 1993:93). Die aard van die propaganda het nie net Jan Hofmeyr, 'n belangrike kampvegter vir Nederlandse kwessies, aanstoot gegee nie, maar ook

President Brand van die Oranje Vrystaat, wat dit as revolusionêr gesien het (Davenport, 1993:93). Die Bond het ook in die Transvaal swaarde gekruis met Kruger, en die geveg met hom verloor vir die ondersteuning van die Transvaalse Afrikaners (Davenport, 1993:94).

Die taalbeweging het tot 'n mate doodgeloop met die oorlog van 1899-1902 (De Villiers, 1983:6). Dit het nie daarin geslaag om Afrikaans as amptelike skryftaal te vestig nie, en het ook nie algemene goedgesindheid teenoor Afrikaans, eerder as Nederlands, kon bewerkstellig nie. Dit is waarskynlik as gevolg daarvan dat die beweging in die Kaap gesetel was en nie genoegsaam in die res van die land momentum opgebou het nie, en as gevolg van die ekstreme politieke agenda van onder andere S.J. du Toit, wat belangrike figure van die Genootskap vervreem het. Die skrywe in Afrikaans en poging tot standaardisering is egter geensins waardeloos nie, en die Tweede Taalbeweging kon daarop voortbou.

### 3.3.2 DIE NEDERLANDSE TAALBEWEGING

Tussen die vroeg negentiende en vroeg twintigste eeu was daar 'n herlewing van Standaardnederlands in Suid-Afrika, gestimuleer deur die verstewiging van sosiale strukture en die aggressiewe angliseringspogings van die Britse oorheersing (Ponelis, 1993:47; Van Rooy & Van den Doel, 2011:9). Die Afrikaanse spraakgemeenskap het teruggeval op Standaardnederlands as bolwerk teen verengelsing, en dit het gelei tot die Nederlandse taalbeweging (Ponelis, 1993:47; Uys, 1983:163). Daar is verskeie verenigings vir die bevordering van Nederlands in die lewe geroep, en 'n hernude belangstelling in Nederlands is aangewakker (Uys, 1983:163). Boonop het die omvattende institusionele herorganisasie wat deur die Britte uitgevoer is, die bevordering van Standaardnederlands in die kerk, media, opvoedkunde en politiek besonder bygestaan (Ponelis, 1993:48).

Nederlands was reeds in die 1850s erken as amptelike taal in die Oranje Vrystaat en Transvaal, en in die Kaap het die Afrikaner Bond, onder leiding van J.H. Hofmeyr, 'n politieke fokus vir Nederlands gegee (Ponelis, 1993:49). Deur die bewerking van die kerk en die Bond het Nederlands erkenning as amptelike taal vir debatte in die Kaapse Parlement (naas Engels) gekry in 1882, en in 1884 is selfs nog meer taalregte toegestaan wat Nederlands en Engels op gelyker voet geplaas het (De Villiers, 1983:6; Ponelis, 1993:49). Om hierdie oorwinning te vier, is daar regoor die land geld ingesamel, en in 1893 'n Nederlandse Taalmonument in Burgersdorp opgerig met die opskrif "De Overwinning der Hollandsche Taal" (SA Places, 2012).

In die negentiende eeu is daar deur Engelse setlaars drukperse na Suid-Afrika gebring, en het die Nederlandse publikasiebedryf ook begin floreer (Ponelis, 1993:48). In 1824 is *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* gestig, en dit is gevolg deur 'n opbloei van Nederlandse tydskrifte, koerante en boeke (Ponelis, 1993:48). Die belangrikste publikasie en grootste voorstander van Nederlands was *De Zuid-Afrikaan*, wat vir amper 'n eeu na stigting in 1830 bestaan het (Ponelis, 1993:48). Daar was 'n tekort aan Nederlandse boeke tot die middel van die negentiende eeu, en dit was gewoonlik swaar leesstof

(Ponelis, 1993:48). Die verandering na ligter leesstof in die Nederlandse media het boekprodusering ook gestimuleer, wat in die 1890s gepiek het, veral met opvoedkundige materiaal (Ponelis, 1993:48). Nederlandse teater is deur C.E. Boniface aangemoedig, wat in 1807 aan die Kaap geland het van Nederland, en vir verskeie dekades daarna betrokke was in teater aan die Kaap (Ponelis, 1993:48).

In die vroeg 1890s het voorstanders van Nederlands die *Zuid-Afrikaansche Taalbond* gestig, 'n organisasie wat daarop gemik was om die Nederlandse saak te bevorder (De Villiers, 1983:6; Ponelis, 1993:49). In 'n poging om Nederlandse standaarde te verbeter, is daar in 1896 eksamens vir dié doel ingestel, wat gehandel het oor die Nederlandse taal en oor geskiedenis (De Villiers, 1983:6; Ponelis, 1993:49). Party voorstanders van Nederlands het selfs sover gegaan om hierdie te sien as 'n geleentheid om Nederlands weer 'n spreektaal te maak (Uys, 1983:160).

Aan die een kant was daar konflik tussen die GRA en die Taalbond, wat gesien kan word as 'n stryd vir kulturele hegemonie en simboliese mag – 'n stryd vir die reg om te bepaal wat die legitieme en gesaghebbende taal van die Afrikanernasie moet wees (Deumert, 2004:72). Tog was daar ook goeie samewerking tussen die Taalbond en die voorstanders van Afrikaans (De Villiers, 1983:6), en het laasgenoemde gehoop dat die grond wat vir Nederlands gewen is, later ook vir Afrikaans nuttig sou kon wees (Van Rooy & Van den Doel, 2011:9). Ondersteuners van Nederlands sou taalkongresse vir Afrikaans bywoon, en lede van die GRA het pogings om Nederlands in amptelike hoedanigheid te herstel, aktief ondersteun (Deumert, 2004:72). Die GRA as instelling het egter die hervestiging van Nederlands eerder as Afrikaans teengestaan, maar wel 'n breë teenstand teen Engels ondersteun (Deumert, 2004:73).

Teen die eeuwisseling was daar ook 'n sterk beweging vir die modernisering en vereenvoudiging van die Nederlandse ortografie (Ponelis, 1993:49). Daar is geglo dat die nuwe ortografie, die *Vereenvoudigde Nederlandse Spelling* of VNS, Standaardnederlands meer toeganklik vir sprekers van Afrikaans sou maak (Ponelis, 1993:49). Dit was ondersteun deur die siening dat Engels uitgebalanseer moet word deur 'n taal met 'n sterk kultuur, soos Standaardnederlands, eerder as 'n nuwelingtaal soos Afrikaans (Ponelis, 1993:49).

Vir die meeste taalaktiviste was dit 'n kwessie van óf Nederlands óf Afrikaans, terwyl enigiets tussen-in verwerp en bespot is, en afgemaak is as oneg (Deumert, 2004:73). Daar verskyn vir nog 'n aantal jare talle berigte in die media, veral in die *De Unie*, oor die vraag of Afrikaans of Nederlands die Afrikaner se skryftaal behoort te wees.

Die krag van die Nederlandse taalbeweging het egter begin afneem teen die eerste dekade van die twintigste eeu, toe die tweede Afrikaanse taalbeweging in momentum begin toeneem het (Ponelis, 1993:49). Nederlands het egter nog grond behou in die media, en so laat as die tweede dekade van die twintigste eeu is daar nog nuwe gedeeltelik of geheel Nederlandse publikasies gestig (Ponelis, 1993:48).

Afrikaans is egter kort daarna as amptelike landstaal erken, en het begin om ook in formele kontekste en as skryftaal vir Nederlands te vervang. Dit is te danke aan die tweede Afrikaanse taalbeweging, wat vervolgens verder bespreek word.

### 3.3.3 DIE TWEEDE AFRIKAANSE TAALBEWEGING

Wat Afrikaans as volkstaal betref, is standaardiseringspogings voortgesit ná die oorlog (Deumert, 2004:58). Die geografiese middelpunt van die bevordering van Afrikaans het geskuif van die Kaap na die noordelike binneland, waar Johannesburg en Pretoria hulle posisie as ekonomiese en kulturele sentra begin vestig het (Deumert, 2004:58). Die Taalbond het herlewe in 1903, onder leiding van Jan Hofmeyr, met die doel om die volkstaal te bevorder, hoewel daar nog stryd was oor of dit Nederlands of Afrikaans is (Giliomee & Mbenga, 2007:228). Nuwe taalgenootskappe het oorgeneem: in 1905 is die *Afrikaanse Taalgenootskap* gestig, en in 1906 het *Onse Taal* en die *Afrikaanse Taalvereniging* gevolg (Deumert, 2004:58). Terwyl baie van die GRA se werk gefokus het op die kodifisering en publisering van volksverhale, het die nuwe taalgemeenskappe gekonsentreer op die produsering van letterkunde van hoë kulturele waarde, beide fiktiewe en nie-fiktiewe literatuur, en dit het gelei tot toenemende populariteit onder lede van die meer tradisionele elite (Deumert, 2004:58). 'n Baie belangrike gebeurtenis vir die Afrikaanse taal het plaasgevind in 1909 toe die *Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* gestig is met die eksplisiete doel om beide Nederlands en Afrikaans in Suid-Afrika te bevorder (Deumert, 2004:58).

'n Nuwe Afrikanernasionalisme het na vore begin kom tussen die klassieke etniese entrepreneurs, die kleindorpie-onderwysers, prokureurs en predikante wat maniere gesoek het om die oorwinning wat oor die republiek behaal is, aan die volk te verduidelik, en wat uitgewers begin vind het (Ross, 2009:87-88). Afrikanernasionalisme het grootskaalse populariteit en ondersteuning van alle sosiale groepe begin ontvang na 1910, en 'n nuwe, sterk taalbeweging is begin wat die nuwe standaardnorm bevorder het in verskeie Afrikaanse tydskrifte: *Die Brandwag* vanaf 1910, *Ons Moedertaal* vanaf 1914, en *Die Huisgenoot* vanaf 1916 (Deumert, 2004:293). "Die ywer van die Afrikaners om die ontwikkeling van hulle taal en kultuur te verseker ... het tot die tweede Afrikaanse taalbeweging aanleiding gegee..." (Giliomee & Mbenga, 2007:228). Afrikaans het so 'n aanvaarbare keuse vir gebruik geword in die pers, sowel as nie-fiksionele tekste, literêre tekste en poësie, en die publikasie van Afrikaanse boeke het dramaties toegeneem (Deumert, 2004:293). Volgens Roberge (2003:30) het hierdie Tweede Taalbeweging geduur van ongeveer 1903 tot 1919. Dit was 'n heelwat meer volwasse beweging as die voorganger in die 1870s, maar dit is weer uitgedaag deur voorstanders van vereenvoudigde Nederlands teenoor Afrikaans (Davenport, 1993:212). Die ondersteuning van die digkuns van Totius (Ds. J.D. du Toit), Jan F.E. Celliers en Eugene Marais en die werk van die skrywer-joernalis Gustav Preller het besondere bydraes gelewer in Afrikaans (Davenport, 1993:212; Giliomee & Mbenga, 2007:228; Roberge, 2003:29), en mettertyd is daar groter oorwinnings vir die taal behaal.

Gedurende hierdie tyd het taalpolitiese veranderinge ook plaasgevind. In 1914 is Afrikaans in gebruik geneem as taal van onderrig in primêre skole, in 1915 is die eerste spelreëls deur die *Akademie* gepubliseer, in 1918 is Afrikaans in die staatsdiens en ook sommige universiteite begin gebruik, en in 1919 is dit amptelik deur die NG Kerk aangeneem (Deumert, 2004:293). Hoewel Hertzog sy veldtog by die Nasionale Konvensie vir die gelyke status van Nederlands en Engels in publieke dienste en vir tweetalige publieke dienste gewen het, was hy nie oortuig dat gelykheid in praktyk bereik kon word as beide tale nie gebruik is in die onderrig van alle wit kinders nie (Davenport, 1993:231). Die Afrikaner se stryd is dikwels rondom die klaskamer gevoer, en 'n nuwe beweging is begin om Christelik-Nasionale skole te stig waarvan die taal van onderrig Nederlands, teenoor Engels, kon wees, en waar daar samewerking tussen Kerk, skool en familie kon wees in die opvoeding van die kind (Davenport, 1993:212-213).

Die *Akademie* het na vore getree as die sentrale verteenwoordiging van taalstandaardisering en -uitbreiding (Deumert, 2004:59). Die tyd rondom 1917 is al beskryf as 'n "oewergangs-tydperk": nuwe standaardnorme is stadig begin om geïmplementeer te word, terwyl taalgebruik tog steeds besondere variasie getoon het (Deumert, 2004:59).

Op die ou einde het Afrikaans amptelike status as 'n landstaal van die Unie van Suid-Afrika in 1925 gekry, en daarmee Nederlands vervang (Roberge, 2003:31). Sedertdien het Afrikaans sy amptelike status behou, en is die gebruiksfere van Afrikaans verder uitgebrei, en standaardisering deurlopend voortgesit.

### 3.3.4 SAMEVATTING

Terwyl daar hierdie drie taalbewegings onderskei kan word, was daar tog oorvleueling en wisselwerking tussen die verskillende bewegings. 'n Sekere mate van sukses van die Nederlandse beweging sou bydra tot die nodige voorbereiding vir die sukses van die tweede Afrikaanse beweging.

Die eerste Afrikaanse taalbeweging het wel misluk as gevolg van meerdere redes (onder andere die ekstreme politieke agenda van leiersfigure, en die gebrek aan verspreiding vanuit die Kaap na die res van die land), maar daar is begin fundamentele lê waarop die tweede Afrikaanse beweging kon voortbou na die verwoesting van die oorlog, en onder meer gunstige sosiale en politieke omstandighede. Die Nederlandse beweging het ook op 'n sekere vlak "misluk" deurdan Nederlands sy gebruik in Suid-Afrika verloor het, maar dit het wel, soos reeds genoem, 'n bolwerk geskep waaragter Afrikaans kon skuil totdat omstandighede gunstig genoeg was om as selfstandige taal na vore te tree. Dit is belangrik om op te merk dat hierdie taalbewegings telkens in die blanke Afrikaners se kultuur gesetel was, en saam met die politieke mag van die Afrikaner ontwikkel het. Enige gekleurde sprekers van Afrikaans en hulle taalgebruik en taalvorme is gewoon buite rekening gelaat, ook tydens standaardisering en die keuse tussen variëteite en variante vir die standaardtaal. Daar word vervolgens in meer diepte ondersoek ingestel na die standaardisering van taal as sodanig, asook meer spesifiek van Afrikaans.

### 3.4 STANDAARDISERING

In die inleiding tot *Germanic Standardizations: Past to Present* stel die redakteurs, Deumert en Vandenbussche, die volgende oor die proses van standaardisering: "...standardization emerges as a complex process whose many facets (linguistic, social, cultural, educational, political) we still do not fully understand..." (Deumert & Vandenbussche, 2003a:11).

Standaardisering word gesien as 'n proses wat die reduksie van variasie behels (Deumert, 2004:3; Deumert & Vandenbussche, 2003a:3; Milroy, 2001:531), 'n beweging na uniformiteit deur 'n kompetisie-seleksie-proses (Deumert, 2004:2) wat begin met die moontlikheid van seleksie tussen 'n aantal linguistiese alternatiewe (Deumert & Vandenbussche, 2003a:4). Dit impliseer dat daar wel variasie bestaan, waarop 'n eenvormige standaard dan afgedwing moet word (Milroy, 2001:531). Die variante of linguistiese wisselvorme wat gekies word bo ander word dan veralgemeen na nuwe linguistiese en kommunikatiewe kontekste (Deumert, 2004:2-3). Milroy en Milroy (1992:17,26) noem dat 'n belangrike kenmerk van standaardisering die onderdrukking van opsionele veranderlikheid is. Dit sluit aan by die idee van standaardisering wat gebaseer is op die doel van funksionele effektiwiteit van die taal – almal moet die taal op dieselfde manier gebruik en verstaan sodat minimum misverstand en maksimum effektiwiteit bereik kan word (Milroy & Milroy, 1992:23).

Dit gebeur egter nie net spontaan nie. Volgens Deumert (2004:3) sluit standaardisering die doelbewuste intervensie van regulerende liggame in, asook die prosesse van kumulatiewe mikro-akkomodasie, gelyk-making ("levelling") en die sameloop van dialekte, wat die gevolg is van die alledaagse linguistiese aktiwiteite van individue. Die doel van standaardisering is dan om 'n gekodifiseerde bowe-dialektiese taalvorm tot stand te bring wat geskik is as skryftaal en vir ander formele doeleindes (Conradie, 2010:69), 'n taalvorm wat in struktuur eenvormig is (Milroy, 2001:534). Hierdie taalvorm word 'n standaardtaal genoem, en word gekenmerk deur linguistiese uniformiteit, kodifikasie en ideologiese legitimisering (Deumert, 2010:244).

Standaardisering is gemoeid met beide linguistiese vorme en die sosiale en kommunikatiewe funksies van taal (Deumert, 2004:2). Volgens Deumert is taalkodifikasie en -voorskrifte (dus, die maak van reëls) nie 'n universele fenomeen nie, en wys dit duidelike tekens van kulturele uitvindsel (Deumert, 2004:6). Sosialenormteorie verskaf dan 'n rede waarom hierdie reëls wat gemaak word, geldig is, deurdat

oughtness norms are an emergent property of social interaction and behaviour; that is, if a specific type of behaviour is enacted by large numbers of people, people come to expect it and thus develop discursive rationalizations ... of what is perceived as 'normal', 'good' and 'appropriate' within their community... (Deumert, 2004:6).

Die motivering vir standaardisering kan, volgens Deumert en Vandenbussche (2003a:9), gevind word in die magstrukture in die samelewing. Dit kan aspekte soos sosiale beweeglikheid en sosiale bevordering

insluit, sowel as religieuse en politieke ideologie en kommersiële behoeftes (Deumert & Vandenbussche, 2003a:9; Milroy & Milroy, 1992:22). Om hierdie rede moet daar in die beskrywing van standaardiseringsprosesse genoeg aandag geskenk word aan die oortuigings en houdings, gedeelde praktyke en diskoerse wat die historiese ontwikkeling van die proses ondersteun het (Deumert & Vandenbussche, 2003a:10).

Milroy en Milroy (1992:22-23) huiwer nie om standaardisering 'n ideologie te noem nie, en beweer dat 'n standaardtaal 'n abstrakte idee is eerder as 'n realiteit – 'n stel abstrakte norme waartoe werklike gebruik tot 'n groter of kleiner mate mag konformeer. Oor ideologie in standaardtale stel Deumert en Vandenbussche die volgende:

The power, value and attraction of standard languages is a result of complex processes of ideology formation. These processes involve not only the well-documented articulation of a so-called 'standard language ideology', ... but also the instrumentalization of the standard as a vehicle for far-reaching political and socio-cultural aspirations: religious identity ... social emancipation and political strategy ... as well as nationalist identity politics... (Deumert & Vandenbussche, 2003b:461).

Wat daarby aansluit, is dat doelbewuste kodifikasie van die norme van 'n taal nodig is vir daardie taal om 'n standaardtaal te kan wees (Deumert, 2004:6). Die opkomende standaardtaal is dan grootliks die gevolg van doelbewuste linguistiese intervensie en uitbreiding van individuele en kollektiewe bewerkers (Deumert & Vandenbussche, 2003b:456-457). Taalvoorskrifte en die preskriptiewe tradisie is nou hieraan verbonde, en dit werk mee met die doelbewuste kodifikasie van die "standaard". Volgens Milroy & Milroy (1992:1) hang voorskriftelikheid af van 'n ideologie oor taal, wat vereis dat taalgebruik, soos baie ander aspekte van die lewe, "reg" gedoen moet word. Hierdie voorskrywers, of kampvegters van die taal, voel gewoonlik verplig om een, en slegs een, vorm van variante te kies en dit aan te beveel as die "korrekte" vorm; dat die keuse in linguistiese terme dikwels arbitrêr is, is gewoonlik nie ter sake nie (Milroy & Milroy, 1992:17). Die keuses is egter gewoonlik nie sosiaal arbitrêr nie, en word gebaseer op die waarneming van die "beste taalgebruikers" van die tyd (Milroy & Milroy, 1992:17; Tiekens-Boon van Ostade, 2011:252). Taalbewakers se rol is verder ook om die ideologie van standaardisering en die idee van 'n standaardtaal lewendig te hou in die publiek se gedagtes (Milroy & Milroy, 1992:21).

Terwyl standaardtale dan geleer word deur eksplisiete en geïnstitusionele onderrigpraktyke, word die norme van taalstandaarde aangeleer hoofsaaklik deur blootstelling aan en nabootsing van modeltekste en modelsprekers (Deumert & Vandenbussche, 2003b:456). Terwyl die standaardtaal dus onderhou word deur instansies, soos onder andere skole, is die standarde van die taal afhanklik van die gebruik daarvan deur individue.

Haugen (1987:59) het 'n model vir die standaardisering van taal daargestel, wat uit verskillende fases bestaan:

1. normseleksie,

2. normkodifikasie,
3. implementering, en
4. uitbreiding.

Die seleksieproses word dikwels vergesel van konflik en debatte oor wat die "beste gebruik" en die "beste basis" vir die nuwe standaard is (Deumert & Vandenbussche, 2003a:5). Haugen (1966:18) wys daarop dat om enige variant as 'n norm te kies, per implikasie die groep sprekers wat daardie norm gebruik, begunstig. Die teenoorgestelde is ook waar, en daar word dikwels variante gekies op grond van reeds bestaande sosiale aansien (Haugen, 1966:18). Die bekende agtiende-eeuse grammatikus Robert Lowth het byvoorbeeld die taalgebruik van sy sosiale meerderes as model gebruik, hoewel 'n tydgenoot, Johnson, van mening was dat ook hierdie "approved authors" foute maak, en self grammatikale regstellings nodig het (Tieken-Boon van Ostade, 2011:252-253).

Kodifikasie volg tipies op seleksie en stel 'n eksplisiete normatiewe linguistiese kode daar deur die skepping van 'n verskeidenheid van verwysingswerke, soos grammatikas, woordeboeke, spellinghandleidings en stylgidse (Deumert & Vandenbussche, 2003a:6). Implementering is wanneer die besluite wat tydens seleksie en kodifikasie gemaak is, sosiopolities realiseer; die diffusie en aanvaarding van die nuwe norm (Deumert & Vandenbussche, 2003a:7).

Normuitbreiding (modernisering) verwys na daardie aktiwiteite wat gemik is daarop om die funksionaliteit van die standaard uit te brei, tesame met veranderinge in die standaard om aan te pas vir nuwe funksies (Deumert & Vandenbussche, 2003a:7). Dit sluit beide akademiese woordeskat, asook die uitbreiding van linguistiese funksie na die domeine van die verbeelding en emosionele ervaring, in (Haugen, 1966:23).

"The planner proposes, but the community disposes", volgens Haugen (1966:24). Daar is dikwels wisselende mate van sukses in die aanvaarding van sekere voorgeskrewe taalnorme deur die gemeenskap, en dit kan die sukses van standaardisering bevorder en belemmer. Die GRA se norme is nie deur die hele Afrikaanse gemeenskap aanvaar nie, wat bygedra het tot die mislukking van die eerste taalbeweging, terwyl latere normatiewe bronne in die twintigste eeu geslaag het daarin om groter eenvormigheid in die skryftaal mee te bring, en Afrikaans as 'n standaardtaal te vestig.

Die verskeie stadia in die ontwikkeling van 'n standaardtaal kan beskryf word as die gevolg van 'n behoefte vir eenvormigheid wat gevoel word deur invloedryke dele van die samelewing op 'n gegewe tydstip (Milroy & Milroy, 1992:27). Om die stadia dan op te som: 'n variëteit of sekere variante taalvorme word *gekies* as 'n standaard, dit word *aanvaar* deur invloedrykes in die samelewing, dit word dan geografies en sosiaal *versprei*, wanneer dit gevestig is moet dit *onderhou* word, die *funksies* moet *uitgebrei* word, en *aansien* word 'n belangrike komponent van die standaardtaal (Milroy & Milroy, 1992:27).

Taalkontak het 'n belangrike rol gespeel in die ontstaan van Afrikaans, maar dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat Afrikaans tydens standaardisering ook in 'n kontaksituasie was, beide met Nederlands en met Engels. Wat 'n taalkontakperspektief op standaardisering betref, is daar twee sentrale prosesse van linguistiese interaksie teenwoordig in die geskiedenis van standaardtaal, naamlik:

- a) Kontak (en samevoeging) tussen voorafbestaande, gefokusde (geskrewe en gesproke) taalstandaarde en die opkomende geskrewe standaardtaal (in hierdie geval dan Nederlands en Afrikaans);
- b) Kontak (en samevoeging) tussen die geskrewe standaard, die opkomende gesproke standaardnorm (soos verteenwoordig in die spraak van 'modelspraak' en 'modelsprekers') en die gesproke dialekte, en die lokus waar hierdie interaksie plaasvind is die bi-dialektiese en geletterde individu (Deumert & Vandenbussche, 2003b:457), waarvan Totius 'n uitsonderlike voorbeeld is.

Ten slotte noem Milroy en Milroy (1992:22) standaardisering 'n historiese proses wat altyd tot 'n mindere of meerdere mate aan die gang is in alle standaardtale.

### 3.4.1 STANDAARDISERING VAN AFRIKAANS

Afrikaans is, volgens Deumert, die enigste taal met 'n pidgin/kreool-agtergrond wat ten volle gestandaardiseer is, en die taal van oorsprong (Nederlands) in alle domeine (regte, wetenskap en tegnologie, letterkunde, onderwys, regering en administrasie) vervang het (Deumert, 2004:1). Die stukrag agter die politisering, en uiteindelijke standaardisering, van Afrikaans was onder andere 'n reaksie teen die Britse voorkeur vanuit die blanke Kaapse Nederlandse populasie (Roberge, 2003:24). Die standaardisering van Afrikaans as 'n nasionale taal, en die identifisering daarvan as 'n merker van blanke Afrikaaneriteit, was 'n kulturele innovasie van die negentiende en vroeg twintigste eeu wat doelbewus die plaaslike Kaaps-Hollandse omgangstaal geskei het van sy interetniese oorsprong (Deumert, 2004:42).

Deumert (2004) toon aan die hand van Haugen se model aan hoe die standaardiseringsproses vir Afrikaans verloop het. Daar was vier elemente betrokke by die standaardisering van Afrikaans: eerstens is in 1876 die eerste grammatika deur die *Genootskap van Regte Afrikaners* gepubliseer, wat die begin van normseleksie aandui; tweedens is Afrikaans in 1925 amptelike status toegeken saam met Engels en Nederlands, wat alreeds normimplementering impliseer; derdens was teen die 1930s 'n formele en gekodifiseerde Afrikaanse standaard stewig in plek, waarmee normkodifikasie volvoer is; en dit is, vierdens, bemark deur 'n verskeidenheid instansies (onderwyssisteme, politieke administrasie, kerk, ensovoorts), wat verdere implementering en uitbreiding meebring (Deumert, 2004:1).

Die doelbewuste gebruik en propagering van die omgangstaal as skryftaal begin met die stigting van die "Genootskap van Regte Afrikaners" in 1875 (Conradie, 2010:67). Dit staan bekend as die eerste taalbeweging, en die omvang en gebrekkige sukses daarvan is reeds in die vorige afdeling bespreek. Die GRA het dus begin met die seleksieproses, maar die norme wat hulle daargestel het, is nie algemeen aanvaar nie; enkele dekades later hervat die seleksieproses, tydens die tweede taalbeweging, en val die

keuse op 'n variëteit wat verder verwyderd was van die algemene omgangstaal en nader was aan Nederlandse norme. Die eerste, Kaapse seleksie in die eerste taalbeweging was dus nader aan die spreektaal, terwyl die tweede, noordelike seleksieproses tydens die tweede taalbeweging meer konserwatiewe vorme gekies het wat meer met Nederlandse skryftaal ooreengekom het, meer status behou het, en tot 'n ander tipe taalgebruiker gespreek het.

Die tweede Afrikaanse taalbeweging ontstaan kort na die oorlog in die begin van die twintigste eeu. Gedurende die tweede taalbeweging was daar 'n generasie van entoesiastiese jong onderwysers, predikante, professore, politici en ander beroepsmanne wat ywerig vir die saak van die Afrikaanse taal en politieke bemagtiging van die Afrikaner geveg het (Roberge, 2003:32). Die Standaardafrikaans wat ons vandag ken, het dus, volgens Roberge (2003:31), ontwikkel rofweg tussen 1900 en 1930.

Die geskiedenis van Afrikaans wys duidelik dat standaardisering, as 'n tipe taalverandering, die produk van die opkomende (bewuste en onbewuste) linguistiese gewoontes en normatiewe aktiwiteite van 'n kollektiewe spraakgemeenskap is (Deumert, 2004:8). Dit is ook die kreatiewe konstruksie van die doelbewuste aktiwiteite van spesifieke groepe of individue binne hierdie kollektiewe gemeenskap (Deumert, 2004:8). Veral die doelbewuste aktiwiteite van groepe en individue behels die proses van mikro-seleksie, waar daar keuses gemaak word tussen verskillende variante taalvorme, sodat veranderlikheid verminder word en daar 'n eenvormige standaard ontstaan. Saam met die protestantse kerke was ook die onderwys (hoërskole, vakgroepe Afrikaans/Nederlands aan Suid-Afrikaanse universiteite en publikasies soos handboeke en grammatikas van Afrikaans) vanaf vroeg in die twintigste eeu vir die implementering van die norme van Standaardafrikaans verantwoordelik (Conradie, 2010:68).

Conradie (2010:68-69) stel dat die invoer van Nederlandse taalvorme in Afrikaans 'n belangrike deel uitgemaak het van die standaardiseringsproses van Afrikaans. Nederlandse taalvorme wat opsigtelik verskil van die Afrikaanse omgangstaal het ook 'n belangrike deel uitgemaak van formele taalgebruik (Conradie, 2010:69), maar slegs dié taalgebruikers wat genoegsame blootstelling aan Nederlands gehad het was egter in die posisie om Nederlandse variante te kan herken om te vermy of versterk in hulle taalgebruik (Deumert, 2004:244).

Die grootste verskille tussen Nederlands en die vorm daarvan wat in Suid-Afrika ontstaan het, word aangetref in die gebied van die nominale en verbale morfologie. Deur die verdwyning van woordgeslag, en die defleksie van die Afrikaanse werkwoord het die morfologiese sisteme albei ingrypend verander (Conradie, 2010:69). Die werkwoordsstelsel het 'n gevarieerde geskiedenis van aanpassing vanaf Nederlands, en daar is dikwels groot verskille tussen die verskillende aspekte van die stelsel. Sommige werkwoordelike vorme en kategorieë het, ondanks teenkantsing, geheel wegbeweeg van Nederlandse invloed, en normeerders het in die mikro-seleksie van werkwoordelike variasievorme dikwels doelbewus afgewyk van Nederlands (Conradie, 2010:69). Die vaslegging van die werkwoordstam word dan finaal

vasgelê deur die geleidelike uitskakeling van variasievorme, soos *bid/bidde* of *kla/klae/klaag* wat uiteindelik gestabiliseer het as *bid* en *kla* (Conradie, 2010:72).

### 3.4.2 ASPEKTE VAN DIE STANDAARDISERING VAN DIE AFRIKAANSE WERKWOORD

Conradie gee 'n uiteensetting van die aspekte van die Afrikaanse werkwoordsisteem wat verander het vanaf Nederlands:

- Die verdwyning van persoons- en getalkongruensie van werkwoorde met 'n onderwerp (Conradie, 2010:70), byvoorbeeld ik *heb*, jij *hebt*, hij *heeft*, teenoor Afrikaanse ek *het*, jy *het*, hy *het*;
- Die verdwyning van die onderskeid tussen persoonsvorm en infinitief (Conradie, 2010:70), byvoorbeeld, die infinitiefvorm *lopen* met vervoegings ik *loop*, jij *loopt*, hij *loopt*, terwyl in Afrikaans slegs die vorm *loop* in alle gevalle gebruik word;
- Die verdwyning van die preteritum of onvoltooide verlede tyd (Conradie, 2010:70), waarvan daar slegs reste oorgebly het in Afrikaans, byvoorbeeld *kon*, *moes*, *sou*, *wou*;
- Die regularisering van die voltooide deelwoord, wat in Afrikaans as werkwoord met enkele uitsonderings (gehad, gedog) gevorm word met die prefiks *ge-* en die stam (Conradie, 2010:71).

In die korpusse wat vir hierdie studie saamgestel is, is daar egter in spesifiek Afrikaanse tekste amper geen gevalle waar die eerste twee van die bogenoemde prosesse nog nie voltooi is nie, en slegs die verdwyning van die imperfektum en die regularisering van die voltooide deelwoord word verder ondersoek, saam met addisionele variasie wat in werkwoorde gevind is. Dit verskil van Deumert se data, aangesien daar ook heelwat ouer tekste in Deumert se korpus ingesluit is. Verder, die korpusse in hierdie studie sluit slegs tekste in wat reeds duidelik in Afrikaans geskryf is, terwyl in Deumert se korpus ook oorwegend Nederlandse tekste met enkele Afrikaanse verskynsels ingesluit is.

Aangesien die wisselwerking tussen normatiewe bronne en vooraanstaande skrywers tydens die aanvang van standaardisering 'n belangrike aspek van die studie is, gaan daar vervolgens ondersoek ingestel word na normatiewe bronne wat voor en tydens die skrywe van hierdie studie se korpusse, beskikbaar was.

### 3.4.3 OOR NORMATIEWE BRONNE BESKIKBAAR VOOR DIE AANVANG VAN DIE KORPUSINSKRYWINGS

#### 3.4.3.1 1897 – *Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels* (S.J. du Toit)

##### 3.2.3.1.1 Algemeen

Daar het voor 1897 twee uitgawes van *Eerste Beginsels fan di Afrikaanse Taal* deur die GRA verskyn (in 1876 en 1882). Volgens Du Toit (1897:v) is *Fergelykende Taalkunde* egter op bogenoemde gebaseer,

so daar word aangeneem dat die relevante taalkwessies nie anders hanteer word daarin nie, en slegs die nuutste bron van die GRA word ondersoek.

In hierdie boek is daar 'n lang en deeglike voorrede wat hoofsaaklik gewy word aan die beskrywing van die kohabitering van Afrikaans en Engels in die land, en hoekom dit sinvol is om die twee tale se grammatikas met mekaar te vergelyk. Alles in die boekie is in beide Afrikaans en Engels geskryf, en in kolomme langs mekaar gedruk. Daar word verskeie taalinterne aspekte van die twee tale met mekaar vergelyk, onder andere dan ook die werkwoorde.

#### 3.4.3.1.2 **Werkwoorde**

Een van die eerste sake wat aangeroei word oor Afrikaanse werkwoorde, is dat daar min vervoeging van werkwoorde behoue gebly het, aangesien die doel van vervoeging oorgeneem is deur hulpwerkwoorde (Du Toit, 1897:22). Kort daarna word gestel dat werkwoorde drie tye het, naamlik die teenwoordige, verlede en toekomstige tyd (Du Toit, 1897:23). Daar word egter onderskei tussen die "onvolmaak en volmaak verlede tyd" vir hulpwerkwoorde (Du Toit, 1897:24), waar die gebruik van onder andere "had" en "werd" aangedui word by die onvolmaakte verlede, terwyl "het gehad" en "was geworde" aangedui word by die volmaakte verlede (Du Toit, 1897:24). Daar word egter nie verder op uitgebrei, of op semantiese vlak onderskeid getref tussen die soorte verlede tyd nie, of aanbevelings gemaak teen die gebruik van sekere vorme nie. Deur verdere voorbeelde ter toeligting van die gebruik van die verlede deelwoord saam met hulpwerkwoorde (Du Toit, 1897:25), kan ook afgelei word dat die gebruik van "had" en "werd" aanvaar is deur die skrywer.

Du Toit gee nie spesifieke aandag aan of voorbeelde van ander verskynsels wat van belang is vir hierdie studie nie.

#### 3.4.3.2 **1900 – *The Englishman's Guide to the speedy and easy acquirement of Cape Dutch* (H. Elffers)**

##### 3.4.3.2.1 **Algemeen**

Daar is nie 'n voorwoord of inleiding wat die aard en doel van die boek uiteensit of die skrywer motiveer nie; die titel maak dit tog wel duidelik, hoewel nie uitgebreid nie. Dis 'n kompakte boekie wat verskeie aspekte van "Cape Dutch" kortliks uiteensit vir 'n nie-moedertaalspreker wat dit wil aanleer of beter verstaan. Daar word ook enkele bladsye aan die werkwoord gewy.

#### 3.4.3.2.2 **Werkwoorde**

Die behandeling van die werkwoord word ingelei met 'n verduideliking daarvan dat die werkwoorde in Afrikaans nie vervoeg nie (Elffers, 1900:17). Daarna word die tye van die werkwoorde behandel, waaronder hulpwerkwoorde aan bod kom. Die verledetydsvorm van *te hê* word gegee as *had*, en daar kan ook uit verdere gebruik afgelei word dat dit in die boek as gebruiklik gesien word.

Kort daarna word genoem dat, in teenstelling met ander werkwoorde, daar 'n stel Afrikaanse werkwoorde is wat die eind-n van die infinitiewe Nederlandse vorm behou, naamlik *doen*, *siin*, *gaan*, *staan*, *slaan* (Elffers, 1900:19). Daar word nie voorbeelde gegee van gebruik met 'n ander slotkonsonant nie; hierdie word as enigste vorm erken. In die verdere kort beskrywing van Afrikaanse werkwoorde word nie verdere verskynsels aangeraak wat van direkte belang vir hierdie studie is nie.

#### 3.4.3.3 **1901 – *Elementary lessons in Cape Dutch (Afrikander Taal)* (A. Werner & G. Hunt)**

##### 3.4.3.3.1 **Algemeen**

In die voorwoord word dit duidelik gemaak dat hierdie boekie net gemoeid is met gesproke taal – "we are only concerned with the *spoken* language" (Werner & Hunt, 1901:vi) – en om dit vir 'n vreemdetalsspreker aan te leer. Hulle gebruik die spelling van *Di Genootskap fan regte Afrikaners*, maar noem pertinent dat die spelling van Afrikaanse skrywers tog nie eenvormig is nie (Werner & Hunt, 1901:v). Hulle sien ook die "'Afrikander Taal' as an offshoot (it can scarcely be called a dialect) of the Dutch language..." waarvan die grammatika drasties vereenvoudig is (Werner & Hunt, 1901:v).

##### 3.4.3.3.2 **Werkwoorde**

In die enigste, kort les wat oor werkwoorde handel, word saamgestelde werkwoorde, die later posisie van die werkwoord in die sin, en negativering kortliks bespreek. Verder word daar nie enige besonderhede van die Afrikaanse werkwoord behandel nie. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die boekie baie elementêr is, net met die spreektaal gemoeid is, en nie in enige diepte in taalkwessies wil ingaan nie, maar net basiese spreekvaardighede vir 'n vreemdetalsspreker wil aanleer.

Uit kort leesstukkies wat later gegee word om na Engels te vertaal vir oefening, word egter enkele voorbeelde gevind van die gebruik van variante wat van belang is vir hierdie studie. Die vorm *seg* word enkele kere gebruik, terwyl *sê* tog voorkeur geniet; dit is nie duidelik uit die konteks op grond waarvan die onderskeid getref word nie (Werner & Hunt, 1901:20, 23,28). Die vorm *werd* word ook gebruik in 'n verledetydskonstruksie in die lydende vorm (Werner & Hunt, 1901:25).

### 3.4.3.4 1903 – *Phrases and dialogues with translations in Cape Dutch (J.F. van Oordt)*

#### 3.4.3.4.1 Algemeen

Daar is ook in hierdie boekie geen voorwoord of inleiding wat die aard of doel van die inhoud beskryf nie. Ten spyte van die titel bestaan die inhoud egter nie net uit frases en dialoë nie, maar ook kernagtige verduidelikings van sekere grammatikale konstruksies. So word daar dan etlike bladsye gewy aan die behandeling van Afrikaanse werkwoorde.

#### 3.4.3.4.2 Werkwoorde

Die behandeling van die werkwoord word ingelei deur 'n verduideliking daarvan dat die Afrikaanse werkwoordsisteem heelwat eenvoudiger is as dié van Nederlands (Van Oordt, 1903:19). Een van die eerste meer spesifieke kwessies wat aandag kry, is dat die basis van alle werkwoorde die stamvorm is en ook altyd daardie vorm behou, behalwe in geval van *wees*, *hê*, *gaan*, *staan*, *slaan* en *doen* (Van Oordt, 1903:19). Hy noem kort daarna dat dit slegs verskil wanneer dit in die presens gebruik word ("sla", "ga" ens.), hoewel die vorm met -n ook in die presens gehoor word; en dat die vorme met 'n eind-t wel ook in die spreektaal voorkom ("hij gaat", "hij slaat", "hij staat") (Van Oordt, 1903:21). Verder kom daar geen sake van belang vir hierdie studie na vore uit die bespreking van die werkwoorde nie.

### 3.4.3.5 1910 – *Praktiese leerboek voor die Afrikaanse Taal (Oom Piet)*

#### 3.4.3.5.1 Algemeen

Dit is 'n baie rudimentêre boekie, met 'n reeks eenvoudige taallesse; hoewel dit nie eksplisiet gestel word nie, lyk die vorm en aanbieding van die inhoud asof dit vir kinders bedoel is. Dit is onduidelik of dit vir moedertaalsprekers of vreemdetaalsprekers bedoel is, aangesien daar geen inleiding of voorwoord ter inleiding is nie. Les sewe en twintig word aan werkwoorde gewy, en bestaan grootliks uit lyste van voorbeelde van die vervoeging van hulpwerkwoorde.

#### 3.4.3.5.2 Werkwoorde

Dit wat wel uit die lyste afgelei kan word, is dat *had* as 'n geheel aanvaarde vorm erken word in die verledetydsvorm, en *het gehad* aangedui word as gebruiklik in die volmaakte verledetyd (Oom Piet, 1910:65-66). Verder word die vorm *werd* ook aangedui as die verledetydsvorm van *word*, en word dit so gebruik. Daar word ook onderskeid getref tussen volmaakte teenwoordige tyd, en volmaakte verlede tyd, waar *is* gebruik word in eersgenoemde geval ("Jy is geroep.") en *was* in die tweede geval ("Jy was geroep.") (Oom Piet, 1910:67).

Die vorme *denk* en *breng* word gebruik, en die verledetydsvorme van die woorde word gegee (dog, het gedog; brog, het gebreng) (Oom Piet, 1910:67). Aangesien ander variante waarvan die stamvokaal nie verskil nie, nie gebruik word nie, kan daar nie vasgestel word of dit as wisselvorm erken word of nie.

#### 3.4.3.6 1910 – *Africander Grammar* (J.H.H. de Waal)

##### 3.4.3.6.1 Algemeen

Hierdie boekie bevat geen inleiding of voorwoord ter verduideliking van die inhoud nie. Daar word egter 'n verskeidenheid van grammatikale kwessies in redelike diepte bespreek, en vier hele hoofstukke aan werkwoorde alleen gewy.

##### 3.4.3.6.2 Werkwoorde

Die eerste hoofstuk oor werkwoorde word begin met die stelling:

The stem of the Dutch verb ... constitutes in almost every case the Infinitive form of the *Africander Verb*; and this form, save in a few words hereafter mentioned, is employed for all parts of the Verb throughout its conjugation, no matter whether the Verb is in the Active or Passive Voice, or is Singular or Plural in Number, or whether it occurs in the First, Second or Third Person (De Waal, 1910:44).

Kort daarna word die uitsonderings van *sien*, *doen*, *gaan*, *slaan* en *staan* gegee, en genoem dat dit die Nederlandse infinitiefvorm navolg, en nie die stam nie. Daar word egter uitgewys dat die stamvorme, *zie*, *doe*, *ga*, *sla*, *sta*, tog dikwels in Afrikaans gehoor word na die voornaamwoord *jy*, maar daar word niks gesê oor die vorm met 'n eind-*t* nie (De Waal, 1910:45).

Vervolgens word dit duidelik gemaak dat onder andere die vorme *het gedaan*, *het gedog*, *wis* en *het verbode* dikwels gebruik word in plaas van die vorme *het gedoen*, *het gedink*, *het geweet* en *het verbied* (De Waal, 1910:46). Daar word egter nie parameters gegee waarbinne hierdie vorme gebruik word, of aanbevelings daarvoor gemaak nie.

Die vorme *sê* en *lê* (en dan ook *het gesê* en *het gelê* in die perfektum) word as meer gebruiklik aangedui as *seg* en *leg* (De Waal, 1910:46).

Verder word die gebruik van *het gehad* as meer verkieslik aangedui teenoor *had* (De Waal, 1910:49). Daar word egter genoem dat *had* wel gebruik word, saam met *had gehad* en *was gewees*, maar hoofsaaklik in voorwaardelike sinne, byvoorbeeld "Had ek hom geken, sou ek hom minder vertrou het." (De Waal, 1910:49).

Later, onder die opskrif "Auxiliary Verbs", word die verledetydsvorm van hulpwerkwoorde weer aangevoer. Die verledetydsvorm van "hê, sal, wees, kan, moet, mag, wil and word" word gegee as "had, sou, was, kon, moes, mog, wou and werd" (De Waal, 1910:55). Dit is dus opmerklik dat die gebruik van beide *had* en *werd* enigsins voorkom. Maar net daarna word genoem dat *het gehad, het (of is) gewees* en *is geword* gewoonlik eerder gebruik word in die plek van *had, was* en *werd* (De Waal, 1910:55). Dit is ook opmerklik dat die konstruksie *is gewees* as gangbaar aangedui word. In latere voorbeelde van verledetydskonstruksies word konstruksies soos "is ... gegaan" en "is ... geword" ook as gebruiklik voorgelê (De Waal, 1910:58). Oor die woordvorm *werd* word geskryf dat dit "is practically only met with in writing" (De Waal, 1910:63).

Daar word enkele woordvorme wat van belang is vir variasie in slotkonsonante en stamvokaal, gegee in die "Useful list of verbs":

- "draag, dra; gedraag, gedra" (De Waal, 1910:71);
- "leg, lê; geleg, gelê" (De Waal, 1910:71);
- "win; gewin" (De Waal, 1910:73).

Uit 'n ander lys, met werkwoorde wat gedeeltelik sterk en gedeeltelik swak is:

- "ja(ag); geja(ag)" (De Waal, 1910:74);
- "vra(ag); gevra(ag)" (De Waal, 1910:74).

#### 3.4.3.7 **Algemene opmerkings oor normatiewe bronne voor 1916**

Dit is opmerklik dat die meerderheid van hierdie bronne vir vreemdetalssprekers geskryf is. Die doel van hierdie boeke is dus nie om Afrikaans ter wille van die Taal op te hef, te standaardiseer en polities te bevorder nie, maar eerder om gewoon die algemene spreektaal op 'n toeganklike wyse aan die vreemdetalsspreker te leer. Dit is dus moontlik dat taalideologie en -opheffing 'n kleiner rol speel in die samestelling van die onderskeie bronne, die tipe taalkwessies wat aangeraak word, en die detail waarin dit bespreek word. Daar is ook 'n verdere onderskeid met Afrikaanse bronne daarin dat 'n basiese kennis van Nederlands in geen geval veronderstel word nie, en terwyl sommige Afrikaanse verskynsels in terme van Nederlands verduidelik word, word die Nederlands self ook uiteengesit. In wese is hierdie bronne dus eerder deskriptief van oriëntasie, en nie standaardiserend of met die doel van standaardisering voor oë nie. Daar word nie definitiewe voorskrifte gegee wat op standaardisering gemik is nie, maar slegs beskrywings van die taalgebruik van die tyd.

Die twee uitsonderings, wat nie vir vreemdetalssprekers (alleen) geskryf is nie, verskil in wese besonder baie van mekaar, en van die ander bronne. Du Toit se *Fergelykende Taalkunde* wil Afrikaans en Engels op dieselfde vlak plaas, en sekere belangrike grammatikale kwessies naas mekaar bespreek om so doende ooreenkomste te beklemtoon, en verskille te verduidelik. Oom Piet se *Praktiese Leerboek* is besonder eenvoudig in vorm en in die hantering van taalverskynsels. Daar word min of geen verduideliking

gegee van die verskillende taalvorme nie, maar hoofsaaklik lyste met voorbeelde gegee waaruit die leser dan moet aflei wanneer sekere vorme gepas is. Dit is nie duidelik op watter leesgehoor dit gemik is, of wat die spesifieke doel van die boek is nie; daar is nie 'n voorwoord of inleiding wat lig daarop werp nie, en dit kan ook nie met enige mate van sekerheid uit die aanbieding van die inhoud afgelei word nie.

Hierdie deskriptiewe bronne dui op heelwat wisselvorme en variasie in vorme. Daar is soms 'n aanduiding van die konteks wat 'n keuse tussen wisselvorme sou beslis, maar daar is ook heelwat variasie wat gewoon aangedui word sonder verdere verduideliking. Van Oordt (1903:21) dui byvoorbeeld aan dat die vorm van woorde met *t/n*-slotkonsonant kan afhang van die grammatikale tyd waarin dit gebruik word, terwyl De Waal (1910:71,73) variasie in *g*-slotkonsonant gewoon as wisselvorme aandui.

Daar kan dus uitgewys word dat daar tot op hierdie stadium weinig bronne in Afrikaans oor Afrikaans beskikbaar was, en dat dié wat wel in sirkulasie was, nie besonder gesofistikeerd, deeglik en sistematies was nie. Van die bronne vir vreemdetaalsprekers was wel heelwat meer informatief en toeganklik, maar daar kan nie met sekerheid bepaal word hoeveel Afrikaanse moedertaalsprekers en -skrywers hulle sou steur aan bronne wat nie aan 'n Afrikaanse gehoor gerig is nie.

#### 3.4.4 OOR NORMATIEWE BRONNE GEPUBLISEER TYDENS DIE SKRYF VAN DIE KORPUSINSKRYWINGS

##### 3.4.4.1 **1917 – Afrikaanse Taalboek: praktiese wegwyser bij die vernaamste moeilikhede in verband met die Afrikaanse Grammatika (D.F. Malherbe)**

###### 3.4.4.1.2 **Algemeen**

Hierdie normatiewe bron is van besondere belang vir hierdie studie, aangesien Totius 'n direkte hand in die ontstaan daarvan het:

dit sou nie geskrywe gewees het nie als Prof. Dr. J.D. du Toit, wat die noodsaaklikheid van iets dergelyks daadwerklik bij die Bijbelvertaling ondervind het, mij nie daartoe kragtig aangespoor het nie. Aan hom dank ek ook ettelike nuttige wenke en selfs onbaatsugtige stoffelike hulp (Malherbe, 1917:3).

Die implikasies hiervan is verreikend, en word in die interpretasie van die bevindings betrek. Daar word ook pertinent genoem dat "die beste skrywers" (Malherbe, 1917:3) nagevolg is in die vasstelling van die hantering van taalverskynsels, wat nou hierby aansluit.

Verder noem die skrywer pertinent dat die boek nie geskryf is vir "beginners" nie, maar vir dié wat reeds 'n grondige kennis van die taal het. Dit impliseer ook dat die sake wat aangeroe word, in meer diepte bespreek sal word as in baie ander normatiewe bronne. Hy stel die boek ook teenoor ander ouer bronne

daarin dat die ouer bronne, volgens hom, dikwels hoofsaaklik handel oor spelling; uit die bronne wat in die vorige afdeling bestudeer is, is dit egter duidelik dat dit tog nie die geval is nie. Hierdie boek is dan egter volgens Malherbe meer volledig as voriges in die hantering van ander taalsake. Hy stel wel pertinent dat dit nie 'n grammatika is nie, maar wel 'n "taalboek" (Malherbe, 1917:3). Dit blyk dat die onderskeid beteken dat dit nie 'n rigiede reg-en-verkeerd en (volgens die skrywer) eensydige meedeling van taalreëls is nie, maar 'n praktiese handleiding vir die gebruik van Afrikaans. In hierdie taalboek word die werkwoord dan uitvoerig bespreek.

Daar word ook iets van die taalpolitiek en taalideologie van die tyd gewys in die inleiding. Die skrywer noem dat taal meer is as slegs 'n middel van uitdrukking, "maar word voorwerp van sijn beskouing" (Malherbe, 1917:7), wat sterk aanklank vind by die Afrikanerideologie van die dag. Verder word uitgewys dat Afrikaans vir baie nog 'n kombuistaal is, wat dit ook reken as sonder reëls of grammatika (Malherbe, 1917:8). Daar word ook indirek gewys op die nodigheid van 'n standaard vir die skryftaal: "die behoefte aan 'n algemeengeldige en algemeenverstaanbare uitdrukkingsmiddel" (Malherbe, 1917:9), wat hierdie boek ook poog om te bevorder. Dit wys dat Malherbe bewus is daarvan dat hy hierdie boek skryf tydens 'n oorgangsperiode, waartydens Afrikaans 'n opkomende taal is, maar nog nie 'n gevestigde standaardtaal nie. Hy noem dat toonaangewende skrywers, tydskrifte en koerante ernstig bou aan 'n standaardtaal – en "[d]ie goeie skrywer sal altijd gesag uitoefen" (Malherbe, 1917:13). Wanneer hy egter vra waar 'n goeie skrywer dan sy norme vandaan kry, blyk dit dat "die vorm van uitdrukking wat die groot meerderheid gebruik" nie net beskaafde taalgebruik aandui nie, maar dit is ook "die hoogste en enigste wetgewer op gebied van die taal" (Malherbe, 1917:13).

#### 3.4.4.1.2 **Werkwoorde**

Kort na die aanvang van die hoofstuk oor werkwoorde, word die uitsondering van die stamvorm van die groep woorde "[g]aan, staan, slaan, doen, sien" genoem (Malherbe, 1917:54). Daar word gestel dat die infinitief hier slegs *-n* ken (Malherbe, 1917:54). Die outeur beveel ook pertinent aan dat, met die oog op onderwys, 'n normalisering in die rigting van *n*-vorme onderneem word (Malherbe, 1917:54). Dit is opmerklik dat, terwyl daar nie voorgeskryf word nie, daar tog die vrymoedigheid geneem word om 'n aanbeveling te maak, wat eksplisiete standaardisering is deur die onderdrukking van variante.

Kort daarna word woorde met verskillende variante bespreek, en die volgende voorbeelde word genoem wat vir hierdie studie van belang is: klaag/klae/kla, vraag/vra, draag/dra, leg/lê, seg/sê, krijg/krij, veeg/vee (Malherbe, 1917:55). Al hierdie vorme word nog as gebruiklik erken.

Wanneer die verlede tyd bespreek word, word daar gestel dat dit aangedui word met *het* en die verlede deelwoord, maar dat sommige gevalle ook *is* kan neem (Malherbe, 1917:56). Daar word eers nie hier verder uitgebrei oor wanneer *is* gebruik sou word nie. Die gebruik van *het* of *is* as hulpwerkwoorde in die verlede tyd kom wel later weer aan die orde, en die gebruik van *is* word dan wel opgeklaar as slegs

saam met 'n aantal onoorganklike werkwoorde, byvoorbeeld "Dit is geskied. Jij is baie verander. Hij is groot geword." (Malherbe, 1917:60).

Daarna word "sterke vervoeging" bespreek, met voorbeelde "was, wou, sou, kon, moes, had, wis, dag (dog), werd, mog" (Malherbe, 1917:56). Daar word egter dadelik genoem dat *werd* 'n boekvorm is, wat in die skryftaal "tamelik gangbaar" geword het (Malherbe, 1917:56). Die gebruik van *had* word egter in alle gevalle veroordeel, en beskryf as "nie alleen oorbodig nie maar dan beteken dit selfs 'n vergriep teen ons taalaard" (dit word met voorbeelde toegelig, maar nie verder verduidelik nie) (Malherbe, 1917:57). Daar word ook genoem dat die gebruik van *had* in die literatuur besondere inkonsekwensie toon (Malherbe, 1917:57). Die toegewing word egter gemaak dat *had* gebruik kan word in 'n voorwaardelike en wensende sin, byvoorbeeld "Had ek tog maar mijn jas meegeneem! Had ek maar mijn plig gedaan!" (Malherbe, 1917:58), en dus ook net in 'n hulpwerkwoordelike funksie, en nie as 'n hoofwerkwoord nie.

#### 3.4.4.2 1920? – Die Afrikaanse Taal Eksamen: Grammatika vir die Laer en Hoër eksamen (M.M. Jansen)

##### 3.4.4.2.1 Algemeen

Soos wat uit die titel van die boek afgelei kan word, is hierdie bron nie 'n in-diepte grammatika vir taalkundiges nie. Die fokus hier is om leerlinge voor te berei op skoolvlak, en die diepte waarin grammatikale kwessies behandel word, weerspieël dit. Daar word tog steeds etlike bladsye aan die werkwoord gewy, en verskeie belangrike sake daarrondom word in redelike diepte bespreek.

##### 3.4.4.2.2 Werkwoorde

Een van die eerste kwessies wat aan die orde kom, is die variante *gaan, staan, slaan, sien* en *doen*, en dit word aangedui dat in die tweede en derde persoon ('n Nederlands-gebaseerde onderskeid), in die enkelvoud, ook die vorme met 'n eind-*t* gebruik kan word (Jansen, 1920?:13), wat daarop dui dat daar nog 'n bewustheid van die Nederlandse vervoegingstelsel was. Daar word egter kort daarna genoem dat die "reëlmatige vorms op *n*" meer gebruiklik is, veral vir onderwysdoeleindes (Jansen, 1920?:13), wat eksplisiete standaardisering is deur die onderdrukking van variante ter wille van eenvormigheid.

In voorbeelde van verledetydskonstruksies word die woordvorme *had* en *werd* aangedui as gebruiklik in die volmaakte verlede tyd (Jansen, 1920?:13-16). Hy skryf dat die volmaakte verlede tyd wel selde, maar tog gebruik word (Jansen, 1920?:14). Later word die gebruik van *werd* ook aangedui by die verlede tyd van *word* (Jansen, 1920?:24), en *werd* en *had* word vrylik in latere voorbeeldsinne gebruik.

Die kwessie van die gebruik van *is* as hulpwerkwoord in die verlede tyd, word hier in meer besonderhede bespreek:

Enkele w.w. wat 'n gebeurtenis of 'n verandering van toestand aantoon kan in die verlede tyd ook *is* in plaas van *het* gebruik. Soos: Dit *is* gister gebeur, dit *is* geskied. Hij *is* gestorwe. Hij *is* verander, hij *is* grootgeword. Hij *is* getrouwd. Met die uitsondering van "hij *is* gestorwe" alleen verkies die Afrikaner selfs in hierdie gevalle om te sê "Dit *het* gebeur, *het* geskied. Hij *het* verander, *het* getrouw ... Waar die w.w. trouw oorganklik is ... dan gebruik 'n mens *het*, maar waar dit 'n verandering van toestand aandui kan jii *is* gebruik... (Jansen, 1920?14).

Daar word ook gewys op 'n klas van werkwoorde wat twee vorme het, waarvan een groep is:

- klaag, kla
- vraag, vra
- jaag, ja
- draag, dra
- leg, lê
- seg, sê
- krijg, krij
- vlieg, vlie
- ploeg, ploeg
- veeg, vee

(Jansen, 1920?:25). Dit handel dus oor variasie in die slotkonsonant.

Die vorm *win* word ook aangedui as 'n variant van *wen* (Jansen, 1920?:26), *gedaan* as 'n variant van *gedoen*, en *opwin* en *opgewin* as die werkwoordvorm van die verlede deelwoord *opgewonde* (Jansen, 1920?:27), waarmee die variasie in die slotkonsonant en in die werkwoorde in verledetydskonstruksies aangedui word.

#### 3.4.4.3 1921 – *Maskew Miller se Afrikaanse Grammatika (M.C. Botha & J.F. Burger)*

##### 3.4.4.3.1 Algemeen

Hierdie grammatika is weereens vir skoolleerlinge geskryf, "noudat Afrikaans orals in skole ingevoer en geleer word..." (Botha & Burger, 1921:i). Dit word benadruk dat dit nie sommer 'n vertaling van Maskew Miller se grammatika vir Engelssprekendes is nie, maar 'n hele nuwe boek om die spesifieke sake van belang vir Afrikaanssprekendes te behandel. Daar word drie hoofstukke uit Deel II aan werkwoorde gewy, met talle voorbeelde en lyste.

### 3.4.4.3.2 **Werkwoorde**

Daar word etlike bladsye aan die werkwoord gewy voordat 'n kwessie van belang vir hierdie studie, na vore kom. Dit is in die vorm van die gebruik van die woord *gedaan* in 'n voorbeeldsin van die "voltooid verlede toekomstige tyd" (Botha & Burger, 1921:116).

Kort daarna word verwys na die variante "gaan of gaat", "slaan of slaat", "staan of staat", "sien of siet" en "doen of doet" (Botha & Burger, 1921:117). Daar word geen onderskeid getref tussen wanneer die verskillende vorme gebruiklik is nie. Daar word nog 'n stel variante genoem wat naas mekaar gebruik word:

- *vraag/vra*, *waag/wae/wa*, *draag/dra*, *leg/lê*, *seg/sê*, *jaag/ja*, *veeg/vee*, *saag/sae*, *ryg/rye*, *vlieg/vlie/vlieë*, *lieg/lie*, *bedrieg/bedrieë*, *ploeg/ploeë/ploe*;
- *kleed/kee*;
- *terg/têre*, *sorg/sôre*;
- *geloof/glo*, *beloof/belo/belowe*;
- *begin/begint/beginne*, *reën/reent*, *behoor/behoort*;
- *spel/spelle*, *bid/bidde*, *vind/vinde*

(Botha & Burger, 1921:117) [die voorbeelde van belang is gekursiveer, JK]. Daar word ook hier geen verduideliking gegee of aangetoon watter vorme verkieslik of meer gebruiklik is binne watter kontekste nie.

Verderaan word gestel dat Afrikaans sekere Nederlandse vorme afgesterf het, onder andere die imperfektum – "kwam, sag, werd, stond, ens." (Botha & Burger, 1921:117) – en die plusquamperfektum – "met had" (Botha & Burger, 1921:117-118). Die gebruik daarvan word selfs pertinent afgekeur en as onnodig bestempel, omdat dit 'n "onnodige kloof gaan vestig tussen spreek- en skryftaal" (Botha & Burger, 1921:118), hoewel dit nie verder verduidelik of gemotiveer word nie. Dit word egter erken dat beide *had* en *werd* nog sporadies in die skryftaal voorkom, maar dit word as onnodig beskou (Botha & Burger, 1921:118).

Daarna word die gebruik van die hulpwerkwoord *is* in verledetydskonstruksies aangedui; weereens wanneer dit "'n verandering van plaas of toestand aandui" kan sowel *het* as *is* gebruik word (Botha & Burger, 1921:118). Dit word ook bevestig verderaan onder die opskrif "Hulpwerkwoorde" (Botha & Burger, 1921:137).

### 3.4.4.4 **Algemene opmerkings oor normatiewe bronne uit 1916-1922**

In die tydperk van 1916 tot 1922 kan daar 'n groot verandering in die aard en kwaliteit van normatiewe bronne in Afrikaans oor die Afrikaanse taal gesien word. Die hantering van grammatikale kwessies is uit-

gebreed en gaan in heelwat meer besonderhede in. Selfs die boeke wat vir skoolgebruik geskryf is, toon tekens van sofistikasie en dieper insig in grammatikale kwessies wat voorheen ontbreek het. Daar word ook uitsprake gemaak oor die gepastheid van sekere taalverskynsels, en of dit bevorder of afgekeur behoort te word.

Die aard en doel van hierdie bronne is duidelik gemik op die standaardisering van Afrikaans, die ontwikkeling en daarstel van 'n algemeen gebruiklike Afrikaanse volkstem, en die opheffing van Afrikaans tot op die vlak waar dit nie meer as slegs 'n "kombuistaal" gesien sal word nie, maar benut sal word in alle domeine van die publieke lewe. In Haugen se woorde is normkodifikasie dus reeds hier aan die gebeur, aangesien daar in hierdie tyd 'n aantal verwysingswerke verskyn, wat 'n eksplisiete normatiewe linguistiese kode daarstel (Deumert & Vandenbussche, 2003a:6). Normimplementering het ook reeds 'n aanvang geneem, aangesien Afrikaans reeds as onderrigtaal in laerskole aangeneem is en verskeie normatiewe bronne juis op skole gemik is. Afrikaans is ook reeds in sommige kerkverbande gebruik en is al hoe meer in die openbare domein aanvaar; dus, Standaardafrikaans het begin om sosiopolities te realiseer (Deumert & Vandenbussche, 2003a:7).

### 3.4.5 NORMERING IN DIE MEDIA

#### 3.4.5.1 *Oorsig*

Tydens die vroeg twintigste eeu is daar vir die eerste keer gereeld Afrikaanse tekste in koerante en tydskrifte gepubliseer. Lesers en skrywers het egter dikwels vrae gehad oor watter taalvorme om te gebruik, en vir 'n tyd lank het publikasies die vrymoedigheid geneem om uitsprake hieroor te publiseer. Daar is ook stukke gepubliseer wat handel oor die Afrikaanse taalvraagstuk, en of Afrikaans enigsins as formele skryftaal aangewend behoort te word.

Die publikasie *De Unie* het in 1907 die eerste ophelderings oor taalkwessies gepubliseer, maar dit handel oor die vereenvoudigde Nederlandse spelling wat op daardie stadium gebruik is. In 1908 is daar in die publikasie kommentaar gelewer daaroor dat slegs Engels as voertaal aan universiteite gebruik word, in 1911 is daar verslag gegee van die Akademie se vergadering, en in 1913 is vertel van 'n boek wat Afrikaans en Hollands met mekaar vergelyk – Afrikaans as sodanig, en Afrikaanse norme is dus nog nie bespreek en beskryf nie. Teen 1919 is daar reeds in Afrikaans geskryf in *De Unie*, ook oor verskillende onderwerpe oor Afrikaans: Afrikaans in die kerk (1919), die vasstelling van die plek van Afrikaans (1920) en Afrikaans op skole (1920) word onder andere beskryf. In hierdie spesifieke publikasie is daar egter nie aan meer spesifieke, taalinterne normatiewe kwessies aandag gegee nie.

Die publikasie *Die Brandwag* was egter heelwat meer eksplisiet betrokke by die seleksie en implementering van Afrikaanse taalnorme, veral dié van spelling. Teen 1910 is daar aan meer algemene gebeure aandag gegee, soos die eerste sitting van die Akademie, maar daar is ook spesifieke kommentaar

gelewer oor watter spellingsisteme of -norme om na te volg. Daar is ook 'n artikel gepubliseer wat 'n pleidooi lewer vir eg Afrikaanse spelling, en die beginsels van die GRA, eerder as Nederlandse norme. Vir enkele jare is daar dan net algemene taalkwessies bespreek. In 1914 is daar 'n bespreking oor of Afrikaans as skryftaal gebruik behoort te word of nie, en Afrikaanse spelling is ook telkens bespreek. In 1915 is die Akademie se spelreëls in *Die Brandwag* gepubliseer. Later is daar weer na meer algemene taalkwessies verwys. Hoewel dit slegs spelling is waarmee *Die Brandwag* sigself bemoei het, het dit meegehelp met die normering van Afrikaans deurdat dit spesifieke riglyne aan lesers en skrywers deurgee het om na te volg in 'n tyd wat daar nog weinig formeel geformuleerde norme beskikbaar was.

Die tydskrif *D(i)e Huisgenoot* was ook doelbewus aktief betrokke by die standaardisering van Afrikaans as skryftaal. In 1917 het daar 'n reeks taalvrae en -antwoorde oor Afrikaans in *De Huisgenoot* verskyn, wat handel oor 'n verskeidenheid van taalkwessies, onder andere gewoon spelling, maar ook oor die keuse tussen wisselvorme of variante. Van 1918 tot 1921 is meer algemene taalsake bespreek, soos Afrikaans in die kerk en die moontlikheid van Afrikaans as amptelike taal. Die Akademie se spelreëls is ook telkens bespreek, hoewel die besprekings minder gefokus was op spesifieke spellingkwessies, en meer op die algemene implementering van die norme, selfs van die redaksie self af. Terwyl daar dus grootliks gefokus is op meer algemene taalsake, is daar waardevolle uitsprake gemaak oor spesifieke normatiewe kwessies wat lesers teëgekóm en vrae oor ingestuur het.

In die publikasie *Die Banier* lewer die redaksie self nie 'n eksplisiete bydrae tot die standaardisering van Afrikaans nie, hoewel daar in 1920 en 1921 stukke geplaas is wat lesers ingestuur het oor taalkwessies. In die een geval het die redaksie wel terugvoer oor die leser se spesifieke vrae gegee, maar andersins is net algemene kommentaar gelewer oor die skrywe wat aan die publikasie gerig is.

Uit die ondersoek van die hantering van taalkwessies in die media van die tyd is dit duidelik dat daar oor die algemeen meer gefokus is op groter vrae oor die gebruik van Afrikaans en taalideologie, eerder as spesifieke normeringskwessies. Wanneer daar wel aandag gegee is aan meer spesifieke sake, het dit hoofsaaklik gehandel oor spellingkwessies aan die hand van vrae wat lesers ingestuur het. Aan die een kant is daar dus kwessies hanteer wat deur die taalgemeenskap as problematies uitgewys is, wat dit besonder relevant gemaak het. Aan die ander kant is daar min dieper grammatikale kwessies hanteer van die aard wat in hierdie studie ondersoek word, hoewel dit ook enigsins voorkom. Die media het 'n meer komplementêre rol gespeel om 'n klimaat te skep waarbinne grammatikas en skoolopvoeding 'n groter invloed kon hê.

#### 3.4.5.2 **Werkwoorde**

Daar is slegs twee van die verskynsels in hierdie studie wat direk hanteer is in die ondersoekte publikasies, en nog een is indirek by 'n ander betrek.

Die eerste verskynsel wat meer as een keer na vore kom, is die wisseling in stamvokaal. In 'n aantal uitgawes van *Die Huisgenoot* in 1918 is daar uitgebreide aandag gegee aan die kwessie of *ek* of *ik* gebruik behoort te word in Afrikaans. Daarmee saam word ander variante in die stamvokaal ook dikwels bespreek, soos byvoorbeeld *denk* en *dink*, en *brenng* en *bring*, waar daar telkens voorkeur getoon word vir die *-i*-variant.

In 'n ander skrywe in dieselfde reeks briewe en antwoorde oor die *ek/ik*-kwessie, het die redaksie terloops verwys na die verlede deelwoorde van sekere woorde, onder andere *gekog* en *gebrog* (*Die Huisgenoot*, 1918:368). Dit is nie sentraal in die bespreking nie, maar die manier wat daarna verwys is, dui aan dat daardie vorme nie meer gebruiklik was vir Afrikaans nie.

Die ander verskynsel waarna pertinent verwys is in die ondersoekte publikasies, is die gebruik van *werd* as hulpwerkwoord in 1921 in *Die Banier*, in antwoord op 'n vraag daaroor wat deur 'n lesers ingestuurd is. Die moontlike gebruike van *werd* is verduidelik, en daar is genoem dat die gebruik daarvan in die skryftaal ingeburger is, hoewel dit nie aangemoedig hoef te word nie (*Die Banier*, 1921:168). Daar is genoem dat die gebruik van *werd* wel 'n nuttige rol kan speel waar woorde beide 'n verlede deelwoord of 'n byvoeglike naamwoord kan wees, om die onderskeid aan te dui (*Die Banier*, 1921:168).

Waar daar uitsprake gemaak is in die media oor die verskynsels wat in hierdie studie ondersoek word, stem dit in breë trekke met ander normatiewe werke ooreen in die aanbevelings wat gemaak is.

### 3.5 SAMEVATTING

Die sosiohistoriese agtergrond van Suid-Afrika is van besondere belang vir die bestudering van die geskiedenis van Afrikaans, aangesien daar, soos met baie ander tale, 'n sterk politieke element betrokke was met die standaardiseringsproses, waartydens groot verandering deur reduksie van variasie meegebring is. Die belangrikste vir die konteks van Afrikaanse standaardisering is die tweede Afrikaanse taalbeweging, wat geslaag het in die doel om Afrikaans as selfstandige taal te verhef wat uitgebrei is tot alle domeine van die lewe. Die verskeidenheid normatiewe bronne uit die tyd wat bespreek is, het nie net bygedra tot die reduksie van variasie en kodifikasie van die standaard nie, maar is ook 'n handige bron vir die soek van moontlike wisselwerking tussen die tekste van vooraanstaande, bekende en hoogs aangeskrewe skrywers (soos Totius) en die normatiewe bronne self. Tydens die bespreking van die analyses van die onderskeie verskynsels in hoofstuk 5 sal hierdie invalshoek ook ondersoek word aan die hand van die bogenoemde oorsigte.

## HOOFSTUK 4 METODOLOGIE

### 4.1 INLEIDING

Hierdie studie word uit 'n korpuslinguistiese hoek onderneem, 'n eerste vir diachroniese studies in Afrikaans. In hierdie hoofstuk word die korpuslinguistiek as navorsingsmetode beskryf, met spesifieke aandag aan wat 'n korpus is, en hoe dit gebruik kan word in diachroniese studies. Daarna word die korpusse van hierdie studie beskryf, asook hoe die data in die korpus geanaliseer is.

### 4.2 KORPUSLINGUISTIEK AS NAVORSINGSMETODE

In taalstudie kan daar onderskei word tussen die studie van die struktuur van taal en die studie van die gebruik van taal (Biber *et al.*, 2006:1). Die korpuslinguistiek is die studie van taal gebaseer op voorbeelde van werklike taalgebruik (McEnery & Wilson, 2001:1), van die taal wat gebruik is in natuurlike situasies (Biber *et al.*, 2006:1). McEnery en Wilson (2001:2) stel duidelik dat die korpuslinguistiek nie 'n aspek van taal is wat beskrywing of verduideliking nodig het nie, maar dit is 'n metodologie waarvolgens aspekte van taal ondersoek word.

Hierdie metodologie is in die verlede egter nie altyd so gunstig ontvang soos wat tans die geval is nie. Die bekende taalkundige Noam Chomsky het hom sterk daarteen uitgespreek. Sy grootste probleem het gelê by die belangrike vraag: wat moet 'n taalkundige beskryf? Volgens Chomsky moes *competence* eerder as *performance* beskryf word, waar *competence* die moedertaalspreker se interne kennis van 'n taal is, terwyl *performance* taalgebruik, of die eksterne uitdrukking van *competence* in 'n spesifieke situasie is, wat deur buitetalige faktore beïnvloed kan word (Chomsky, 1965:3-4). Chomsky het dus beweer dat korpusse nooit sinvol gebruik sal kan word deur 'n taalkundige nie, omdat dit slegs *performance* kan beskryf, eerder as *competence* (McEnery & Wilson, 2001:6). In historiese linguistiek is die huidige moedertaalspreker se *competence* egter van min waarde, omdat dit geen oordeel kan maak oor die struktuur van 'n taalvorm wat in die verlede gebruik is nie. Vir die doel van historiese linguistiek kan slegs die *performance* van taalgebruikers uit die relevante tyd beskryf word, en is die korpuslinguistiek een van die wyses waarop dit gedoen kan word.

'n Verdere punt van kritiek van Chomsky teen korpuslinguistiek was die ongebalanseerdheid en onvertegenwoordigendheid ("skewedness") van korpusse (McEnery *et al.*, 2006:3), wat nie die somtotaal van 'n taal kan verteenwoordig nie, en dus ook nie stellings kan maak wat vir die hele taal geldig is nie. In die tyd wat hierdie kritiek gelewer is, was dit sekerlik waar (McEnery *et al.*, 2006:3), maar sedertdien het die ontwikkeling van tegnologie en die vermoë van rekenars om data te prosesseer taalkundiges in staat gestel om veel groter korpusse saam te stel, wat veel meer verteenwoordigend is as dié in die

vyftigerjare, en wat met rekenaarhulpmiddels ondersoek en geanaliseer kan word, wat selfs sodoende 'n deel van die menslike foute uitskakel. Volgens McEnery *et al.*:

[W]ith the developments in technology, and especially the development of ever more powerful computers offering ever increasing processing power and massive storage at relatively low cost, the exploitation of massive corpora became feasible. The marriage of corpora with computer technology rekindled interest in the corpus methodology (2006:4).

Empiriese data stel die taalkundige in staat daartoe om stellings oor taal te maak wat objektief is, en gebaseer is op werklike taalgebruik, eerder as subjektiewe stellings wat gebaseer is op 'n individuele taalgebruiker se eie geïnternaliseerde kognitiewe persepsie van die taal (McEnery & Wilson, 2001:103). Die gebruik van empiriese data stel die taalkundige ook in staat om taalvariëteite te ondersoek, soos dialekte of taal uit 'n vroeër periode, waar dit nie moontlik sal wees om 'n rasionalistiese benadering te gebruik nie (McEnery & Wilson, 2001:103). Korpusse stel navorsers in staat om kategorieë te tel binne die tradisionele benaderings tot taal, en stel navorsers verder ook in staat om kategorieë en verskynsels raak te sien wat vantevore onbekend was (Hunston, 2002:1).

'n Verdere voordeel van die korpuslinguistiek, teenoor intuïsie, is dat 'n korpus betroubare kwantitatiewe data kan verskaf (McEnery *et al.*, 2006:52). Die kwantitatiewe analise van 'n verteenwoordigende korpus se bevindinge kan goed gebruik word vir veralgemening; dit stel taalkundiges in staat om vas te stel watter verskynsels waarskynlik ware uitbeeldings van 'n taalvorm is en watter bloot per toeval voorkom; dit stel taalkundiges ook in staat om 'n akkurate voorstelling van die frekwensie en skaarsheid van spesifieke verskynsels te maak, wat sigself verleen tot oordele oor die normaliteit of abnormaliteit daarvan (McEnery & Wilson, 2001:76-77). McEnery en Wilson (2001:77) wys egter ook daarop dat "the picture of the data which emerges from quantitative analysis is necessarily less rich than that obtained from qualitative analysis". Daarom moet kwantitatiewe patrone ook vergeesel word van funksionele interpretasies wat verduidelik waarom die patrone bestaan (Biber *et al.*, 2006:9).

Teenoor kwantitatiewe analyses is daar ook kwalitatiewe wyses van analise. Dit gee 'n ryk en gedetailleerde perspektief op die data; skaars verskynsels kry dieselfde aandag as meer frekwente verskynsels; en, omdat die doel volledig gedetailleerde beskrywing eerder as kwantifisering is, kan delikate variasie op die voorgrond gestel word (McEnery & Wilson, 2001:6). Veelvoudigheid in vorme en betekenis is inherent aan taal, aan die een kant toevallig, maar aan die ander kant ook deur doelbewuste gebruik van taalgebruikers (McEnery & Wilson, 2001:76). Die feit dat kwalitatiewe analise nie hoofsaaklik met klassifikasie gemoeid is nie, beteken ook dat hierdie veelvoudigheid volledig erken kan word in die analyses, en sodoende voorkom dat 'n potensieel misleidende interpretasie op die data geforseer word (McEnery & Wilson, 2001:76).

Die korpusgebaseerde metode stel die taalkundige in staat om groot hoeveelhede taal te hanteer en steeds baie kontekstuele faktore in ag te neem (Biber *et al.*, 2006:3).

This approach takes advantage of: computers' capacity for fast, accurate, and complex analyses; the extensive information about language use found in large collections of natural texts from multiple registers; and the rich descriptions that result from integrating quantitative findings and functional interpretations (Biber *et al.*, 2006:233).

Kenmerke van korpusgebaseerde analyses sluit in:

- dit is empiries, en analiseer patrone van gebruik in natuurlike tekste;
- dit gebruik 'n groot versameling natuurlike tekste, bekend as 'n korpus, as basis vir analises;
- dit maak omvangryk gebruik van rekenars vir analises, beide outomatiese en interaktiewe tegnieke; en
- dit gebruik beide kwantitatiewe en kwalitatiewe tegnieke

(Biber *et al.*, 2006:4).

Patroonmatigheid speel 'n groot rol in die korpuslinguistiek, en analises poog om tipiese patrone uit te wys (Biber *et al.*, 2006:3). Die doel daarvan om sulke patrone uit te wys is tweevoudig: eerstens bepaal dit die omvang van die patroon, en tweedens word die kontekstuele faktore wat variasie veroorsaak, geanaliseer (Biber *et al.*, 2006:3). Biber *et al.* (2006:5) verwys na assosiasiepatrone ("association patterns") wat deur korpusmetodes uitgewys kan word – dit is die sistematiese wyse waarop linguistiese verskynsels gebruik word in assosiasie met ander linguistiese en nie-linguistiese verskynsels. Assosiasiepatrone kan op twee wyses ondersoek word, naamlik om op die linguistiese verskynsel te fokus, of om op die eienskappe van tekste of variëteite te fokus (Biber *et al.*, 2006:5), hoewel in gedagte gehou moet word dat linguistiese en nie-linguistiese assosiasiepatrone nie onafhanklik van mekaar is nie (Biber *et al.*, 2006:7).

Hunston (2002:1) waarsku egter: "Corpus findings can be seductive, and it is important to be aware of the possible pitfalls in their production."

#### 4.2.1 WAT IS 'N KORPUS?

'n Eenvoudige, breë sin waarin die woord "korpus" soms gebruik word, is "a large and principled collection of natural texts" (Biber *et al.*, 2006:12). In terme van hedendaagse korpuslinguistiek het die definisie egter heelwat meer spesifiek geword. Dit verwys na 'n versameling tekste wat sekere eienskappe bevat. Die versameling is elektronies of masjienleesbaar (Gries, 2009:7; Hunston, 2002:2; McEnery *et al.*, 2006:4; McEnery & Wilson, 2001:32), saamgestel uit outentieke, natuurlike tekste (geskrewe en getranskribeerde gesproke data) (Gries, 2009:7; Hunston, 2002:2; McEnery *et al.*, 2006:5) wat saamgestel is om 'n spesifieke taal of taalvariëteit verteenwoordigend en gebalanseerd voor te stel (Gries, 2009:7; McEnery *et al.*, 2006:5; McEnery & Wilson, 2001:32), met die doel om gebruik te word vir linguistiese analises (Gries, 2009:7; Hunston, 2002:2). McEnery en Wilson (2001:32) wys egter daarop dat daar in sekere gevalle van die prototipiese definisie afgewyk kan word, en daar sal later hierna teruggekeer word. Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat 'n korpus gedefinieer kan word volgens beide

die vorm en doel daarvan (Hunston, 2002:2). Daar kan byvoorbeeld 'n onderskeid getref word tussen 'n korpus as 'n versameling tekste, byvoorbeeld vir teksanalitiese doeleindes, en 'n korpus as 'n versameling van monsters van 'n taal, byvoorbeeld vir linguistiese doeleindes (Hunston, 2002:32).

'n Korpus poog om 'n taal of deel van 'n taal voor te stel (Biber *et al.*, 2006:246). Wanneer 'n korpus dan ontwerp word, hang dit af van wat dit veronderstel is om voor te stel; daaruit vloei weer voort watter tipe navorsingsvrae vanuit die korpus beantwoord kan word, en in hoeverre die resultate veralgemeen kan word (Biber *et al.*, 2006:246). Korpuslinguïste moet dus in gedagte hou "what their corpora can reasonably be taken to represent" (McEnery & Wilson, 2001:125).

Aan die begin van 'n korpusversamelingsprojek sal die navorsingsplan in detail uiteensit hoe die taalvariëteitmonsters geneem sal word, en hoeveel monsters van hoeveel woorde versamel sal word ten einde 'n voorafbepaalde totaal te bereik (McEnery & Wilson, 2001:31). 'n Korpus word dus beplan, hoewel toeval ook 'n rol speel in die versameling, en dit word ontwerp vir sekere linguistiese doelstellings (Hunston, 2002:2). Die spesifieke doel van die ontwerp bepaal die seleksie van tekste, en die doel daarvan is nie om die tekste op sigself te bewaar vir die intrinsieke waarde daarvan nie (Hunston, 2002:2), maar vir die onttrekking van linguistiese inligting wat in die taalgebruik daarvan voorkom. Die grootte van 'n korpus word ook bepaal deur die doel waarvoor dit saamgestel word, sowel as ander praktiese oorwegings (McEnery *et al.*, 2006:71) soos die beskikbaarheid van spesifieke tipes tekste, of tekste uit 'n spesifieke tydperk.

Daar is ook sekere beperkings verbonde aan 'n korpus:

- 'n Korpus gee nie inligting oor of iets moontlik is of nie, slegs of dit frekwent is of nie (Hunston, 2002:22), en kan nie sonder meer die grammatikaliteit of aanvaarbaarheid duidelik maak nie.
- 'n Korpus kan niks meer wys as die inhoud daarvan nie (Hunston, 2002:22).
- 'n Korpus kan bewyse of voorbeelde gee, maar nie verdere inligting daaroor of interpretasies daarvan nie (Hunston, 2002:23).
- 'n Korpus gee taal weer buite die oorspronklike konteks (Hunston, 2002:23).

'n Korpus bevat dus geen nuwe inligting oor taal nie, maar deur die gebruik van sagteware kan nuwe perspektiewe op bekende inligting gevind word (Hunston, 2002:3). Dit word ook gestoor op so 'n wyse dat dit nie-lineêr bestudeer kan word op kwantitatiewe en kwalitatiewe wyses (Hunston, 2002:2). Deur die gebruik van rekenaars en sagteware kan elektroniese korpusse geprosesseer en gemanipuleer word in 'n kort tyd, teen minimale kostes; dit kan ook akkuraat en konsekwent geprosesseer word, menslike vooroordeel en foute vermy wat die resultate meer betroubaar maak, en ruimte laat vir outomatiese prosessering wat korpustekste kan verryk met verskeie metadata en linguistiese analyses (McEnery *et al.*, 2006:6).

Soms is dit nodig om 'n spesifieke korpus te ontwerp en versamel ten einde spesifieke navorsingsvrae te kan beantwoord (McEnery *et al.*, 2006:71). Die basiese onderskeid tussen algemene korpuse en spesifieke korpuse is dat algemene korpuse poog om 'n taal as geheel verteenwoordigend en gebalanseerd voor te stel, terwyl 'n spesifieke korpus ontwerp word om 'n spesifieke variëteit, register, genre, ensovoorts, voor te stel (Gries, 2009:9). Spesifieke of gespesialiseerde korpuse vervul dus 'n ander, maar steeds belangrike, doel as algemene, gebalanseerde korpuse (McEnery *et al.*, 2006:5).

Korpuse "are invaluable for doing what they do, and what they do not do must be done in another way" (Hunston, 2002:20). Byvoorbeeld, die korpuse in hierdie studie kan nie die korrektheid van 'n variant volgens die voorskrifte van die tyd aandui nie, maar dit kan wel aandui tot watter mate die variant in gepubliseerde werke gebruik is. Uit die bestudering van normatiewe bronne van die tyd kan daar egter beter vasgestel word wat die voorgeskrewe norme rakende die variant is, en in hoeverre daardie voorskrifte deur skrywers en uitgewers nagevolg is.

#### 4.2.2 KORPUSSE IN DIACHRONIESE STUDIES

Die gebruik van korpuse is besonder sinvol in diachroniese studies, aangesien dit die ondersoeker in staat stel om die ontwikkeling van die gebruik van spesifieke verskynsels met verloop van tyd (deur die gebruik van gedateerde tekste oor 'n tydperk) na te speur. 'n Historiese of diachroniese korpus is 'n korpus van tekste uit verskillende historiese periodes, wat gebruik word om die ontwikkeling van aspekte van taal oor tyd te ondersoek (Hunston, 2002:16). Dit baan die weg vir 'n verskeidenheid van ondersoeke (Biber *et al.*, 2006:203). Deumert en Vandenbussche gee die volgende riglyne oor die ontwerp van historiese korpuse:

[H]istorical corpus design should pay attention to primary documents – thus allowing one to trace the formation as well as diffusion of the standard norm as a sociolinguistic system – as well as secondary sources. The latter will allow for the comprehensive reconstruction of the discourses of standardization, and the debates and counter-debates that characterize most standard language histories... (Deumert & Vandenbussche, 2003b:461-462).

Diachroniese korpuslinguistiek val binne die skopus van korpuslinguistiek, maar is 'n gespesialiseerde ondersoek met spesiale korpuse wat daarvoor saamgestel word. Die korpuse is dikwels kleiner en minder verteenwoordigend as sinchroniese korpuse, omdat beskikbare tekste uit die betrokke tydperk(e) dikwels beperk is tot data wat "toevallig" of vir nie-historiese redes behoue gebly het, en dus altyd onvolledig is (Stockwell, 2007:57). Labov verwys hierna as die Historiese Paradoks, en stel voor dat enige spesifieke probleem van meer as een hoek benader word, om sodoende 'n triangulasie te skep, met die hoop dat die antwoord op die spesifieke vraag iewers tussen die verskillende invalshoeke gevind kan word (Labov, 1994:25). Verder kan diachroniese studies wat verder as enkele dekades teruggaan, glad nie spraak ondersoek nie, omdat daar geen rekord daarvan is nie.

Die doel van diachroniese korpuslinguistiese ondersoeke is gewoonlik redelik spesifiek: dit ondersoek die verandering van sekere taalverskynsels met verloop van tyd, of dit ondersoek die kenmerke van 'n taal op 'n spesifieke tydstip. Terwyl daar dus heelwat ooreenstemming met algemene korpuslinguistiek is, is sekere tipes ondersoeke nie sinvol vir diachroniese studies nie (byvoorbeeld vrae oor die aanleer van taal), en ander, soos die ontwikkeling van taalkundige verskynsels met verloop van tyd, is weer juis geskik vir diachroniese korpuslinguistiese ondersoeke.

In die diachroniese bestudering van Afrikaans is daar in die verlede al dikwels van geskrewe data en selfs saamgestelde korpusse gebruik gemaak, soos in die geval van Deumert (2004). Ondersoeke het egter nie volgens korpuslinguistiese konvensie geskied nie. Tot en met die vyftigerjare van die vorige eeu, is daar verbasend min van werklike geskrewe data gebruik gemaak in die studies oor die diachronie van Afrikaans (kyk byvoorbeeld Brill, 1910; Bosman, 1924a, 1924b, 1928b). In die vyftigerjare het Scholtz 'n nuwe wyse van ondersoek begin, wat die filologiese skool genoem kan word. Scholtz en sy navolgers (onder andere Raidt en Conradie) het historiese tekste bestudeer om daaruit af te lei hoe die taal van sewentiende-eeuse Nederlands na Afrikaans ontwikkel het. Daar is dikwels gebruik gemaak van gedrukte weergawes van die Kaapse Taalargief, versamel deur Van Oordt, wat 61 471 woorde bevat. Goeie voorbeelde van hierdie tipe studies kan gesien word in Scholtz (1958), Conradie (1981, 1982, 1998) en Raidt (1991).

Die studie van Deumert, in 2004 gepubliseer uit haar tesis, gee 'n nuwe perspektief op die diachroniese bestudering van Afrikaans. Deumert gebruik die *Corpus of Cape Dutch Correspondence*, 'n korpus van persoonlike korrespondensie wat geskryf is van 1880 tot 1933, en wat 101 737 woorde bevat. Sy beskryf die doel van haar studie:

In other words, the study takes Joseph's (1987:15) hypothesis that 'standard languages come about through a historically stable, long-term sequence of developments' as a starting point, and describes the processes of linguistic focusing, evaluation, discursive rationalization and codification which shaped the early standardization history of Afrikaans, while paying due attention to continuing patterns of variation and persistent non-standard usages within the speech community (Deumert, 2004:8).

Sy gebruik statistiese metodes van analise, en interpreteer dit op grond van die beskikbare agtergrondinligting. Sy noem haar studie egter "Afrikaans historical sociolinguistics" (Deumert, 2004:8), en die fokus lê nie in die eerste plek op die ontwikkeling van sekere taalkundige verskynsels met verloop van tyd nie, maar eerder op die algemene variasie wat in die betrokke tydperk nog waargeneem kan word.

In hierdie studie word daar sterker op korpuslinguistiese metodes gesteun, en die verhouding van ou en moderne variante tot mekaar word vir elke jaar bereken. Hierdie getalle word dan op 'n kwalitatiewe wyse binne die betrokke konteks waarin dit voorkom, geïnterpreteer. In daardie opsig is dit 'n eerste vir die diachroniese bestudering van Afrikaans.

### 4.3 BESKRYWING VAN DIE KORPUS IN HIERDIE STUDIE

Die hoofkorpus wat in hierdie studie gebruik word, is saamgestel uit die Afrikaanse bydraes van die skrywer Totius (Prof. J.D. du Toit) in die tweeweeklikse publikasie *Het Kerkblad* van 1916 tot 1922. Die tydskrif *Het Kerkblad* was die amptelike publikasie van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika, gemik op die gemeentede van Gereformeerde gemeentes. Totius het dikwels hoofartikels oor Bybelgedeeltes geskryf, en ook gereeld korter berigte oor 'n verskeidenheid van onderwerpe. Die rede vir die spesifieke tydperk van die korpus, is omdat die eerste Afrikaanse tekste van Totius in *Het Kerkblad* in 1916 verskyn, en die publikasie in 1922 verander na *Die Kerkblad*, waarna al die inhoud Afrikaans is, en dit die einde van die oorgangstydperk tussen Nederlands en Afrikaans aandui. Dit is ook tydens hierdie tydperk wat die eerste suksesvolle pogings tot die standaardisering van Afrikaans deurgevoer is, en dit word gesien as 'n belangrike oorgangperiode van die gebruik van Nederlands as skryftaal na Afrikaans. Die korpus bestaan uit 158 128 woorde, met tussen 17 000 en 36 000 woorde per jaar (behalwe vir 1922, waaruit net een uitgawe ingesluit is voordat die publikasienaam verander het). Vir die kort tydperk waar tydens die inhoud daarvan geskryf is, is dit 'n korpus met aansienlike grootte in vergelyking met ander Afrikaanse diachroniese korpuse, byvoorbeeld Tregardt se dagboek wat 101 344 woorde bevat, Deumert se *Corpus of Cape Dutch Correspondence* wat 101 737 woorde groot is, en die Kaapse Taalargief wat 61 471 woorde bevat.

Voordele van hierdie korpus is dat die tekste tot op die dag van publikasie gedateer is, en die toename of afname van 'n verskynsel selfs oor die verloop van 'n paar maande nagevolg sou kon word. Verder, die feit dat al die tekste deur een outeur geskryf is, sluit die moontlikheid uit dat variasie voorkom op grond van persoonlike voorkeure. Die korpus gee nie voor om verteenwoordigend van die Afrikaanse taal as geheel uit die betrokke tydperk te wees nie, maar ondersoek die taalgebruik van 'n gerespekteerde, vooraanstaande lid van die taalgemeenskap en skrywer van verskeie wydgelese werke in verskillende genres. Die brontipe het ook die voordeel dat tekste in tydskrifte gepubliseer is kort nadat dit geskryf en ingestuur is, en dat daar minder redaksionele versorging by betrokke was as by byvoorbeeld die uitgee van boeke.

### 4.4 VERGELYKING EN KONTROLEKORPUSSE

Die taalgebruik van Totius word vergelyk met kontrolekorpuse wat saamgestel is, ten einde vas te stel of hy leiding neem tydens die standaardisering (en dus uitskakeling van variante) van Afrikaans, en of hy meer behoudend was in die keuses wat hy gemaak het. 'n Aantal normatiewe bronne wat voor en gedurende die tydperk gepubliseer is, word ook in ag geneem in die interpretasie van die resultate.

Die eerste kontrolekorpus wat gebruik word, is saamgestel uit gepubliseerde Afrikaanse boeke van verskillende skrywers. Hierdie bronne is uit die Africana-argief van die NWU verkry, en daar is afdrukke gemaak van 'n aantal opeenvolgende bladsye uit enige plek uit die boek, wat dan elektronies verwerk is.

Daar is vir elke jaar, van 1916 tot 1922, tien bronne van verskillende skrywers gebruik, en ongeveer 1 000 woorde uit elke bron ingesluit. Die totale woordtelling van die korpus beloop 73 302.

Die tweede kontrolekorpus wat gebruik word, is saamgestel uit Afrikaanse tekste in tydskrifte uit die betrokke tydperk. Tabel 4.1 gee 'n opsomming van watter tydskrifte in watter jare gebruik is. Daar is slegs artikels gebruik wat in Afrikaans geskryf is, ten spyte daarvan dat van die publikasies terselfdertyd ook nog Nederlandse tekste bevat het. Daar was deurgaans 'n sterk, onbetwyfelbare onderskeid te bespeur tussen tekste wat bedoel is om Nederlands te wees, en tekste wat bedoel is om Afrikaans te wees. Daar is ongeveer 20 000 woorde per jaar ingesamel uit soveel verskillende publikasies as wat beskikbaar was vir die jaar; in enkele gevalle is so min as 1 800 woorde vir 'n jaar gebruik uit 'n gegewe publikasie, wat op daardie stadium besonder min Afrikaanse tekste bevat het. Dit is dan aangevul tot by 20 000 woorde vir die jaar uit ander beskikbare publikasies, en daar is gepoog om die verdeling so eweredig te versprei as wat moontlik is, ook tussen verskillende tipes artikels. Die totale woordtelling van die korpus beloop 142 345.

**Tabel 4.1:** Die publikasies wat gebruik is in die tweede kontrolekorpus (tydskrifte)

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922
<b>De Goede Hoop</b>	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
<b>De/Die Huisgenoot</b>	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
<b>Gimnasium Jaarboek</b>	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
<b>De Unie</b>	-	✓	✓	✓	✓	✓	✓
<b>Die Boerevrou(w)</b>	-	-	-	✓	✓	✓	✓
<b>Die Banier</b>	-	-	-	-	-	✓	✓
<b>De Kerkbode</b>	-	-	-	-	-	-	✓

Die Totius-korpus word as die hoofkorpus van hierdie studie gebruik, en die analyses wat daaruit gemaak word, word dan vergelyk met die analyses uit die kontrolekorpusse.

#### 4.5 KORPUSANALISE

Die eerste stap in die korpusanalise was om die spesifieke werkwoordverskynsels wat variasie toon, te identifiseer. Daar is gebruik gemaak van WordSmith om 'n woordelys van die korpus saam te stel, asook konkordansies van die verskillende verskynsels. Die konkordansies is met die hand nagegaan, en alle gevalle wat ingesluit is deur die gegewe parameters, maar nie in werklikheid binne die kategorie val nie, is verwyder. Die konkordansies is uitgevoer na Excel-werkboeke, waar die frekwensies per kalenderjaar in 'n tabel ingevoer is, en grafieke daarvan opgetrek is. Die grafieke is op so 'n manier opgestel dat die verhouding tussen die ou vorme van 'n variant en die moderne vorme aandui, en die afname, stabiliteit of toename van die moderne vorme in verhouding tot die ou vorme by implikasie blyk.

Daarna is dieselfde verskynsels deur WordSmith onttrek uit die kontrolekorpuse, met die hand nagegaan vir foutiewe insluiting van verskynsels, uitgevoer na Excel, waar daar tabelle van opgestel en grafieke van opgetrek is. Die grafieke van elke verskynsel vanuit die verskillende korpuse is dan teenoor mekaar geplaas.

Die eerste afdeling wat ondersoek is, is werkwoordstamvorme. Daar is ondersoek ingestel na hoe verskeie werkwoorde op verskillende wyses realiseer, sonder dat daar enige onmiddellike betekenisverskil tussen die variante onderskei kan word. Die eerste algemene variasie is gevind in die slotkonsonant wat in sekere woorde ingesluit word, en ander nie, of waar die slotkonsonante van mekaar verskil. Daar is twee vorme hiervan onderskei, naamlik t/n-slotkonsonant en g-slotkonsonant, byvoorbeeld *gaan/gaat* en *sê/seg*. Al die moontlike realiseringsvorme vir hierdie twee verskynsels is dan in die woordelyste gesoek, en met soekterme onttrek na 'n konkordansie, waar elke voorbeeld as ou of moderne variant gemerk is (dit is gedoen by elke verskynsel), ten einde dit uit te voer na Excel (wat ook gedoen is by elke verskynsel).

Die tweede vorm van variasie in die werkwoordstamvorme wat opgemerk is, is gevind in stamvokale wat van mekaar verskil, byvoorbeeld *brenge/bring*. Die woordelyste is weer deurgegaan om nog moontlike voorbeelde te vind, en uiteindelik is daar algemene soekriteria vasgestel uit die gevonde voorbeelde, wat gebruik is om 'n konkordansie te onttrek.

Die tweede afdeling van verskynsels wat ondersoek is, het die verskillende realisering van die verledetydsvorme nagegaan. Die eerste vorm wat opgeval het, was die gebruik van sekere preteritumvorme wat in hedendaagse Afrikaans selde indien enigsins voorkom. Daardie vorme (*had* en *werd*) is tesame met hulle moderne vorme (*gehad* en *geword*) onttrek na 'n konkordansie, en alle gevalle wat verkeerdlik ingesluit is, veral by *werd* wat ook 'n ander betekenis het, is met die hand verwyder.

Die tweede verledetydsvorm wat ondersoek is, is die verskillende vorme van die werkwoorde in verledetydskonstruksies, byvoorbeeld *gekog/gekoop* of *gedaan/gedoen*. Die woordelyste is deurgegaan en alle moontlike voorbeelde is aangeteken, en gebruik om 'n konkordansie daarvan te onttrek. Al die foutiewe onttrekkings (wat nie in verledetydskonstruksies is nie, of wat nie voorbeelde van variasie is nie maar ingesluit is deur die onttrekkingskriteria) is verwyder, en die oorblywende voorbeelde is gemerk as ou of moderne vorme.

Die laaste verledetydsvorm wat opgeval het, is die gebruik van *is* as hulpwerkwoord in sinne wat in Nederlands *zijn* sou neem, terwyl moderne Afrikaans alleenlik *het* gebruik. Die woordelyste is elkeen na Excel uitgevoer, waarna al die werkwoorde in elkeen wat verledetydsvervoeging (ge- of -ge-) bevat, en al die werkwoorde wat affikse het wat vervoeging met ge-/ge- verhoed, onttrek is, en gebruik is as soekterme om 'n konkordansie te onttrek. Al die voorbeelde in die konkordansie wat nie perfektumvorme

is nie, en nie *zijn* sou kon neem in Nederlands nie, is met die hand uit die konkordansie verwyder, en die oorgeblewe inligting is uitgevoer na Excel.

#### 4.6 SAMEVATTING

Die korpuslinguistiek is 'n navorsingsmetode wat taalkundiges in staat stel om taal te beskryf soos wat dit in werklikheid gebruik word. In hierdie studie word dit gebruik om die taalgebruik van 'n spesifieke periode uit die verlede te bestudeer, en die verandering en ontwikkeling van 'n aantal verskynsels na te gaan.

Korpusgebaseerde metodes verleen sigself in die besonder tot diachroniese studies, aangesien die intuïsie van die moedertaalspreker nie van besondere waarde is om oordele te maak oor taalgebruik in die verlede nie. Die gebruik van rekenaars en sagteware vir die prosessering van die korpus vergemaklik ook die bestudering daarvan aansienlik, en skakel die maak van menslike foute grootliks uit.

Vir diachroniese studies in Afrikaans is die gebruik van korpuslinguistiese metodes 'n eerste, hoewel korpuse al in die verlede gebruik is. Daar word vervolgens nader ondersoek ingestel na die data en analises van die verskynsels in die korpuse.

## HOOFSTUK 5

### ANALISES EN BESPREKINGS

#### 5.1 INLEIDING

In die bepaling van die verandering wat tydens die korpustydperk plaasgevind het, is die relatiewe voorkoms van die verskynsels aangewend om 'n beeld te kry van die proporsie ou vorme teenoor moderne vorme wat deurgaans gebruik is. Hierdie hoofstuk gee die gebruik van elke verskynsel weer – eerstens die gebruik van Totius, en daarna die gebruik in die eerste kontrolekorpus (boeke) en die tweede kontrolekorpus (tydskrifte) ten einde Totius se gebruik daarmee te vergelyk, en daarmee saam 'n beeld te kry van die meer algemene taalgebruik van die tyd. Die fyner besonderhede en implikasies van die getalle en proporsies word telkens bespreek, met die uitsprake van die normatiewe bronne uit die tyd oor elke verskynsel ook inaggenome.

#### 5.2 VERSKYNSELS: ANALISES EN BESPREKINGS

##### 5.2.1 WERKWOORDSTAMVORME

###### 5.2.1.1 *Slotkonsonant*

###### 5.2.1.1.1 *t/n-Slotkonsonant*

Die eerste verskynsel wat bespreek word, is die slotkonsonant van die groepie woorde gaan/t, sien/t, staan/t, doen/t, slaan/t. Teen die tyd wat die korpusse se brontekste geskryf is, is daar slegs sporadies gebruik gemaak van die ou vorme, en het die moderne vorme (wat ooreenstem met die Nederlandse infinitief) grootliks reeds inslag gevind. Dit is waarskynlik 'n geval waar daar tydens mikroseleksie eerder gekies is vir die vorme nader aan die spreektaal, en nie die vorme wat met Nederlands ooreenkom nie, soos wat Conradie (2010:72) beskryf. Beide Malherbe (1917:54) en Jansen (1920?:13) beveel in hulle normatiewe werke aan dat die *-n*-vorm eerder gebruik moet word, veral ter wille van standaardisering in die onderwys. Juis daarom is dit sinvol om te bepaal watter reste daar nog van die ou vorme oor is, en watter faktore bygedra het tot die gebruik daarvan.


By Totius (figuur 5.1) word die ou vorme reeds selde gebruik in 1916, en dit verminder stelselmatig totdat daar in 1922 geen ou vorme meer voorkom nie. Slegs enkele van die ou vorme in 1916 is nié die woord *aangaat* nie, maar *gaat* en *staat*. Die rede waarom *aangaat* uitgesonder word, is dat daar by Totius 'n semantiese onderskeid te vinde is tussen die gebruik van *aangaat* en *aangaan*. Hy gebruik *aangaat* slegs met die betekenis "betref", soos in die sin:

[1] Wat ons land *aangaat*, kom dit hierop neer... (1 Maart 1917)

Hierdie vorm word egter net tot in 1919 gebruik. Wanneer Totius egter die vorm *aangaan* gebruik, word dit gebruik beide in dieselfde sin as *aangaat*, sowel as beweging, of "voortbeweeg", soos in die sin:

[2] Hy is weg, só meen ons, en nou moet ons maar alleen *aangaan* met die stukkie geloof wat nog oor is. (2 Mei 1921)

Die vorm *aangaan* word egter eers van 1918 af in die data gevind, hoewel die vorm *gaan* reeds van 1916 af voorkom. Daar is dus vir hierdie spesifieke woordvorm 'n kleiner oorgangstydperk, waar daar voor 1918 slegs die ou vorm gevind word, en na 1919 slegs die moderne vorm. Die getalle van die voorkoms van *aangaat* en *aangaan* word in tabel 5.1 voorgestel.



**Figuur 5.1:** Totius se gebruik van die t/n-slotkonsonantvariante

**Tabel 5.1:** Totius se gebruik van *aangaat* en *aangaan*

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922
<b>Totale ou vorme</b>	12	14	13	6	12	4	0
<b><i>aangaat</i></b>	7	3	1	1	0	0	0
<b>Oorblywende ou vorme</b>	5	11	12	5	12	4	0
<b><i>aangaan</i> (bet: betref)</b>	0	0	0	1	3	1	0
<b><i>aangaan</i> (bet: beweging)</b>	0	0	1	1	0	1	0
<b>Totale moderne vorme</b>	72	136	143	335	452	223	23

In 1917 gebruik Totius 'n aantal verskillende ou vorme, soos *doet*, *staat*, *bestaat* en nog ander. In 1918 word slegs *staat* en *gaat* gebruik, terwyl verskeie moderne vorme ook gebruik word. Ou vorme kom ook deurgaans saam met moderne vorme in dieselfde tekste voor.

In 1919 verskyn die woord *siet* vir die eerste maal. In Totius se skryfwerk kom *siet* en *sien* naas mekaar voor, en word daar klaarblyklik 'n semantiese onderskeid tussen die twee vorme getref. *Siet* word slegs in 'n spesifieke konteks gebruik, om 'n Bybelse uitdrukking mee te vertaal. Die Griekse woord waarvoor Totius *siet* gebruik is βλεπω (Pocket Oxford Greek Dictionary, 2000:237). Die woord het 'n verskeidenheid van betekenis, onder andere "look at, regard", "of mental functions: direct one's attention to someth., consider, note", "notice, mark someth." en "watch, look to, beware of" (Arndt & Gingrich, 1979:143) en word gebruik met die bedoeling "kyk, en verstaan tog!". Daar word ook soortgelyke uitdrukkings in die Ou Testament gebruik, wat Totius ook met *siet* vertaal. 'n Voorbeeld van Totius se gebruik van *siet* is:

[3] *Siet*, hier is uw God! (15 Julie 1919)

Die woord *sien* word dan in die gewone sin van "waarneem met oë" gebruik, byvoorbeeld:

[4] Deur Gods Gees verlig, *sien* Jesaja vooruit dat Israel in die ballingskap tot moedeloosheid sou verval. (15 Julie 1919)

In 1919 word *siet* slegs drie keer gebruik, maar in 1920 word dit tien maal gebruik (saam met net twee ander ou vorme). Totius gebruik dit in 'n reeks chronologies opeenvolgende artikels oor soortgelyke onderwerpe, waarin daardie konstruksie dikwels voorkom. In 1921 is daar nog 'n laaste drie voorbeelde van *siet*, waarna dit uit die data verdwyn. 1922 se data is egter heelwat minder as die vorige jare s'n, en daar kan dus nie met sekerheid gesê word dat die gebruik van *siet* noodwendig finaal deur Totius afgeskaf is nie, maar net dat die sanksionerende konstruksie nie gebruik is nie.

Indien *siet* dan nie bygereken word nie, verminder die ou vorme van drie in 1919 na twee in 1920 en slegs een in 1921, en geen in 1922, weergegee in tabel 5.2.

**Tabel 5.2:** Totius se gebruik van *siet* en *sien*

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922
<b>Totale ou vorme</b>	12	14	13	6	12	4	0
<b><i>siet</i></b>	0	0	0	3	10	3	0
<b>Oorblywende ou vorme</b>	12	14	13	3	2	1	0
<b><i>sien</i></b>	9	13	30	50	83	38	0
<b>Totale moderne vorme</b>	72	136	143	335	452	223	23

Nog 'n interessante tendens in Totius se gebruik van die ou vorme, is dat daar slegs twee gevalle is waar dit in 'n samestelling gebruik word, en dit verbind ook slegs een maal met 'n affiks. Dit sluit aan by Ponelis (1993:391) se waarneming dat die *-t*-vorm onder andere selde as verlede deelwoord gebruik is. Behalwe vir die reeds besproke konstruksie *aangaat*, is daar slegs een voorkoms elk van *bestaat*, *voorafgaat* en *uitgaat*.


- [5] Ons het dit deurgelees en deur gekijk, en dis ons gebleke, dat omtrent die aanwending van middele groot verskil van gevoele *bestaat*. (15 Mei 1917)
- [6] Let ook op wat *voorafgaat*. (1 November 1917)
- [7] Hoe is dit molik, so word gevraag, daar tog die ganse wereld-ontwikkeling 'n ander rigting *uitgaat*? (1 Maart 1918)

Verder is alle samestellings en verbindings met affikse moderne vorme, soos *saamgaan*, *verstaan*, *verbijgegaan* ensovoorts. Dit word numeries in tabel 5.3 voorgestel. Hierdie tendens kan 'n aanduiding wees daarvan dat die ou vorme reeds in soveel onbruik verval het, dat dit vreemd voorgekom het in morfologies komplekse woorde, terwyl dit nog kon deurglip wanneer dit in die stamvorm gebruik is.

Die grafiek van die eerste kontrolekorpus (boeke), figuur 5.2, toon min of meer dieselfde tendens as die Totius-korpus: sterk oorheersing van die moderne vorme van die begin af, met 'n afname na amper geen gebruik van ou vorme teen die einde van die tydperk. Die afname van die ou vorme is effens meer wisselvallig as dié van Totius, maar dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die korpus uit verskillende skrywers saamgestel is. Daar word vervolgens nader ondersoek ingestel na die fyner besonderhede wat in hierdie korpus se data voorkom.

**Tabel 5.3:** Totius se gebruik van ou vorme en moderne vorme in morfologies komplekse woorde (*t/n*-slotkonsonant)

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922	Totaal:
<b>Totale ou vorme</b>	12	14	13	6	12	4	0	61
<b>Morfologies komplekse ou vorme (<i>aangaat</i> uitgesluit)</b>	0	2	1	0	0	0	0	3 (5%)
<b>Totale moderne vorme</b>	72	136	143	335	452	223	23	1 384
<b>Morfologies komplekse moderne vorme (<i>aangaan</i> uitgesluit)</b>	46	63	53	126	176	92	5	561 (41%)



**Figuur 5.2:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van die t/n-slotkonsonantvariante

Die eerste opvallende waarneming wat gemaak is, is dat beide die woorde waarvan Totius semanties onderskei het tussen die ou en moderne vorme, se ou vorme amper glad nie in die korpus voorkom nie. Die woord *siet* en *voorsiet* kom elk slegs een keer voor, en uit die konteks kan daar afgelei word dat dit as gewone sinonieme van die -n-vorme gebruik is, en Totius se semantiese onderskeid nie nagevolg is nie. Die sinne waarin dit voorkom:

- [8] Met 'n welkoms lag gaat hij Sarel tegemoet toe die afklim; maar hij *siet* toe dadelik daar's iets verkeerd: Só het hij sij broer nooit tevore gesien nie! (*Broers*, C. Jeppe, 1916)
- [9] Maar sij *voorsiet* bij die ontmoeting 'n ontroering wat al haar moed sal verg. (*Bang vir die lewe*, no. 3, J.F.E. Celliers, 1919)

Die woord *aangaat* word glad nie gebruik nie. Dit blyk verder dat die skrywers van hierdie korpus ook nie heeltemal so huiwerig is om ou vorme met ander woorde of affikse te verbind nie, soos *ontstaat*, *bestaat*, *voorsiet* en *verstaat wys* – vier verskillende woorde, waarvan een twee maal voorkom, uit die 36 totale ou vorme in hierdie korpus is samestellings of afleidings, teenoor die twee uit 60 van Totius (*aangaat* is hier uitgesluit as gevolg van die onderskeid in betekenis tussen die ou en moderne vorme). Dit word meer omvattend in tabel 5.4 voorgestel.

Die ou vorme verbind makliker met ander woorde of morfeme in hierdie korpus as in die Totius-korpus, maar daar is tog 'n duidelik waarneembare verskil tussen hoe gereeld die ou en die moderne vorme in morfologies komplekse woorde voorkom. Dit versterk dan die vermoede dat die ou vorme reeds iets meer ongewoon was as die moderne vorme, en skrywers daarom huiwerig was om dit in verbindings te gebruik.


**Tabel 5.4:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van ou vorme en moderne vorme in morfologies komplekse woorde (t/n-slotkonsonant)

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922	Totaal:
<b>Totale ou vorme</b>	8	2	12	9	4	0	1	36
<b>Morfologies komplekse ou vorme</b>	0	1	1	2	1	0	0	5 (14%)
<b>Totale moderne vorme</b>	72	88	104	116	91	112	101	684
<b>Morfologies komplekse moderne vorme</b>	25	51	36	36	37	50	35	270 (39%)

Die ou vorme in 1916 kom uit vier verskillende bronne, waarvan een effens oorheers. Daar is egter verskillende woorde waarvan die ou vorme gebruik word, en al die tekste bevat ook moderne vorme, soos verwag kan word uit die oorheersing van getalle wat die grafiek toon. In 1917 is daar slegs twee ou vorme, wat uit twee verskillende bronne kom. In 1918 is daar 'n oënskynlike oplewing van die ou vorme, maar die getalle is misleidend. Een van die twaalf ou vorme kom uit een bron, en die ander elf kom almal uit dieselfde bron. Hierdie bron is *Immensee*, 'n verhaal oorspronklik in Duits geskryf, en na Afrikaans vertaal deur H.A. Fagan. Die woorde waarvan die ou vorme deur Fagan gebruik word, se moderne vorme word almal ook gebruik, en in die deel van die teks wat in die korpus ingesluit is, is daar elf ou vorme teenoor twaalf moderne vorme gevind. Dit wys dat Fagan nie noodwendig 'n voorkeur gehad het nie, maar hom moontlik laat lei het deur die woordvorme in die oorspronklike Duits, eerder as Afrikaanse konvensies.

Die nege ou vorme wat in 1919 voorkom, is uit drie verskillende bronne, waarvan een bron ses van die nege ou vorme bevat. Hierdie bron bevat ook agt moderne vorme, van dieselfde woorde waarvan die ou vorme gebruik word, wat dui op onsekerheid aan die outeur se kant eerder as 'n voorkeur vir die ou vorme. In 1920 word daar slegs vier ou vorme gevind, waarvan drie (al drie *gaat*) uit een bron kom wat andersins oorwegend moderne vorme (ook *gaan*) gebruik. In 1921 word daar geen ou vorme gevind nie, en in 1922 slegs een ou vorm in 'n teks wat andersins oorwegend moderne vorme (ook van dieselfde woord) gebruik. Hierdie tendens wys daarop dat die feit dat ou vorme nog enigsins voorkom, eerder toegeskryf kan word aan onsekerheid van individuele skrywers oor watter woordvorm gebruiklik was in die skryftaal, as dat die gebruik van die ou vorme nog algemeen aanvaarbaar was anders as in die spreektaal.

Die grafiek van die tweede kontrolekorpus (tydskrifte), figuur 5.3, bevestig in breë trekke dieselfde tendense as in die Totius-korpus en die eerste kontrolekorpus (boeke), hoewel die gebruik van ou vorme aan die begin minder is, maar aan die einde tog meer is as in die ander korpuse.



**Figuur 5.3:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van die t/n-slotkonsonantvariante

Daar is vasgestel dat ook die skrywers van hierdie korpus nie die semantiese onderskeid tussen *siet* en *sien* tref wat by Totius gevind is nie. Wat *aangaat* betref, is dit moeilik om 'n uitspraak te maak – dit word wel met dieselfde betekenis gebruik as in die Totius-korpus, naamlik "betref", maar dit word slegs twee maal gebruik, so dit is te min data om 'n definitiewe afleiding oor te maak. Hierdie skrywers blyk min of meer dieselfde geneigdheid te hê as die eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers om ou vorme in morfologies komplekse woorde (samestellings, of afleidings of fleksie) te gebruik. Dit word in tabel 5.5 voorgestel. 'n Vergelyking tussen die persentasies wat ou vorme in verbindings gebruik word teenoor moderne vorme in verbindings wys dat daar wel duidelike huiwering was om die ou vorme in verbindings te gebruik. Totius was egter klaarblyklik heelwat meer huiwerig om ou vorme in verbindings te gebruik as wat baie ander skrywers uit die tyd was (5% teenoor 13/14%).

**Tabel 5.5:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van ou vorme en moderne vorme in morfologies komplekse woorde (t/n-slotkonsonant)

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922	Totaal:
<b>Totale ou vorme</b>	11	16	7	8	7	6	5	60
<b>Morfologies komplekse ou vorme</b>	0	1	1	3	1	1	1	8 (13%)
<b>Totale moderne vorme</b>	195	214	132	158	182	217	195	1 293
<b>Morfologies komplekse moderne vorme</b>	64	72	44	63	66	73	73	455 (35%)

In 1916 word daar 'n totaal van elf ou vorme in die data gevind, wat kom uit twee van die drie publikasies wat vir die jaar gebruik is, en waarvan die moderne vorme ook telkens gebruik word. 1917 lewer 16 ou vorme op, wat elk van die publikasies wat vir die jaar gebruik is, verteenwoordig. *De Goede Hoop* oorheers egter, met tien van die ou vorme, waarvan die moderne vorme ook terselfdertyd gebruik word. *De*

*Goede Hoop* gaan voort om in 1918 te oorheers, met net twee van die sewe ou vorme wat uit twee ander publikasies kom. Die tendens word ook in 1919 voortgesit. Eers in 1920 word daar geen ou vorme in *De Goede Hoop* gevind nie; ook in 1921 lewer die publikasie geen ou vorme op nie, en in 1922 slegs een. Al die ou vorme in die korpus in 1921 kom dan ook uit een publikasie, *Die Banier*, wat in hierdie jaar vir die eerste keer by die korpus ingesluit is. In 1922 lewer hierdie publikasie egter geen ou vorme op nie. Die verspreiding van ou vorme in publikasies word in tabel 5.6 weergegee.

Die inkonsekwentheid van die gebruik van ou vorme wat in die meerderheid publikasies waargeneem kan word, dui op onsekerheid oor die gebruiklikheid van ou vorme, ten spyte daarvan dat Elffers in 1900 in sy boek oor "Cape Dutch" vir Engelssprekendes slegs die moderne vorm as gebruiklik aandui (Elffers, 1900:19), en Van Oordt (1903:21) die ou vorm aandui as slegs gebruiklik in die spreektaal. Die afleiding wat uit die data gemaak word is dat die moderne woordvorme reeds grotendeels inslag gevind het, hoewel die ou vorme nog enigsins gebruik is gedurende hierdie tydperk, en dat dit tog afgeneem het en binne enkele jare daarna heeltemal sou uitgesterf het. Die onsekerheid kon moontlik vergroot gewees het deurdat daar meer variasie in die spreektaal voorgekom het en toegelaat is, terwyl variasiereduksie strenger afgedwing is in die skryftaal.

**Tabel 5.6:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van ou vorme (t/n-slotkonsonant)

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922
<b>De Goede Hoop</b>	7	10	5	5	1	0	1
<b>De/Die Huisgenoot</b>	4	4	1	0	0	0	1
<b>Gimnasium Jaarboek</b>	0	1	0	0	3	0	0
<b>De Unie</b>	-	1	1	1	0	0	0
<b>Die Boerevrou(w)</b>	-	-	-	2	3	0	2
<b>Die Banier</b>	-	-	-	-	-	6	0
<b>De Kerkbode</b>	-	-	-	-	-	-	1

Deumert (2004:146) stel dat daar vir hierdie verskynsel so laat as 1900 steeds 'n tussensisteem bestaan het, 'n kontinuum tussen metropolitaanse Nederlands en moderne Afrikaans. Na aanleiding van die indruk wat die literatuur skep, is dit dus verbasend dat daar nog enigsins ou vorme voorkom in die tydperk van die studie. Daarby moet ook Scholtz (1958:74) se waarneming gereken word, dat tussen 1750 en 1831 amper slegs die ou vorm gebruik is, en die moderne vorm daarna eers gebruiklik geword het. Dit is dan 'n tipiese voorbeeld van 'n stel woorde wat nie die Nederlandse stamvorm oorgeneem het nie – Scholtz neem na 1750 glad nie meer die stamvorm waar in Kaapse tekste nie (Scholtz, 1958:74). Dit sluit ook aan by Conradie (2010:72) se waarneming dat Afrikaanse werkwoorde van verskillende Nederlandse persoons- en getalsvorme afkomstig kan wees.


### 5.2.1.1.2 g-Slotkonsonant

Die verskynsel wat vervolgens ondersoek gaan word, kom voor in 'n groep werkwoorde met 'n woord-einde wat gewissel het tussen [-g] en 'n oop sillabe. Voorbeelde hiervan is *leg/lê*, *seg/sê*, *draag/dra*, *vraag/vra*, in sinne soos:

[10] Nou wel Gods Woord peil die wese van die verskijnsels en seg ons aangaande die teenwoordige omwentelings dat dit nie uit God is nie maar uit die afgrond. (*Het Kerkblad*, Totius, 1 Desember 1918)

[11] Ik sê dit in alle erns. (*Het Kerkblad*, Totius, 15 Mei 1917)

Die -g-vorme is ouer vorme wat uit Nederlands oorgebly het, waar die -g-lose vorm die moderne vorm is wat tydens standaardisering die oorhand in Afrikaans gekry het, ten spyte daarvan dat Ponelis (1993:418) die verlies van die eind-g eers in die agtiende eeu waargeneem het. Figuur 5.4 wys dan ook dat Totius reeds van 1916 af sterk voorkeur toon vir die moderne vorme, en die ou vorme heelwat minder gebruik as die moderne vorme. Daar kan ook met verloop van tyd 'n geleidelike afname waargeneem word in die verhouding waartoe Totius die ou vorme gebruik teenoor die moderne vorme. Terwyl die normatiewe bronne uit die tyd hierdie variasie slegs as wisselvorme aandui en geen uitspraak daaroor maak nie, wys Totius se afname in die gebruik van ou vorme daarop dat daar moontlik wel 'n konvensie van die gebruik van die moderne vorme in plek gekom het gedurende hierdie tydperk. Die vermoede word verder versterk daardeur dat De Waal in 1910 reeds waargeneem het dat die -g-lose vorme meer gebruiklik is in Afrikaans (De Waal, 1910:49).



**Figuur 5.4:** Totius se gebruik van die g-slotkonsonantvariante

Die ses ou vorme wat Totius in 1916 gebruik kom uit slegs drie artikels, terwyl daar ook moderne vorme in dieselfde artikels is. In een geval is daar selfs ou vorme en moderne vorme van dieselfde woord in dieselfde artikel (*leg/geleg* en *lê* in *Bybelvertaling IV* van 1 Augustus 1916):

- [12] Dis wel 'n uitwendigheid, maar *leg* tog in die geval groot gewig in die skaal.
- [13] Intusse sou 'n groot fondament *geleg* word: deur die Paarlse beweging sou 'n weekblad in Afrikaans tot stand kom, die bekende "Patriot," wat eers die mense moes oortuig, dat hul 'n eie taal het en 'n eie nasie is.
- [14] 'n Vreselike vooruitsig *lê* voor ons!

Die ou vorme in 1917 tot 1921 is versprei in verskillende artikels, waar daar nie meer as twee ou vorme in dieselfde artikel voorkom nie, en die ou vorme telkens saam met moderne vorme in dieselfde artikels verskyn. Daar is nog voorbeelde waar die ou en moderne vorm van dieselfde woorde in dieselfde artikel gebruik word, soos *vra/gevra* en *vraag* in *Die versegeling voor die gerig* van 15 Maart 1920:

- [15] Ja, wie sal bestaan? — so *vra* die God-vergeters (6:15).
- [16] Daar word *gevra*: "wie sal bestaan?"
- [17] *Vraag* ons verder naar die verseëling, dan word die getal van 144,000 genoem, en die getal word verbind aan die twaalf geslagte van die kindere Israels (vs. 4).


Die algehele oorheersing van moderne vorme in 1922 kan op die oog af misleidend wees, omdat daar slegs een publikasie van Totius uit 1922 gebruik is, en daar slegs twee voorbeelde van die relevante woorde in die teks voorkom. Dit beteken dus nie noodwendig dat Totius sedert 1922 glad nie meer die ou vorme gebruik het nie, hoewel dit moontlik steeds kon afgeneem het.

Die woord (-)sê is die woord met hierdie moontlike variasie wat by verre die meeste voorkom in die korpus, en tog is daar slegs vyf ou vorme (twee *seg*, twee *geseg* en een *voorseg*) van hierdie spesifieke woord. In die geval van ander woorde, soos (-)veeg en (-)klaag, waarvan daar besonder min voorbeelde in die korpus voorkom, oorheers die ou vorm egter op hierdie stadium. Ander woorde wat meer frekwent voorkom, soos (-)lê, en (-)dra, toon dieselfde neiging as (-)sê, met slegs enkele voorbeelde van die ou vorm teenoor tientalle van die nuwe vorm. Voorbeelde van die gebruik van meer en minder frekwente woorde word in tabel 5.7 voorgestel. Dit kan 'n aanduiding daarvan wees dat Totius in beginsel reeds die besluit geneem het om nie meer -g agter aan hierdie woorde te voeg nie, maar dat die besluit makliker deurgevoer is met woorde met hoër gebruiksfrekwensie, omdat dit dalk makliker is vir 'n individu om 'n hoëfrekwensiepatroon raak te sien en nie na lae frekwensie op te let nie, en dat 'n laer gebruiksfrekwensie die gebruik van die ou vorm vir langer gesanksioneer het. Wat verder onsekerheid kon vererger het, is dat sekere Afrikaanse woorde wel die g-slotkonsonant van die Nederlandse stam behou het, byvoorbeeld *jaag*, *vlieg* en *ploeg*.

**Tabel 5.7:** Totius se gebruik van woorde met hoë en lae gebruiksfrekwensie (g-slotkonsonant)

Frekwent	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922	Totaal
(-)sê	17	18	46	70	75	49	0	275 (97%)
(-)seg	1	1	1	0	2	2	0	7 (3%)
(-)lê	8	7	13	23	30	13	0	94 (98%)
(-)leg	2	0	0	0	0	0	0	2 (2%)
<b>Minder frekwent</b>								
(-)vee	0	0	0	0	0	0	0	0 (0%)
(-)veeg	0	0	1	1	1	0	0	3 (100%)
(-)kla	0	0	0	0	0	0	0	0 (0%)
(-)klaag	0	1	0	1	2	2	0	6 (100%)

Die g-slotkonsonant-data uit die eerste kontrolekorpus (boeke) word aangedui in figuur 5.5. Die afname in die gebruik van ou vorme vertoon meer variasie van jaar tot jaar as by Totius, en dit kan toegeskryf word daaraan dat die korpus uit werke van verskillende skrywers en verskillende uitgewers saamgestel is. Dit is egter tog duidelik dat die ou vorme teen die einde van die tydperk minder gebruiklik was as wat dit aan die begin van die tydperk was, wat bevestig dat Totius se hantering van hierdie verskynsel saam met 'n meer algemene tendens beweeg.



**Figuur 5.5:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van die g-slotkonsonantvariante

Die ou vorme in 1916 kom hoofsaaklik uit twee bronne, waarvan een bron ook moderne vorme bevat, en die ander bron glad nie (dit is die publikasie van die Taalgenootskap se jaarvergadering). Die oorblywende jare se ou vorme kom verspreid voor uit verskillende bronne, en kom telkens saam met moderne vorme in dieselfde bronne voor. Daar is egter twee uitsonderlike kwessies wat van naderby beskou moet word. In 1921 kom daar geen ou vorme meer voor nie, maar in 1922 is daar wel een ou vorm.

Hierdie ou vorm kom uit 'n bron wat ook geen voorbeelde van moderne vorme bevat nie, en geskryf is deur 'n outeur wat ook nie andersins in die korpus voorkom nie. Daardie enkele voorbeeld van 'n ou vorm in 1922 wys dus nie op 'n terugkoms van die ou vorme nie, maar eerder dat sekere skrywers nog nie ten volle by die moderne norm aangepas het nie.

Die ander uitsondering op die reël is die frekwente gebruik van ou vorme deur die bekende skrywer Gustav Preller. Daar word gebruik gemaak van werke van Preller in 1917, 1919 en 1920. In 1919 gebruik hy een keer 'n moderne vorm (*lê*) wat 'n hoë gebruiksfrekwensie het, en een ou vorm (*bedraag*) wat 'n baie lae gebruiksfrekwensie het. In die ander twee publikasies toon Preller 'n oorweldigende voorkeur vir die ou vorme: hy gebruik in 1917 slegs ou vorme en in 1920 vier ou vorme (al vier die ou vorme wat in die grafiek aangedui word) teenoor een moderne vorm. Dit wys dat Preller vasgehou het aan die ou vorm ten spyte van die nuwe konvensie wat al deur ander skrywers nagevolg is.

Hierdie uitsonderings is belangrik, want dit beteken dat sedert 1920 al die ou vorme deur slegs twee skrywers gebruik is, en al die ander skrywers se bronne alleenlik moderne vorme bevat. Dit impliseer dat die moderne vorme al 'n sterker inslag gekry het as wat op die oog af duidelik is uit die grafiek. Dit beteken ook dat hierdie skrywers effens meer progressief was in hulle hantering van hierdie verskynsel as wat Totius was, wat nie duidelik is uit die grafieke alleen nie. Tabel 5.8 som die gebruik van ou vorme deur verskillende skrywers op:

**Tabel 5.8:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers wat ou vorme gebruik (g-slotkonsonant)


	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922
<b>C. Jeppe</b>	1	-	-	-	-	-	-
<b>J.M. Brink</b>	4	-	-	-	-	-	-
<b>Taalgenootskap</b>	3	-	-	-	-	-	-
<b>J.A Smith</b>	-	1	0	-	-	-	-
<b>G.S. Preller</b>	-	2	-	1	4	-	-
<b>A.D. Keet</b>	-	2	-	-	-	-	-
<b>H.A. Fagan</b>	-	-	1	-	-	-	-
<b>C.J. Langenhoven</b>	-	-	-	1	-	-	0
<b>W.E. Malherbe</b>	-	-	-	-	-	-	1

Tabel 5.9 gee 'n opsomming van die proporsie skrywers wat slegs ou vorme, slegs moderne vorme en beide ou en moderne vorme gebruik het. Dit bevestig dat die moderne vorme as uitsluitlike norm reeds deur 'n groot aantal skrywers aangeneem is, en daar 'n aantal skrywers was by wie daar nog onsekerheid geheers het, maar wat reeds die moderne vorme begin gebruik het.

**Tabel 5.9:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers se gebruik van onderskeie vorme (g-slotkonsonant)

Totale aantal skrywers	43
Skrywers wat uitsluitlik <b>ou</b> vorme gebruik	1 (2%)
Skrywers wat <b>beide</b> ou en moderne vorme gebruik	8 (19%)
Skrywers wat uitsluitlik <b>moderne</b> vorme gebruik	34 (79%)

Die grafiek (figuur 5.6) wat saamgestel is uit die tweede kontrolekorpus (tydskrifte) toon selfs meer fluktuasie as figuur 5.5. Daar kan verskeie redes voor wees, soos dat nuwe tydskrifte in Afrikaans begin verskyn het, of dat enkele publikasies die ou vorme verkies het. Hierdie moontlikhede word vervolgens ondersoek.



**Figuur 5.6:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van die g-slotkonsonantvariante

In 1916 is data uit slegs drie publikasies gebruik, naamlik *De Goede Hoop*, *De Huisgenoot* en Hoërskool Gimnasium (Potchefstroom) se jaarboek. Van hierdie drie publikasies blyk Gimnasium se jaarboek die progressiefste te wees, met slegs een ou vorm wat voorkom in die deel wat gebruik is vir die korpus. Die ander ou vorme is versprei in die ander twee publikasies. In 1917 het *De Unie* bygekom, en in 1918 kom daar geen nuwe publikasies by nie, hoewel *De Huisgenoot* se publikasiernaam na *Die Huisgenoot* verander. Die enkele ou vorme in elk van hierdie jare kom beide uit *De Goede Hoop*. In 1919 word data uit *Die Boerevrou* by die korpus gevoeg, hoewel daar geen ou vorme op enige gegewe stadium in hierdie publikasie gevind is nie. Die ou vorme van 1919 kom uit vier publikasies, hoewel die helfte uit *De Unie* is. In 1920 kom die drie ou vorme almal uit *Die Huisgenoot*, hoewel twee uit een artikel en een uit 'n ander artikel kom. Die enkele ou vorm in *Die Huisgenoot* in 1919 en die afwesigheid daarvan in 1918 en 1917 wys daarop dat dit nie meer algemeen in die publikasie voorgekom het nie, maar tog nie geheel afgeskaf is nie. In 1921 en 1922 kom daar elke jaar nog 'n publikasie by die korpusdata (*Die Banier* in 1921 en *De Kerkbode* in 1922), maar daar word gedurende hierdie twee jaar geen ou vorme meer in die

data gevind nie. Tabel 5.10 spesifiseer die hoeveelheid ou vorme wat in die afsonderlike publikasies gevind is elke jaar.

**Tabel 5.10:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van ou vorme (g-slotkonsonant)

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922
<b>De Goede Hoop</b>	4	1	1	1	0	0	0
<b>De/Die Huisgenoot</b>	6	0	0	1	3	0	0
<b>Gimnasium Jaarboek</b>	1	0	0	1	0	0	0
<b>De Unie</b>	-	0	0	3	0	0	0
<b>Die Boerevrou(w)</b>	-	-	-	0	0	0	0
<b>Die Banier</b>	-	-	-	-	-	0	0
<b>De Kerkbode</b>	-	-	-	-	-	-	0

Die tendense wat deur die tweede kontrolekorpus (tydskrifte) getoon word, bevestig die prentjie wat deur die eerste kontrolekorpus (boeke) se data geskets is. Dit wys weereens daarop dat Totius se gebruik van hierdie woordvorme eerder meer konserwatief is as wat dit leiding gee in terme van die keuse vir die moderne vorme.

#### 5.2.1.2 **Stamvokaal**


Daar word vervolgens nader ondersoek ingestel na die aantal werkwoorde in Afrikaans wat vir 'n tyd lank variasie in stamvokale getoon het, byvoorbeeld *bring* en *brengr*, in sinne soos:

- [18] Paulus sien die dood as 'n lelike monster, met 'n kaal engel, klaar om die dodelike steek toe te *bring*. (*Het Kerkblad*, Totius, 15 April 1919)
- [19] Maar die dag sal lig *brengr*, en deur die vlam-lig en die son-lig sal die onderskeid kenbaar wees. (*Het Kerkblad*, Totius, 15 Februarie 1919)

Daar kan geen duidelike semantiese onderskeid tussen die variante gesien word nie, en dit word in normatiewe werke van die tyd ook gewoon as wisselvorme aangedui, indien dit enigsins aan die orde kom. Conradie (2010:73) verwys na hierdie variasie sonder betekenisverskil, en noem dat die AWS wel aanbevelings oor spesifieke vorme gemaak het. Byvoorbeeld, die 1921-AWS se reël 34 noem enkele vorme waarvan slegs die -e-vorm of die -i-vorm erken word, byvoorbeeld *meng* of *bring* en *dink* (AWS, 1921:xiv). Verder in die woordelys word ook net *bring* (AWS, 1921:22) en *dink* (AWS, 1921:28) gegee, en nie *brengr* of *denk* nie.

In die Totius-data (voorgestel in figuur 5.7) is daar 'n sterk voorkeur vir die ou vorme aan die begin van die tydperk, met 'n stelselmatige oornome van die moderne vorme, wat van 1919 af meer gebruik is as

die ou vorme. Teen die einde van die korpustydperk is die ou vorme besonder min, indien enigsins, gebruik.



**Figuur 5.7:** Totius se gebruik van die stamvokaalvariante

In 1916 is daar min woorde gebruik wat hierdie moontlike variasie kan bevat, en tog is daar ook 'n moderne vorm (*bring*) saam met die ou vorme gebruik:

- [20] Ik spreek tot diegene wat met mij ons eie taal waardeer, en dit daarom in eer wil *bring* deur gebruik daarvan te maak in skrif en op die hoogste plekke van die samelewing, maar die met 'n konserwatisme, wat nie altijd te veroordeel is nie, dit nog nie op bijbelse terrein wil sien nie. (15 Augustus 1916)

In 1917 gebruik Totius egter uitsluitlik ou vorme, en dan ook spesifiek die vorm *brenge* waarvan die nuwe vorm reeds in 1916 gebruik is. In 1918 balanseer die gebruik van ou en moderne vorme amper uit, hoewel die ou vorme nog 'n effense oorhand het. Interessant om op te merk is dat al die variante wat in hierdie jaar gebruik is, (-)*bring*/(-)*brenge* en (-)*dink*/(-)*denk* is, wat die twee woorde met die hoogste gebruiksfrekwensie in die korpus is. Voorbeelde hiervan is:

- [21] Gelukkig werd dit die Kommissie gegewe om 'n eenheidsrapport uit te *bring*. (15 April 1918)
- [22] Volgens Rome en die Lutheraan is die plaaslike gemeente niks anders nie as 'n "Anstalt", 'n inrigting, wat geroepe is deels om die mense tot geloof te *brenge* en deels om hulle verder in geestelike opsig te versorg en te lei. (1 Julie 1918)
- [23] Leser, as die aandskadewees van 1918 van u wegtrek, *dink* dan ook aan wat ons, mensheid voor die deur staan. (20 Desember 1918)
- [24] Aan oorlog kan ons hier nie *denk* nie. (1 Desember 1918)


Dit wys hoeveel onsekerheid daar nog geheers het oor watter stamvokaal om te gebruik, selfs oor woorde met 'n hoë gebruiksfrekwensie, wat neig om leiding te neem in sulke gevalle (soos in tabel 5.7 duidelik is in die vorige afdeling).

Van 1919 af toon Totius deurgaans sterk voorkeur vir die moderne vorme, hoewel die ou vorme nog enigsins voorkom. Die ou vorme in 1919 en 1920 kom telkens redelik verspreid in verskillende artikels voor, en verskyn telkens saam met moderne vorme in dieselfde artikels of uitgawes. Dit gebeur selfs dat variante van dieselfde woord in dieselfde artikel verskyn, soos beide *denk* en *dink* in *Die Gerigstroon* van 15 Januarie 1920:

- [25] Bij "vurige lampe" moet ons *denk* aan toortse of fakkels, wat blykbaar ook verband hou met die gerigsdag (vgl. Rig. 7:16,20; Nah. 2:3, 4 en Jes. 4:4).
- [26] Ons moet *dink* aan leer- en regeer-ouderling, m.a.w. voorgangers in die gemeente van Christus.

Van 1921 af is daar egter slegs een ou vorm te vind in die data, wat 'n skerp daling aandui. 1922 is weereens effens problematies, omdat daar so min data vir die jaar is. Die afwesigheid van ou vorme is dus nie noodwendig 'n aanduiding van finale verdwyning nie, maar eerder 'n gevolg van die gebrekkige data. Die ander korpusse kan meer lig werp op die patroon van die laaste twee jaar.

Die grafiek (figuur 5.8) wat die eerste kontrolekorpus (boeke) se voorkoms van stamvokaalvariante wys, se algemene patroon is baie soortgelyk aan dié van Totius. Aan die begin van die tydperk word daar nog voorkeur gegee aan die ou vorme, waar die moderne vorme oorneem aan die einde van die tydperk. Hier is selfs geen ou vorme te vind in 1921 en 1922 nie.



**Figuur 5.8:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van die stamvokaalvariante

In 1916 is die ou vorme in 'n effense meerderheid. Daar is net een bron wat beide ou en moderne vorme bevat, terwyl die ander klaarblyklik 'n keuse vir een van die twee gemaak het. In 1917 is die ou vorme oorweldigend teenoor moderne vorme, die enigste jaar wat dit die geval is met hierdie korpus. Die enkele moderne vorme kom uit slegs twee bronne, wat elk ook ou vorme bevat. Dit is interessant om op te merk, is dat die een bron slegs een moderne vorm het, en verder oorwegend ou vorme. Die ander bron het drie moderne vorme teenoor een ou vorm, en daar word klaarblyklik onderskeid getref tussen verskillende lekseme: (-)*bring* word in die moderne vorm geskryf, maar *denk* in die ou vorm.

- [27] Die autoriteit wat Nederlands *meebring* als taal van Bijbel en kerk het noodwendig hierdie waardegevoel geskep. (*Afrikaanse Taalboek*, D.F. Malherbe, 1917)
- [28] Vandaar dat hulle so onsuiver praat, vandaar soveel geestelike slordigheid bij mense wat anders so op uiterlike vorm gesteld is; want suiwer praat is 'n gevolg van suiwer *denk* en omgekeerd. (*Afrikaanse Taalboek*, D.F. Malherbe, 1917)

Hierdie bron is dan D.F. Malherbe se *Afrikaanse Taalboek*, wat beteken dat die outeur moontlik 'n groter bewustheid van die moontlike variasie gehad het, en daarmee saam ook meer doelbewuste keuses daarvoor kon gemaak het, soos om elke variant konsekwent te gebruik, hoewel hy verskillende stamvokale gekies het vir verskillende woorde.


Van 1918 af word die moderne vorm deurgaans meer gebruik as die ou vorm. In 1918 is die moderne vorm nog skaars in die meerderheid, en al die tekste wat ou vorme bevat, bevat ook moderne vorme, behalwe een teks wat deurgaans ou vorme gebruik. Teen 1919 begin die moderne vorme 'n duidelike oorhand kry. Die ou vorme kom uit vier verskillende tekste, maar net een van hierdie tekste bevat ook moderne vorme. Hierdie tendens word voortgesit in 1920, waar al die bronne wat ou vorme bevat, geen moderne vorme ook bevat nie. Dit dui daarop dat verskillende outeurs of uitgewers moontlik 'n doelbewuste keuse vir die een of die ander gemaak het, en deurgaans daarby gebly het. Daardie keuse blyk dan ook van 1921 af vir slegs die moderne vorme te wees, want daar is geen ou vorme teenwoordig in die data van 1921 en 1922 nie. Dit is ten spyte daarvan dat daar van werke van dieselfde skrywers as in die vorige jare gebruik gemaak is, wat in 1920 nog ou vorme gebruik. Tabel 5.11 wys die proporsie skrywers wat slegs ou vorme, beide vorme en slegs moderne vorme in hulle skryfwerk in die korpus gebruik het.

**Tabel 5.11:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers se gebruik van die onderskeie vorme (stamvokaal)

Totale aantal skrywers wat relevante vorme gebruik	35
Skrywers wat uitsluitlik <b>ou</b> vorme gebruik	8 (23%)
Skrywers wat <b>beide</b> ou en moderne vorme gebruik	8 (23%)
Skrywers wat uitsluitlik <b>moderne</b> vorme gebruik	19 (54%)

Daar is dus 'n hele aantal skrywers wat vroeër die finale keuse vir die moderne vorme gemaak en deur-gevoer het as wat met Totius die geval is, alhoewel die Totius-data aandui dat hy kort op hulle hakke was.

Die data uit die tweede kontrolekorpus (tydskrifte) wat in figuur 5.9 voorgestel word, is heelwat meer wisselvallig as die ander twee korpusse. Daar is egter deurlopend 'n sterk patroon waar spesifieke publikasies in enige gegewe jaar hoofsaaklik of selfs eksklusief die ou of die moderne vorme gebruik. Die verskillende publikasies se gebruik van ou en moderne vorme word in tabel 5.12 weergegee, met die gebruik van ou vorme wat uitsonderlik is in vetdruk. Die twee publikasies *D(i)e Huisgenoot* en *De Unie* is toonaangewend in die keuse vir die moderne vorme, want by beide word daar van 1920 af geen ou vorme meer gevind nie.



**Figuur 5.9:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van die stamvokaalvariante

In 1916 is die data saamgestel uit slegs drie publikasies, wat al drie neigings na óf die ou óf die moderne vorme toon. *De Goede Hoop* gebruik slegs twee moderne vorme, en andersins heelwat ou vorme. *De Huisgenoot* gebruik weer slegs drie ou vorme, en andersins heelwat moderne vorme. Die jaarboek van Hoërskool Gimnasium gebruik slegs ou vorme. In 1917 word die publikasie *De Unie* bygevoeg, wat deurgaans moderne vorme gebruik, en geen ou vorme nie, behalwe in 1919. Die ander publikasies toon dieselfde neigings as in 1916, hoewel Gimnasium se jaarboek tog enkele moderne vorme bevat. In 1918 word die algemene patroon steeds voortgesit, met *De Unie* wat slegs moderne vorme gebruik, *De Goede Hoop* wat slegs ou vorme gebruik, en *Die Huisgenoot* wat maar slegs een ou vorm gebruik.

**Tabel 5.12:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van die ou en moderne vorme (stamvokaal)

		1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922
<b>De Goede Hoop</b>	oud	9	10	20	2	0	5	1
	modern	2	1	7	6	6	5	4
<b>De/Die Huisgenoot</b>	oud	3	1	1	1	0	0	0
	modern	13	7	9	4	9	5	5
<b>Gimnasium Jaarboek</b>	oud	9	6	0	1	1	0	1
	modern	0	2	0	4	3	6	4
<b>De Unie</b>	oud	-	0	0	4	0	0	0
	modern	-	3	0	8	6	12	7
<b>Die Boerevrou(w)</b>	oud	-	-	-	1	1	13	8
	modern	-	-	-	8	0	1	0
<b>Die Banier</b>	oud	-	-	-	-	-	5	0
	modern	-	-	-	-	-	0	2
<b>De Kerkbode</b>	oud	-	-	-	-	-	-	3
	modern	-	-	-	-	-	-	5

Van 1919 af is die patroon nie meer so eenvoudig nie. Die publikasie *Die Boerevrou* word by die data gevoeg, wat nie stabiliteit van keuse vertoon van jaar tot jaar nie, maar rondspring tussen oorwegend ou en moderne vorme. Die ander publikasies hou ook nie almal by die vorige jare se patroon nie, en toon meer variasie tussen die keuse vir ou en moderne vorme. Die vier ou vorme wat in 1920 voorkom, kom uit drie verskillende publikasies, wat die indruk skep dat verskillende skrywers en publikasies 'n sterker keuse vir die moderne vorme begin maak. In 1921 is daar egter weer 'n groot aantal ou vorme, wat almal uit slegs drie publikasies kom, waarvan die een geen moderne vorme bevat nie, een slegs een moderne vorm bevat teenoor dertien ou vorme, en die ander ewe veel ou en moderne vorme bevat. Dit wys dus dat daar steeds onsekerheid geheers het oor watter vorme verkieslik is, ten spyte van die oënskynlike eenvormige besluit tot weglating van die ou vorme in die eerste kontrolekorpus (boeke). In 1922 kom die ou vorme uit vier verskillende publikasies, hoewel meer as die helfte uit slegs een publikasie kom (wat die vorige twee jaar ook voorkeur gegee het aan die ou vorme). Dit wys dus dat die ou vorme waarskynlik tog aan die uitsterf was, hoewel die keuse nog nie noodwendig vir almal ewe voor die hand liggend was nie.

Tussen die drie korpuse blyk dit dat Totius se taalgebruik 'n tussenweg is tussen die twee kontrolekorpuse, waar die eerste (boeke) die progressiefste is, en die tweede (tydskrifte) die grootste fluktuasie en onsekerheid toon. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat daar meer uitgebreide redaksionele versorging betrokke is by die uitgee van boeke as die uitgee van tydskrifte, en dat variasie moontlik meer doelbewus utigeskakel is deur die redaksionele versorging, terwyl tydskrifte waarskynlik nader aan die

spreektaal sou wees. Die sterk afname van ou vorme wat telkens ná 1918 waargeneem kan word, korreleer ook met die voorkeur wat lesers aangedui het en die uitsprake in *Die Huisgenoot* in 1918, wat voorkeur toon vir die moderne vorme. Terwyl die formele normatiewe bronne dus hierdie vorme gewoon as wisselvorme aandui sonder om aanbevelings te maak, gee die media 'n duideliker beeld van die breër taalgemeenskap se voorkeur vir die moderne vorm, wat ook in die taalgebruik in die korpusse waargeneem kan word. Dit wys ook dat normatiewe bronne nie altyd leiding neem en aanbevelings maak nie, maar in sekere gevalle vryheid toelaat, en die taalgemeenskap die mikroseleksie onderling toepas. Dit kan moontlik wees omdat hier nie 'n semantiese of grammatikale onderskeid tussen die variante is nie, en normeerders weggeskram het van openlik arbitrêre seleksies.

## 5.2.2 GRAMMATIKALE VERLEDETYDSVORM

### 5.2.2.1 *Preteritum*

In moderne Afrikaans het slegs reste van die Nederlandse preteritum oorgebly, onder andere in die gebruik van *had*, wat nog enigsins voorkom, maar wel ongewoon is. Tydens die aanvang van die standaardisering van Afrikaans is *had* egter nog heelwat meer gebruik, asook die hulpwerkwoord *werd*, wat glad nie meer in moderne Afrikaans voorkom nie. Volgens Conradie (1998:10) het die grootste preteritumverlies reeds aan die begin van die negentiende eeu plaasgevind; Deumert (2004:159) dui aan dat daar in haar korpus wel voorkeur gegee word aan die perfektum teenoor die preteritum, maar dat dit steeds gebruik is. Sy noem ook dat dit soms gebruik is as 'n aanduiding van aansien (Deumert, 2004:160), wat veral in gepubliseerde werke van belang kan wees.

Die normatiewe bronne wat voor die aanvang van die korpusinskrywings verskyn het, gee aandag aan die gebruik van die preteritum, maar maak nie dikwels normatiewe aanbevelings daarvoor nie. Du Toit (1897:24) onderskei tussen die onvolmaakte en volmaakte verlede tyd, met gebruik van *had* en *werd*, maar daar is geen aanduiding daarvan dat dit ongewens is nie, soos ook met Elffers (1900:17) die geval is. In 1910 dui De Waal (1910:55) aan dat *had* en *werd* onder andere gebruik kan word, maar dat *het gehad*, *het gewees/is gewees* en *is geword* eerder gebruik word as die preteritum. Hy sê ook oor *werd* dat dit feitlik net in die skryftaal voorkom, en nie gebruiklik is in die spreektaal nie (De Waal, 1910:63).


Die normatiewe bronne van 1916-1922 maak dikwels meer duidelike uitsprake oor die gebruik van beide *had* en *werd*. Malherbe (1917:57-58) noem dat *had* nie gebruik behoort te word nie, behalwe in voorwaardelike en wensende sinne, wat aansluit by De Waal (1910:49). Die gebruik van *werd* is egter volgens Malherbe (1917:56) gangbaar, hoewel net in die formele skryftaal, wat aansluit by De Waal (1910:63). Jansen (1920?:13-16) bespreek die gebruik van beide *had* en *werd*, maar maak geen uitspraak oor moontlike ongewenstheid van die vorme nie, en gebruik dit self ook in sy skryfwerk. Botha en Burger (1921:118) erken dat hierdie vorme nog in die skryftaal gebruik word, maar keur dit ten sterkste af en beveel aan dat die moderne vorme dit eerder moet vervang. In *Die Banier* word die gebruik van

*werd* ook aangedui as slegs gebruiklik in die skryftaal, en hoewel dit nie aangemoedig hoef te word nie, dit handig kan wees in sinne waar woorde beide 'n verlede deelwoord of adjektief kan wees (Die Banier, 1921:168). Vervolgens gaan daar ondersoek ingestel word na die inslag wat hierdie uitsprake reeds in die skryftaal gevind het, en of dit 'n juiste prentjie teken van die gebruik van hierdie preteritumvorme.

In die Totius-korpus (data voorgestel in figuur 5.10) kom daar besonder min sinne voor wat *had* of *het gehad* kan neem, en die gebrek aan data maak dit moeilik om enige betroubare uitsprake daarvoor te maak. Dit is egter tog sinvol om op te merk dat daar een sin met *het gehad* en twee sinne met *had* is wat slegs die konstruksie kan neem wat dit tans het, en nie die ander (ou of modern) kan neem nie:

- [29] Die rabbyne wou nie *gehad het* dat op Pasga die "Halleluja!" sal gesing word nie, want hulle het hierdie woorde aan die Here in die mond gelê: "My skepsele, sê die Heilige, het toe verdrink in die see, en sou julle jubelsange sing?" (15 September 1920)
- [30] *Had* hij daarmee wil bewijs dat die Skrif (en op grond daarvan die Christendom) die vrou hoog-ag en hoogstel, ja haar 'n posisie naas die man waardig keur — dan was alles in die haak. (15 Augustus 1917)
- [31] *Had* hulle maar ons kanttekening nagesien, dan sou hulle wijser gewees het. (15 November 1919)


Die twee sinne met *had* is van dié tipe waarna Malherbe verwys, naamlik wensende sinne wat begin met *had*. Die sin met *het gehad* gebruik *gehad* as 'n hoofwerkwoord, die verlede deelwoord van *hê*, in 'n konstruksie wat nie *had* ook sou kon neem nie.



**Figuur 5.10:** Totius se gebruik van gehad/had

Die data uit die eerste kontrolekorpus (boeke), voorgestel in figuur 5.11, het heelwat meer relevante sinne in elke jaar, wat 'n duideliker prentjie skets van die geleidelike afname in die gebruik van *had*. Daar

is geen patroon waarneembaar waar skrywers byvoorbeeld eerder *had* as hulpwerkwoord en *gehad* as hoofwerkwoord, of omgekeerd, gebruik het nie.



**Figuur 5.11:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van gehad/had

Daar is wel 'n patroon waar sekere spesifieke skrywers eerder die een of die ander vorm gebruik. In 1916 is daar een skrywer wat vir die helfte van die ou vorme verantwoordelik is, en wat geen moderne vorme gebruik het nie. Die ander ou vorme kom uit die tekste van drie ander skrywers.

Een van die skrywers het egter die konstruksie "*had gehad*" twee maal gebruik, wat dus by implikasie beide die ou en moderne vorm kombineer in 'n konstruksie wat nie in moderne Afrikaans meer gebruik word nie.

- [32] Frits Kok was in die tyd 'n jonge man van vijf en twintig jaar; fris gebou, sterk en, wat nog al meermaal help om 'n man deur die wereld te bring, hij *had* altijd die idee in sij kop *gehad*, dat hij een dag dit so ver sou bring, dat hij 'n man van fatsoen en van tel in die wereld sou wees. (*Die Dolos Gooier*, J.R., 1916)
- [33] Hij *had* 'n tamelik goeie opvoeding *gehad*, maar, toe hij agtien jaar oud was, het sij vader, wat 'n goewernements-beambte was, gesterf en deurdat hulle tamelik arm was, moes hij van skool om sij eie lewe te verdien en sij moeder te help. (*Die Dolos Gooier*, J.R., 1916)

Hierdie woordkeuse kan 'n doelbewuste gebruik van die plusquamperfektum wees, óf hiperkorreksie wat meegebring is deur die onsekerheid van die skrywer oor watter vorme gepas of gebruiklik is in skryftaal.

In 1917 is vyf skrywers vir die ou vorme verantwoordelik, terwyl twee van die skrywers ook moderne vorme gebruik het. Die ou vorme in 1918 is weer deur vyf skrywers gebruik, maar net een skrywer het beide ou en moderne vorme gebruik. In 1919 het slegs een skrywer uitsluitlik ou vorme gebruik, en in

1920 is slegs een skrywer vir al die ou vorme verantwoordelik, terwyl hy ook een moderne vorm gebruik het. In 1921 is daar geen ou vorme te vind nie, en in 1922 is die drie ou vorme deur twee skrywers gebruik, waarvan een slegs ou vorme gebruik het. Die onderskeid tussen skrywers wat slegs ou vorme, beide ou en moderne vorme, en slegs moderne vorme gebruik het, word in tabel 5.13 gegee.


**Tabel 5.13:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers se gebruik van die onderskeie vorme (preteritum: gehad/had)

Totale aantal skrywers wat relevante vorme gebruik	32
Skrywers wat uitsluitlik <b>ou</b> vorme gebruik	9 (28%)
Skrywers wat <b>beide</b> ou en moderne vorme gebruik	10 (31%)
Skrywers wat uitsluitlik <b>moderne</b> vorme gebruik	13 (41%)

Dit is dus duidelik dat 'n minderheid van die skrywers slegs die ou vorm verkies het, terwyl 'n aantal skrywers steeds onsekerheid getoon het, en 'n groter aantal verkies het om slegs die moderne vorm te gebruik.

Die grafiek van die data uit die tweede kontrolekorpus (tydskrifte), voorgestel in figuur 5.12, wys nie so 'n geleidelik afname in gebruik van die ou vorme soos figuur 5.11 nie, maar daar kan steeds 'n tendens van afname na die einde van die tydperk waargeneem word.

'n Groot deel van die fluktuasie in figuur 5.12 is toe te skryf daaraan dat spesifieke publikasies die ou vorm verkies het, terwyl ander publikasies voorkeur getoon het vir die moderne vorm. Die gebruik van ou vorme deur spesifieke publikasies word in tabel 5.14 voorgestel.



**Figuur 5.12:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van gehad/had

Indien die data in tabel 5.14 in ag geneem word, word dit duidelik dat die ou vorm van 1917 af verder besonder min algemeen gebruik is, en die opflikkerings van gebruik gekonsentreer is in spesifieke publikasies. Daar word ook geen duidelike patroon gevind van voorkeur vir een van die twee vorme vir hoofwerkwoord of hulpwerkwoord, of in ander spesifieke konstruksies nie.

**Tabel 5.14:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van ou vorme (preteritum: gehad/had)

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922
<b>De Goede Hoop</b>	10	14	4	0	0	4	0
<b>De/Die Huisgenoot</b>	8	0	0	0	0	0	0
<b>Gimnasium Jaarboek</b>	0	2	0	0	0	0	0
<b>De Unie</b>	-	0	0	2	2	1	1
<b>Die Boerevrou(w)</b>	-	-	-	17	0	1	0
<b>Die Banier</b>	-	-	-	-	-	2	0
<b>De Kerkbode</b>	-	-	-	-	-	-	0

In 1916 het twee van die drie publikasies ou vorme en moderne vorme gebruik, terwyl een publikasie reeds vir slegs die moderne vorm gekies het. Die spesifieke publikasie, Hoërskool Gimnasium se jaarboek, het dan ook net twee ou vorme in totaal gebruik in die gedeeltes wat in die korpus ingesluit is, beide in 1917. Van 1917 af het *D(i)e Huisgenoot* ook gekies om nie meer ou vorme te gebruik nie. In 1918 het slegs *De Goede Hoop* ou vorme gebruik, en in 1919 het *Die Boerevrou* oorheers met 'n uitsonderlike 17 ou vorme, saam met die twee van *De Unie*. In 1920 is daar slegs twee ou vorme, en in 1921 blyk daar 'n effense oplewing te wees – dit kom uit vier verskillende publikasies, en dit kan eerder aan heersende onsekerheid oor die norm toe te skryf wees as 'n terugkoms van die ou vorm, want in 1922 is dit slegs een maal gebruik.


Terwyl die gebruik van *had* dus nog enigszins in moderne Afrikaans voorkom, kan daar in al drie korpusse 'n afname in die gebruik daarvan gesien word, en wys hierdie data waarskynlik die laaste algemene gebruik daarvan.

In die Totius-korpus is daar heelwat meer data beskikbaar oor die gebruik van *werd* en *het geword* as wat met *had/gehad* die geval is (figuur 5.13).

Hier kan 'n duidelike afname in die gebruik van *werd* waargeneem word, maar die getalle is misleidend. Totius tref 'n grammatikale onderskeid tussen *geword* en *werd*, waar *geword* grotendeels as hoofwerkwoord gebruik word, en *werd* as hulpwerkwoord.

[34] Algemeen *werd* gevoel dat ons maar één hart het (al práát ons bietjie uiteen) en dat daar dus geen twee stemme van die Kongres moet uitgaan nie. (15 April 1918)

[35] Die regstaat is 'n kultuur-staat *geword*. (15 Augustus 1917)




**Figuur 5.13:** Totius se gebruik van *geword/werd*

Die onderskeid word duideliker in tabel 5.15 voorgestel. Uit die persentasies wat in tabel 5.15 aangedui word, is dit duidelik dat Totius *werd* met 'n 1%-uitsondering slegs as hulpwerkwoord gebruik het, en *geword* met 'n 8%-uitsondering as hoofwerkwoord gebruik het. Die afname in gebruik van *werd* dui dus nie daarop dat Totius besig was om afskeid te neem van die ou vorm nie, maar eerder dat hy nie die sanksionerende konstruksies gebruik het waarin *werd* as hulpwerkwoord sou voorkom nie. Die feit dat *geword* ook nie toegeneem het as hulpwerkwoord nie, wys verder dat Totius die grammatikale onderskeid deurentyd behou het, en sy gebruik van *werd* in werklikheid nie afgeneem het tydens hierdie tydperk nie.

**Tabel 5.15:** Totius se grammatikale onderskeid tussen *geword* as hoofwerkwoord en *werd* as hulpwerkwoord

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922	Totaal
<b><i>geword</i></b>								
hulpww	0	0	0	2	1	0	0	3 (8%)
hoofww	2	3	5	9	12	8	0	33 (92%)
<b><i>werd</i></b>								
hulpww	14	29	31	73	55	9	1	212 (99%)
hoofww	0	0	0	2	0	0	0	2 (1%)

Die prentjie wat die data van die eerste kontrolekorpus (boeke), in figuur 5.14, skets, verskil van dié van Totius.



**Figuur 5.14:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van *geword/werd*

Daar is 'n duideliker afname in die gebruik van *werd*, maar daar is weereens 'n mate van 'n grammatikale onderskeid tussen *werd* en *geword* teenwoordig. Hierdie onderskeid word numeries voorgestel in tabel 5.16.

**Tabel 5.16:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se grammatikale onderskeid tussen *geword* en *werd*

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922	Totaal
<i>geword</i> hulpww	0	1	0	0	3	2	2	8 (22%)
<i>geword</i> hoofww	4	3	5	8	3	3	5	29 (78%)
<i>werd</i> hulpww	11	27	14	16	11	1	1	81 (93%)
<i>werd</i> hoofww	1	1	1	3	0	0	0	6 (7%)


Die onderskeid *geword* as hoofwerkwoord en *werd* as hulpwerkwoord was by hierdie skrywers nie so sterk en konsekwent soos by Totius nie, maar dit is wel duidelik dat *werd* oorheersend as hulpwerkwoord gebruik is. Dat die gebruik van *geword* as hulpwerkwoord meer is as by Totius, kan daaraan te danke wees dat sekere skrywers reeds *geword* die hulpwerkwoordfunksie van *werd* laat oorneem het, en dus nie noodwendig meer *werd* daarvoor gebruik nie. Dit stem dan ooreen met moderne Afrikaans wat *geword* as beide hoof- en hulpwerkwoord toelaat, en glad nie meer *werd* as werkwoord gebruik nie.

Indien daar dan gekyk word na die gebruik van *werd* en *geword* as hulpwerkwoord, dan wys die data tog op 'n verandering wat plaasgevind het: behalwe dat die gebruik van *werd* oor die algemeen sterk afneem, begin *geword* in die plek daarvan as hulpwerkwoord gebruik word.

Die gebruik van *werd* en *geword* in die tweede kontrolekorpus (tydskrifte) wat in figuur 5.15 voorgestel word, is heelwat meer wisselvallig as die vorige twee korpusse.

Daar is egter weereens die netelige kwessie van grammatikale onderskeid tussen *werd* as hulpwerkwoord en *geword* as hoofwerkwoord. Die onderskeid wat in hierdie korpus getref is, word opgesom in tabel 5.17.

Indien hierdie grammatikale onderskeid in ag geneem word, is die data uit hierdie korpus steeds besonder wisselvallig. Die twee publikasies *De Unie* en Hoërskool Gimnasium se jaarboek is egter op sigself vir 'n groot deel van die wisselvalligheid verantwoordelik. Ter illustrasie word die gebruik van ou vorme deur die verskillende publikasies weergegee in tabel 5.18.



**Figuur 5.15:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van geword/werd

**Tabel 5.17:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se grammatikale onderskeid tussen geword en werd

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922	Totaal
<i>geword</i> hulpww	0	0	1	9	0	0	2	12 (20%)
<i>geword</i> hoofww	6	13	3	14	6	3	2	47 (80%)
<i>werd</i> hulpww	2	12	14	7	10	8	3	56 (93%)
<i>werd</i> hoofww	0	3	0	1	0	0	0	4 (7%)

**Tabel 5.18:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van ou vorme (preteritum: geword/werd)

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922
<b>De Goede Hoop</b>	0	6	4	0	0	0	0
<b>De/Die Huisgenoot</b>	2	4	0	0	0	0	0
<b>Gimnasium Jaarboek</b>	0	3	0	1	1	8	3
<b>De Unie</b>	-	2	10	5	8	0	0
<b>Die Boerevrou(w)</b>	-	-	-	2	1	0	0
<b>Die Banier</b>	-	-	-	-	-	0	0
<b>De Kerkbode</b>	-	-	-	-	-	-	0

Uit die bostaande tabel (5.18) is dit duidelik dat twee publikasies se gebruik van die ou vorm van 1918 af oorheers, en daar is een publikasie wat reeds van 1918 af en een van 1919 af geen ou vorme meer gebruik het nie. Een enkele publikasie is ook verantwoordelik vir al die ou vorme van 1921 af verder, wat daarop wys dat dit meer algemeen nie meer gebruiklik was nie.

Die grammatikale onderskeid tussen hulpwerkwoord en hoofwerkwoord wat met *werd* en *geword* deurgaans gehandhaaf word, kompliseer die data. Indien dit egter wel in ag geneem word, is daar tog in die twee kontrolekorpusse 'n aanduiding daarvan dat *werd* al minder gebruik word, en *geword* die hulpwerkwoordfunksie daarvan begin oorneem.

Die onderskeid tussen die gebruik van hierdie vorme as hulpwerkwoorde en hoofwerkwoorde wys ook dat die gebruik van die preteritum as grammatikale tyd in Afrikaans nie so eenvoudig is soos slegs die woordvorme wat gebruik is nie. Die verdwyning van die preteritumvorme as hulpwerkwoorde wat egter waargeneem kan word, dui daarop dat dit die laaste reste van die preteritum as grammatikale tyd is wat hier waargeneem word, terwyl slegs enkele woordvorme daarvan nog in moderne Afrikaans oorgebly het.

#### 5.2.2.2 *Verlede deelwoorde*

In die tyd ter sprake vir hierdie studie, was daar nog onsekerheid oor sekere woordvorme wat gebruik behoort te word in verledetydskonstruksies, byvoorbeeld *gedaan* of *gedoen*, *gekog* of *gekoop*, soos in die sinne:


[36] Na publikasie van die Brief, waarin ook om geldmiddele gevraag werd, ontvang die kommissie sowat £57 aan bijdraë en werd verder toeseeggings *gedaan* vir 'n bedrag van £669. (*Het Kerkblad*, Totius, 1 Augustus 1916)

[37] Onlangs het die bisskop van Pretoria, bij die opening van die Anglikaanse Synode in Johannesburg dit nog *gedoen*. (*Het Kerkblad*, Totius, 1 Oktober 1917)

- [38] Christus het ons *gekog* met sij bloed; daarom vrees ons nie vir die gerigstroon van God nie. (*Het Kerkblad*, Totius, 15 Januarie 1920)
- [39] Selfs lê hul bij die altaar op klere, wat die arme mense moes verpand, en drink wijn in die huis van hulle god, wijn wat hul *gekoop* het van die arme se boetegeld (2:7—8). (*Het Kerkblad*, Totius, 1 Mei 1917)

Beide Scholtz (1958:85) en Raidt (1991:219) wys daarop dat die regularisering van die verlede deelwoord 'n tussenstadium ondergaan het waartydens die vereenvoudiging van die sterk verlede deelwoord nog nie voltrek is nie. Die korpusse in hierdie studie wys dat hierdie tussenstadium nog nie afgehoop was nie, ten spyte daarvan dat Ponelis beweer dat hierdie vorme reeds teen die eeuwisseling in volledige onbruik verval het (Ponelis, 1993:420).

Daar is slegs klein getalle van hierdie woorde in die Totius-korpus gevind, soos voorgestel in figuur 5.16. Die kurwe van die grafiek is egter só opvallend, dat dit tog in ag geneem word.




**Figuur 5.16:** Totius se gebruik van woordvorme in die verlede tyd

In 1916 word daar slegs ou vorme in Totius se geskifte gevind, en dit is verspreid in verskillende artikels. In 1917 en 1918 is daar telkens ewe veel ou en moderne vorme; dit kom telkens uit verskillende artikels, en van die artikels bevat beide ou en moderne vorme, selfs van dieselfde woord. 'n Voorbeeld hiervan is *gedaan* en *gedoen* in *Die status van 'n gemeente-vergadering* van 2 September 1918.

- [40] Ons sien verder dat aan die gemeentelede meedelings *gedaan* werd van wat in ander gemeentes aangaan.
- [41] Toe Paulus en Barnabas in Antiochie teruggekom het, het hulle die gemeente bij mekaar gemaak en aan hulle vertel watter groot dinge God *gedoen* en dat Hij vir die Heidene die deur des geloofs geopen het (Hand. 14:27).

In 1919 en 1920 begin die moderne vorme oorheers, met ou vorme wat steeds verspreid in verskillende tekste voorkom. In 1921 is daar geen ou vorme meer te vind nie, en daar is geen relevante data vir 1922 beskikbaar nie. Daar kan dus nie bevestig word dat Totius sedert 1921 glad nie meer die ou vorme gebruik het nie, maar dit is duidelik dat die moderne vorm na 1916 gaandeweg toeneem en begin om die ou vorm te verdring.

Soos in die Totius-korpus, word daar in die eerste kontrolekorpus (boeke) ook min relevante data gevind (figuur 5.17). Dit het tot gevolg dat enige fluktuasie in getalle meer omvangryk is as wat die geval sou wees met groter getalle. Op grond daarvan word daar meer gefokus op die hoeveelheid skrywers wat slegs ou vorme, beide ou en moderne vorme, en slegs moderne vorme gebruik het. Dit word aangedui in tabel 5.19.




**Figuur 5.17:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van woordvorme in die verlede tyd

**Tabel 5.19:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers se gebruik van die onderskeie vorme (verlede deelwoorde)

Totale aantal skrywers wat relevante vorme gebruik	26
Skrywers wat uitsluitlik <b>ou</b> vorme gebruik	2 (8%)
Skrywers wat <b>beide</b> ou en moderne vorme gebruik	4 (15%)
Skrywers wat uitsluitlik <b>moderne</b> vorme gebruik	20 (77%)

Uit tabel 5.19 is dit duidelik dat die meerderheid skrywers verkies het om slegs die moderne vorme te gebruik, terwyl besonder min slegs die ou vorme gebruik het, en daar by 'n klein aantal nog onsekerheid was. Terwyl daar 'n aantal skrywers is wat beide ou en moderne vorme gebruik het, word daar in slegs een teks beide ou en moderne vorme gevind, terwyl daar andersins 'n keuse vir óf ou óf moderne vorme gemaak is. Dit kan egter ook moontlik daaraan toegeskryf word dat hierdie konstruksies nie 'n hoë gebruiksfrekwensie het nie, en dat die data gewoon te min is om 'n definitiewe uitspraak daarvoor te maak.

Die tweede kontrolekorpus (tydskrifte) het ook min relevante data (voorgestel in figuur 5.18). Daar is geen duidelik toename of afname van ou vorme nie, maar dit is wel duidelik dat moderne vorme deurgaans meer gebruik is as ou vorme.



**Figuur 5.18:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van woordvorme in die verlede tyd

**Tabel 5.20:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van die ou en moderne vorme (verlede deelwoorde)

		1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922
<b>De Goede Hoop</b>	<i>oud</i>	0	1	0	1	0	0	0
	<i>modern</i>	0	2	0	3	2	0	2
<b>De/Die Huisgenoot</b>	<i>oud</i>	0	2	2	2	1	1	1
	<i>modern</i>	2	4	3	4	1	0	1
<b>Gimnasium Jaarboek</b>	<i>oud</i>	0	1	0	0	0	2	1
	<i>modern</i>	2	6	0	2	2	5	2
<b>De Unie</b>	<i>oud</i>	-	1	1	1	0	2	2
	<i>modern</i>	-	0	4	4	2	1	1
<b>Die Boerevrou(w)</b>	<i>oud</i>	-	-	-	2	0	0	1
	<i>modern</i>	-	-	-	1	1	1	1
<b>Die Banier</b>	<i>oud</i>	-	-	-	-	-	0	0
	<i>modern</i>	-	-	-	-	-	2	2
<b>De Kerkbode</b>	<i>oud</i>	-	-	-	-	-	-	0
	<i>modern</i>	-	-	-	-	-	-	3

In 'n poging om ten spyte van die gebrek aan data 'n duideliker beeld te kry van die gebruik van ou en moderne woordvorme in verledetydskonstruksies, gaan die gebruik van die verskillende publikasies nader ondersoek word. Tabel 5.20 gee die getalle weer.

Tabel 5.20 wys dat daar een publikasie is wat van 1920 af nie meer ou vorme gebruik het nie, en nog 'n publikasie wat van 1921 ook nie meer ou vorme gebruik het nie. Daar is ook selde meer ou vorme as moderne vorme deur enige gegewe publikasie gebruik in een jaar. Dit gebeur ook dikwels dat dieselfde woord se ou vorm en moderne vorm in dieselfde publikasie in een jaar voorkom, en hoewel dit in verskillende uitgawes kon verskyn en deur verskillende skrywers gebruik kon wees, wys dit tog op die mate van onsekerheid oor watter vorme gangbaar of verkieslik was. Die moderne vorme oorheers egter telkens in getalle, wat daarop dui dat dit reeds meer gebruiklik was as die ou vorme.

Die klein getalle waarin hierdie verskynsel voorkom in al drie die korpusse, belemmer enige duidelike uitsprake oor die toename of afname van gebruik van ou vorme, of enige gebruikspatrone of sanksionerende konstruksies. Wat wel met sekerheid uit die data afgelei kan word, is dat die moderne vorme wel reeds meer gebruiklik was in hierdie tyd, maar dat die ou vorme nog enigsins gebruik is, ten spyte daarvan dat 'n navorser soos Ponelis (1993:420) beweer dat die vorme reeds uitgesterf het. Die oorgang was dus nog nie afgehandel nie.

### 5.2.2.3 *Perfektum-hulpwerkwoorde*


In moderne Afrikaans word slegs die hulpwerkwoord *het* gebruik om verlede tyd aan te dui. In Nederlands is daar egter beide *hebben* en *zijn*, wat in Afrikaans *het* en *is* is. In moderne Afrikaans word *is* wel in verledetydskonstruksies gebruik, maar slegs in die lydende vorm. In die vroeg twintigste eeu was dit nog gangbaar om *is* ook as hulpwerkwoord te gebruik in verledetydskonstruksies wat nié in die lydende vorm was nie, saam met dieselfde tipe hoofwerkwoorde wat in Nederlands *zijn* sou neem. Die normatiewe bronne uit die tyd, onder andere Malherbe (1917:60), Jansen (1920?:14) en Botha en Burger (1921:118), stem ooreen daarin dat *is* gebruik kan word in sinne wat 'n gebeurtenis of verandering van plek of tyd aantoon. Dit is egter opvallend dat die bronne dit nie aanbeveel of as die norm stel nie, maar slegs aandui wanneer *is* gebruik sou kon word, hoewel *het* ook te eniger tyd gebruik kan word. Dus was *is*-konstruksies nog gebruiklik in daardie tyd, maar *het* is alreeds in dieselfde konstruksies ook gebruik, en het dan mettertyd die funksie van *is* geheel oorgeneem. Voorbeelde van sinne met *is* uit die Totius-korpus sluit in:

[42] Dit is nou uit, dit *is* geskied, en in hoofstuk 21:1 *is* daar 'n geheel nuwe toestand opgekóm. (1 September 1920)

[43] Tot nog toe egter *is* al dié pogings op mislukking uitgeloop. (1 Junie 1921)

Die data wat uit die korpusse onttrek is ten einde hierdie verskynsel te bestudeer, is enige sinne wat *is/zijn* sou kon neem, en dan vas te stel of dit *het* of *is* as hulpwerkwoord gebruik.

Die data uit die Totius-korpus (voorgestel in figuur 5.19) wys nie 'n definitiewe toename of afname in die gebruik van die ou vorm nie. Dit is egter opvallend dat die ou vorm op geen stadium oorheers nie, wat wys dat Totius reeds begin het om *het* te verkies in moontlike *is*-konstruksies.



**Figuur 5.19:** Totius se gebruik van hulpwerkwoorde in die perfektum

Daar is egter een spesifieke konstruksie wat Totius telkens gebruik het, wat die getalle direk beïnvloed. Die frase "dit is geskied!" is dikwels gebruik as uitroep om te verwys na gebeure in die Bybel, en dan ook telkens vele male in dieselfde artikel.

- [44] Die ewige rus kom eers as die stem uit die hemelse tempel sal sê: "*Dit is geskied!*" (Op. 16:17). (15 November 1918)
- [45] Wat moet nog alles oor ons gaan voordat dit sal lui: "*dit is geskied.*" (20 Desember 1918)
- [46] Dis dus duidelik dat die tweevoudige geroep van: "*Dit is geskied!*" 'n periode of tydvak begin en eindig, waartoe alles behoort wat ons verhaal word in hoofst. 17— 21. (1 September 1920)


Die herhaaldelike gebruik van hierdie konstruksie word voorgestel in tabel 5.21. In 1921 word die frase "wat daar geskied is" telkens gebruik, almal in dieselfde artikel, en dit word in hakies ingesluit in die tabel.

**Tabel 5.21:** Totius se gebruik van die konstruksie "*dit is geskied*"

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922
<b>Totale ou vorme</b>	6	5	20	9	55	8	1
<b>"dit is geskied"</b>	0	0	14	0	35	(5)	0
<b>Oorblywende ou vorme</b>	6	5	6	9	20	(3)	1
<b>Totale moderne vorme</b>	13	20	39	67	76	44	1

Indien die konstruksie "dit is geskied" dan in ag geneem word, dan is daar tog 'n geleidelik afname in die proporsie ou vorme teenoor moderne vorme wat gebruik is, met die uitsondering van 1920. Totius het ook van 1916 af in die meeste gevalle beide ou en moderne vorme in dieselfde tekste gebruik. Wat die groot proporsie ou vorme in 1920 betref: daar kan geen ooglopende rede gevind word vir die skielike op-  
 lewing in ou vorme nie, en dit is opmerklik dat die oorblywende ou vorme (sonder "dit is geskied") uit 'n verskeidenheid van tekste kom, en nie in enkele gekonsentreer is nie. Die drastiese afname daarna in 1921 impliseer egter dat die ou vorme net tydelik teruggekeer het, en moontlik daarna heeltemal kon verdwyn het. Dit word ook versterk daardeur dat, ten spyte van die groter proporsie ou vorme in 1920, dit steeds kleiner is as die proporsie moderne vorme wat gebruik is.

Die grafiek van die data in die eerste kontrolekorpus (boeke) wat in figuur 5.20 voorgestel word, is ook wisselvallig soos dié van Totius, maar daar blyk tog 'n subtiele afname in die gebruik van ou vorme te wees.



**Figuur 5.20:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se gebruik van hulpwerkwoorde in die perfektum

In 1916 is daar slegs drie tekste wat ou vorme bevat, en een daarvan is vir agt van die elf ou vorme in die jaar verantwoordelik. Al drie hierdie skrywers het egter ook moderne vorme gebruik, hoewel die een teks met die meerderheid ou vorme slegs een moderne vorm gebruik het. Daar is weereens drie skrywers wat ou vorme in 1917 gebruik het, en een oorheers weer met vyf van die agt ou vorme van die jaar. Daardie skrywer het ook net een moderne vorm gebruik, terwyl die ander twee se ou en moderne vorme meer eweredig versprei is. In 1918 is daar besonder min ou vorme, maar dit is interessant om op te merk dat twee van die drie skrywers wat ou vorme gebruik, geen moderne vorme gebruik nie. Die ou vorme in 1919 is versprei tussen vyf skrywers wat almal ook moderne vorme in hulle tekste gebruik het. In 1920 is daar weer 'n effense oplewing in ou vorme, maar een skrywer oorheers met ses van die elf ou vorme, en al die skrywers wat ou vorme gebruik het, het ook moderne vorme in dieselfde tekste gebruik. 1921 wys weer 'n afname in ou vorme, met vier skrywers wat ou vorme gebruik het, hoewel nie een vir


meer as twee ou vorme verantwoordelik is nie. In 1922 is daar weer effens meer ou vorme te vind, maar slegs drie skrywers is vir die ou vorme verantwoordelik, en twee van die drie het moderne vorme gebruik, telkens meer gereeld as ou vorme. 'n Opsomming van die skrywers se keuse vir ou of moderne vorme word in tabel 5.22 gegee.

**Tabel 5.22:** Eerste kontrolekorpus (boeke) se skrywers se gebruik van die onderskeie vorme (perfektum-hulpwerkwoord)

Totale aantal skrywers wat relevante vorme gebruik	40
Skrywers wat uitsluitlik <b>ou</b> vorme gebruik	4 (10%)
Skrywers wat <b>beide</b> ou en moderne vorme gebruik	18 (45%)
Skrywers wat uitsluitlik <b>moderne</b> vorme gebruik	18 (45%)

Daar is slegs vier skrywers wat uitsluitlik ou vorme gebruik het, terwyl die ander 90% in die helfte verdeel word tussen skrywers wat beide vorme gebruik het, en skrywers wat slegs die moderne vorm gebruik het. Dit wys dat *het* reeds 'n groot oorhand oor *is* in hierdie konstruksies verkry het, aangesien die meeste skrywers dit óf uitsluitlik gebruik het, óf onsekerheid toon en *het* in elk geval ook gebruik het.

In die tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se data, aangedui in figuur 5.21, is daar 'n duidelike afname in die gebruik van ou vorme waar te neem. Terwyl die kurwe aanvanklik wisselvallig is, neem dit die laaste vier jaar stelselmatig af tot amper afwesigheid.



**Figuur 5.21:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se gebruik van hulpwerkwoorde in die perfektum

In 1916 word ou vorme in al drie die gebruikte publikasies gevind, hoewel een publikasie slegs een ou vorm gebruik het teenoor dertien moderne vorme. In 1917 is daar effens minder ou vorme, wat uit drie van die vier publikasies kom. 1918 se ou vorme kom weereens uit drie publikasies, wat almal ook moderne vorme gebruik het. Die ou vorme in 1919 kom uit vier van die vyf publikasies, wat almal ook

moderne vorme gebruik het. Vandaar neem die ou vorme elke jaar af, hoewel dit telkens in verskillende publikasies versprei is. Dit word in meer besonderhede uiteengesit in tabel 5.23:

**Tabel 5.23:** Tweede kontrolekorpus (tydskrifte) se onderskeie publikasies se gebruik van ou vorme (perfektum-hulpwerkwoord)

	1916	1917	1918	1919	1920	1921	1922
<b>De Goede Hoop</b>	1	0	3	2	1	0	0
<b>De/Die Huisgenoot</b>	3	2	2	7	3	1	0
<b>Gimnasium Jaarboek</b>	5	3	0	2	2	0	1
<b>De Unie</b>	-	1	5	11	2	1	0
<b>Die Boerevrou(w)</b>	-	-	-	0	0	1	0
<b>Die Banier</b>	-	-	-	-	-	0	0
<b>De Kerkbode</b>	-	-	-	-	-	-	0

Ten spyte van die fluktuasie in getalle en proporsie, is dit duidelik dat die gebruik van *is* as hulpwerkwoord in perfektumkonstruksies aan die afneem is, soveel so dat 'n aantal publikasies dit klaarblyklik glad nie meer gebruik nie.

Dit bevestig die tendense wat ook in die ander korpusse na vore kom, naamlik dat die ou vorm nog enigsins gebruik is in hierdie tydperk, maar dat dit aan die afneem was, en waarskynlik kort daarna in totale onbruik verval het. Hierdie tendens sluit dan ook aan by die algemene verlies van vervoeging en infleksie wat daar van Nederlands na Afrikaans plaasgevind het.

### 5.3 GEVOLGTREKKING

Uit die voorafgaande analyses en besprekings is daar waardevolle afleidings gemaak. Die verskynsels wat bestudeer is, kan in drie verskillende afdelings ingedeel word volgens die tipe variasie wat elke verskynsel toon.

Die eerste groepering is waar daar in sommige gevalle slegs sporadiese gebruik gemaak is van ou vorme deur die hele tydperk, terwyl die moderne vorme reeds oorwegend gebruik is. Daar is drie van die verskynsels wat binne hierdie groep val: beide die variasies in slotkonsonante, soos in *gaat/gaan* en *seg/sê*, en ook die hulpwerkwoorde in perfektumkonstruksies (*is/het*).

Die tweede groep is die gevalle wat 'n groter mate van variasie aan die begin van die tydperk toon, wat dan tussen 1917 en 1920 afplat, waarna die moderne vorm die oorhand kry. Daar is twee verskynsels wat in hierdie groep val, naamlik die stamvokaal, soos in *brengh/bring*, en die woordvorm wat in verlede-tydskonstruksies gebruik is, byvoorbeeld *gedaan/gedoen*.

Die derde groep toon meer variasie en onsekerheid wat steeds voortduur tot aan die einde van die tydperk, en terwyl die ou vorme nie meer in moderne Afrikaans voorkom nie, was dit nog enigszins gebruiklik op daardie stadium. Slegs die preteritum (*had/gehad* en *werd/geword*) val in hierdie groepering.

Hierdie groeperings van variasie kan dan ook lig werp op die standaardiseringsproses wat op daardie stadium in volle swang was. Dit blyk dat verskynsels waarvan variasie in vorm nie semantiese of grammatikale variasie aandui nie, maar slegs wisselvorme is, se oorgangstydperke korter is as ander, meer komplekse verskynsels. Die wisseling in stamvokaal (*brenng/bring*) en woordvorm in die verlede tyd (*gedaan/gedoen*) het binne enkele jare van groot onsekerheid beweeg na sterk voorkeur vir die moderne vorm. Dit kan wees omdat taalgebruikers slegs 'n woordvorm moes kies en konsekwent gebruik, en nie byvoorbeeld 'n grammatikale kategorie vaarwel moes roep of 'n betekenisnuanse verloor nie. Dit is ook opmerklik dat die normatiewe bronne geen duidelike aanbevelings hieroor maak nie, en dat Totius in albei hierdie gevalle leiding neem in die oornome van die moderne vorme teenoor die ou vorme. Die normeerders se huiwering om uitsprake hieroor te maak, is moontlik juis gekoppel daaraan dat dit 'n arbitrêre uitspraak sou wees, en nie gegrond kan word in grammatikale of selfs ideologiese beweegredes nie. Daarom is dit oorgelaat aan die taalgemeenskap om eers 'n voorkeur te toon, op grond waarvan mikro-seleksie dan kon plaasvind, soos wat in hierdie korpusse dan inderdaad die geval is.

Die groepering variasie waarvan die oorgang reeds grootliks voltrek is, het 'n sterker grammatikale basis op grond waarvan die onderskeid tussen die ou en moderne vorme gemaak is. Die variasie in slotkonsonant (*gaat/gaan* en *seg/sê*) is as gevolg daarvan dat daar nog onsekerheid bestaan het oor watter Nederlandse woordvorm om die Afrikaanse woordvorm op te baseer, byvoorbeeld stamvorm, stamvorm + -t, meervoud of infinitief. Die wisseling in hulpwerkwoord wat in die perfektum gebruik is (*is/het*), is ook as gevolg van Nederlandse gebruikskonvensies wat in vroeër Afrikaans nog nagevolg is, maar mettertyd minder gebruiklik geraak het, en heeltemal in onbruik verval het. Al drie hierdie verskynsels se oorgang na die moderne vorm is egter reeds byna voltrek met die aanvang van die korpus tydperk, wat daarop dui dat die seleksie reeds grotendeels gemaak is, maar die implementering daarvan nog nie so 'n eenvoudige saak was vir alle taalgebruikers nie. Totius se sporadiese gebruik van die ou vorme tesame met moderne vorme bevestig dit, omdat hy as vooraanstaande lid van die gemeenskap en konsensieuse taalgebruiker self nie konsekwent was in sy gebruik nie. By die slotkonsonantverskynsels is daar wel deur normatiewe bronne aanbevelings gemaak vir die moderne vorme eerder as die ou vorme, en dit is waarskynlik omdat die moderne vorme reeds algemeen oorheers het, en met die uitskakeling van die minder gebruiklike variant eenvormigheid gepoog het. Wat die gebruik van *is* as hulpwerkwoord in perfektumkonstruksies betref, maak die normeerders nie 'n duidelike aanbeveling daarteen nie, maar die aanduiding dat *is* gebruik kán of mág word, dui daarop dat dit nie hoef nie; die gebruik van *het* het dus reeds grootliks oorgeneem, maar die gebruik van *is* moes nog verduidelik word.

Die laaste groepering in variasie, die gebruik van die preteritumwoordvorme (*had/gehad* en *werd/geword*), wat in die tydperk van die studie voortdurend groot wisselvalligheid toon, is 'n komplekse verskynsel. Dit is nie net 'n woordvorm waarvoor 'n keuse gemaak moet word nie, of die keuse tussen twee hulpwerkwoorde nie – dit is die wegval van 'n hele grammatikale tyd wat nie meer tot die taalgebruiker se beskikking sou wees nie. Die aansien wat ook daaraan gekoppel is (Deumert, 2004:160) het die aanbevelings daarteen waarskynlik verder bemoeilik, hoewel die sterk Afrikanerideologie van die tyd en die stryd vir 'n eie Afrikaanse taalaard (Malherbe, 1917:57) keuses weg van Nederlands begunstig het, al was dit kontroversieel, soos in die geval van die gebruik van die preteritum (Deumert, 2004:160). Terwyl Totius dan as belese, keurige taalgebruiker die onderskeid tussen ou vorme as hulpwerkwoorde en moderne vorme as hoofwerkwoorde aan die begin van die tydperk volgehou het, blyk dit later dat ook hy die moderne vorme as hulpwerkwoorde begin gebruik, wat ooreenstem met die breër taalgemeenskap se oorweldigende keuse vir moderne vorme. Die enkele ander skrywers wat egter ook daaraan vasgehou het, wys dat die ideologiese kwessies of aansien wat aan hierdie spesifieke woordkeuses gekoppel is, die saak heelwat meer gekompliseer het as wat met ander verskynsels die geval was. Terwyl die standaardisering van Afrikaans dus grotendeels ideologies gedrewe was, het sekere spesifieke oortuigings binne die taalgemeenskap die saak tog gekompliseer.

Die omvang van variasie wat daar steeds op verskillende vlakke tot in die derde dekade van die twintigste eeu in Afrikaans bestaan het, bevestig Roberge (2003:83) se stelling dat daar nog algemene variasie in Afrikaans bestaan het vir ten minste 'n eeu langer as wat oorspronklik geskat is, en sluit aan by Deumert (2004) se beskrywing van variasie wat tot in die twintigste eeu in persoonlike briewe gevind is.

## HOOFSTUK 6

### GEVOLGTREKKING

#### 6.1 INLEIDING

In die verlede is daar in die diachroniese bestudering van Afrikaans grotendeels gefokus op die ontstaansgeskiedenis en vroeë ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands. Die taalkundige D.C. Hesseling het in die eerste dekades van die twintigste eeu die grondslag vir Afrikaanse diachroniese taalkunde gelê met sy teorie dat Afrikaans uit Nederlands ontstaan het deur kreolisering onder die invloed van Maleis-Portugees (Hesseling, 1923:110). Daarna het 'n aantal taalkundiges op sy werk voortgebou, beide ter ondersteuning of ter weerlegging daarvan, onder andere Bosman (1916, 1928b), Boshoff (1921) en Franken (1953). Franken en Van Oordt het uitgebreide argiefversameling van vroeë Afrikaanse tekste onderneem, waarop taalkundiges, soos Scholtz, ook kon voortbou. In 1950 het Kloeke die soeke na die antwoord op die vraag na die ontstaan van Afrikaans voortgesit, wat Scholtz geïnspireer het om die vraag op 'n nuwe wyse te benader – aan die hand van ondersoeke na die versamelde argivale data van vroeë Afrikaans.

Onder leiding van Scholtz het 'n tradisie van Afrikaanse diachroniese taalkunde ontstaan wat Kaapsgekleurde tekste in fyn besonderhede ondersoek het, en na aanleiding daarvan die stabilisering van Afrikaans so vroeg as einde agtiende eeu gedateer het (kyk byvoorbeeld Raidt, 1991:145 en Ponelis, 1994:229). Meer onlangse ondersoeke deur onder andere Roberge en Deumert het egter uitgewys dat die aannames waarop hierdie tradisie gebaseer is, foutief is (Roberge, 1994:159; Deumert, 2004:20) en dat daar nog heelwat later veel meer variasie in Afrikaans bestaan het as wat aangeneem is (Roberge, 1994, 2002; Deumert, 2004). Hans den Besten (2009:236) beveel op grond hiervan, en sy eie ondersoeke, aan dat tussentydperke of oorgangstydperke se taalgebruik van nader ondersoek word, ten einde die gaping in die literatuur te vul. Deumert (2004) begin dan hiermee, en hierdie studie het dit voortgesit ten einde 'n duideliker beeld te kry van die variasie wat steeds bestaan het met die aanvang van die standaardisering van Afrikaans in die vroeg twintigste eeu.

#### 6.2 OPSOMMING VAN BEVINDINGE

Die eerste doelstelling van hierdie studie was om te bepaal wat die aard en omvang van die variasie is in die gebruik van 'n aantal werkwoordelike verskynsels, beide in Totius se skryfwerk in die publikasie *Het Kerksblad* van 1916-1922, en in die twee kontrolekorpusse van die studie.

Met die uitsondering van een verskynsel, naamlik die gebruik van die preteritum, was die variasie van so 'n aard dat die moderne vorme óf reeds die oorhand oor die ou vorme gehad het met die aanvang van

die korpuse, óf in hierdie tydperk 'n duidelike oorhand oor die ou vorme gekry het. In sommige gevalle het Totius leiding geneem in die afskaffing van ou vorme, maar met ander verskynsels was hy weer meer konserwatief in sy keuses. Daar is ook aanduidings dat sekere skrywers en publikasies ook sterk voorkeure vir ou of moderne vorme getoon het in die data wat vir die kontrolekorpuse gebruik is.

In die geval van die uitsondering, die gebruik van die preteritum (*had/gehad* en *werd/geword*), word dit duidelik dat daar 'n grammatikale onderskeid tussen die gebruik van preteritumvorme as hulpwerkwoorde en moderne vorme as hoofwerkwoorde is. Die preteritum word nog dikwels gebruik in al die korpuse, maar uit die data uit die kontrolekorpuse word dit duidelik dat nie al die skrywers van die tyd meer die betrokke onderskeid volhou nie, en die moderne vorme ook as hulpwerkwoorde begin gebruik. Terwyl Totius dit begin doen in die tydperk van die studie, is daar skrywers wat dit reeds met die aanvang van die tydperk doen.

Die tweede doelstelling van die studie is om die interaksie tussen die normatiewe bronne uit die tyd, en die skryfwerk van beide Totius en die kontrolekorpuse na te gaan, in terme van die normatiewe boeke wat voor 1916 uitgegee is, normatiewe boeke wat tussen 1916 en 1922 uitgegee is, en normatiewe besprekings wat min of meer in daardie tyd in die media verskyn het.

Daar is enkele verskynsels waaroor die normatiewe bronne weinig uitsprake lewer, en slegs die variante as moontlike wisselvorme aandui. Dit is verskynsels wat nie op semantiese, of selfs soms grammatikale, onderskeid gebaseer is nie. In hierdie gevalle was daar nie noodwendig meer variasie teenwoordig nie, wat wys dat taalgebruikers waarskynlik ook mekaar se taalgebruik in ag geneem het, en nie slegs normatiewe bronne nie.

Daar is ander verskynsels waaroor daar meer as een sterk aanbeveling gemaak word, ter wille van standaardisering, normimplementering in skole, of taalideologie en die taalaard van Afrikaans. In hierdie gevalle was daar wisseling in hoe noukeurig dit oor die algemeen nagevolg is. Met eenvoudiger verskynsels, wat bloot die keuse tussen verskillende woordvorme behels het, was skrywers geneig om die aanbevelings grotendeels na te volg. Met ander, soos die gebruik van die preteritum, wat 'n heelwat meer komplekse grammatikale keuse is, was daar nog heelwat skrywers wat dit sporadies gebruik het, en sommige selfs gereeld. Dat dit egter feitlik afwesig is in moderne Afrikaans wys dat dit tog daarna wel in onbruik verval het, soos wat normeerders dan die aanbeveling gemaak het.

### 6.3 GEVOLGTREKKING

Daar het inderdaad nog heelwat variasie bestaan in die algemene gebruik van Afrikaans in die vroeg twintigste eeu, selfs so laat as die derde dekade. Die omvang van hierdie variasie kan nie toegeskryf word daaraan dat skrywers probeer het om goeie Nederlands te skryf, terwyl die spreektaal al naby aan moderne Afrikaans was nie – daar is te groot ooreenstemming in die variasie tussen verskillende

skrywers, wat skrywers soos Totius insluit wat goeie Nederlands geken en dikwels geskryf het, en 'n duidelike onderskeid getref het tussen die skryf van Nederlands en Afrikaans. Dit impliseer ook dat die skryftaal waarskynlik heelwat nader aan die spreektaal was as wat vroeër deur diachroniese taalkundiges aangeneem is.

Hierdie studie het slegs gefokus op die enkele jare van 1916 tot 1922, en ook slegs op variasie in die werkwoord. Daar kan hierop voortgebou word deur in volgende studies die tydperk waarvan die taalgebruik ondersoek word, uit te brei, asook om verdere variasie as slegs die werkwoord te ondersoek. Daar kan ook bepaal word wat die impak van die amptelike erkenning van Afrikaans in 1925 op algemene variasie gehad het, en hoe die hantering van normering en standaardisering ontwikkel het.

## BRONNELYS

- Arndt, W.F. & Gingrich, F.W. 1979. A Greek-English Lexicon of the New Testament and Other Early Christian Literature. Chicago: The University of Chicago Press.
- ANS: Wolter's Algemene Nederlandse Spraakkunst. 1984. Groningen: Wolters-Noordhoff; Leuven: Wolters.
- AWS: Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. 1921. 3de druk. Bloemfontein: Die Nasionale Pers.
- Banier*. 1921. Taalaangeleenthede. *Die Banier*. 1(12):168-170, Feb.
- Biber, D., Conrad, S. & Reppen, R. 2006. Corpus Linguistics. Investigating Language Structure and Use. 6th print. Cambridge: Cambridge University Press.
- Boshoff, S.P.E. 1921. Volk en Taal van Suid-Afrika. Amsterdam: J.H. de Bussy.
- Bosman, D.B. 1916. Afrikaans en Maleis-Portugees. Groningen: P. Noordhoff.
- Bosman, D.B. 1924a. Die Ontstaan van Afrikaans. *Die Huisgenoot*, 9(133):12-13, 19 Sept.
- Bosman, D.B. 1924b. Die Ontstaan van Afrikaans (vervolg en slot). *Die Huisgenoot*, 9(134):12-13,15, 26 Sept.
- Bosman, D.B. 1928a. Die huidige stand van die ondersoek na die ontstaan van Afrikaans II. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 6(3):131-147, Mrt.
- Bosman, D.B. 1928b. Oor die ontstaan van Afrikaans. 2de druk. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Botha, M.C. & Burger, J.F. 1921. Maskew Miller se Afrikaanse Grammatika. Kaapstad: T. Maskew Miller.
- Brill, J. 1910. Geschiedenis van de Hollandsche Taal in Zuid Afrika. *Brandwag*, 1(13):385-389, 1 Des.
- Chomsky, N. 1965. Apects of the Theory of Syntax. Cambridge: The M.I.T. Press.

- Conradie, C.J. 1976. Die modale werkwoord en Nederlands en Afrikaans. *Taalfasette*, 20(4):62-68, Jun./Jul.
- Conradie, C.J. 1979. Die modale hulpwerkwoord: sinchroniese teorieë en diachroniese ontwikkeling. *Taalfasette*, 26(1):38-47, Jul.
- Conradie, C.J. 1981. Die ontwikkeling van die Afrikaanse voltooid deelwoord I: 1652-1875. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 21(4):275-284, Des.
- Conradie, C.J. 1982. Die ontwikkeling van die Afrikaanse voltooid deelwoord II: 1875-1978. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 22(2):96-109, Jun.
- Conradie, C.J. 1986. *Taalgeskiedenis*. Pretoria: Academica.
- Conradie, C.J. 1998. Preteritumverlies in vroeë Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 38(1):6-20, Mrt.
- Conradie, C.J. 2010. Het Nederlands en de standaardisering van het Afrikaanse werkwoordssysteem. (In Van der Wal, M. & Francken, E. reds. *Standaardtalend in beweging*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU. p. 67-84.)
- Davenport, R.H. 1993. *South Africa: A modern history*. 4th ed. Hampshire: The Macmillan Press LTD.
- Davids, A. 1987. The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community. (In Du Plessis, H. & Du Plessis, T. reds. *Afrikaans en die taalpolitiek*. Pretoria: HAUM. p. 37-60.)
- Davids, A. 1990. Words the Cape slaves made: A socio-historical study. *South African Journal of Linguistics*, 8(1):1-24.
- Davids, A. 2011. *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915*. Pretoria: Protea Book House.
- Den Besten, H. 1989. From Khoekhoe Foreignertalk via Hottentot Dutch to Afrikaans: The creation of a novel grammar. (In Pütz, M. & Dirven, R. eds. *Wheels within wheels*. Papers of the Duisburg Symposium on Pidgin and Creole Languages. Frankfurt am Main: Lang. p. 207-249.)
- Den Besten, H. 2009. Desiderata voor de historische taalkunde van het Afrikaans. (In Den Besten, H., Hinskens, F. & Koch, J. reds. *Afrikaans: een drieluik*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU. p. 234-252.)

- Deumert, A. 2004. Language Standardization and Language Change: The dynamics of Cape Dutch. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.
- Deumert, A. 2010. Imbodela zamakhumsha – Reflections on standardization and destandardization. *Multilingua*, 29(3/4):243-264.
- Deumert, A. & Vandebussche, W. 2003a. Standard Languages: Taxonomies and histories. (*In* Deumert, A. & Vandebussche, W. eds. Germanic Standardizations. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company. p.1-14.)
- Deumert, A. & Vandebussche, W. 2003b. Research directions in the study of language standardization. (*In* Deumert, A. & Vandebussche, W. eds. Germanic Standardizations. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company. p. 456-469.)
- De Villiers, M. 1983. Nederlands en Afrikaans. 4de uitg. Goodwood: Nasionale Opvoedkundige Uitgewere Beperk.
- De Waal, J.H.H. 1910. Africander Grammar. Cape Town: Cape Times Limited.
- Du Toit, S.J. 1897. Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels. Paarl: D.F. du Toit en Co., Beperk.
- Eksteen, L.C. 1967. The diachronics of Afrikaans II. *Standpunte*, 21(1):66-70, Okt.
- Elffers, H. 1900. The Englishman's Guide to the speedy and easy acquirement of Cape Dutch. Cape Town: J.C. Juta & Co.
- Fisher, J. 1969. The Afrikaners. London: Cassel.
- Fouché, J. 1994. Werkwoordsvorme in Afrikaanse Bybelvertalings voor 1925. Johannesburg: RAU. (Verhandeling - M.A.).
- Franken, J.L.M. 1953. Taalhistoriese bydraes. Kaapstad: Balkema.
- Giliomee, H. 2003. The Afrikaners. Biography of a people. 2nd impr. Cape Town: Tafelberg.
- Giliomee, H. & Mbenga, B. 2007. Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad: Tafelberg.

- Gries, S.T.H. 2009. Quantitative corpus linguistics with R: a practical introduction. New York: Routledge.
- Haugen, E. 1966. Language Conflict and Language Planning: the case of modern Norwegian. Cambridge: Harvard University Press.
- Haugen, E. 1987. Blessings of Babel: Bilingualism and Language Planning. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Hesseling, D.C. 1923. Het Afrikaans. Bijdrage tot de geschiedenis der Nederlandse taal in Zuid-Afrika. 2de uitg. Leiden: N.V. Boekhandel en drukkerij.
- Huisgenoot*. 1918. Taalvrae. Korrespondensie. *Die Huisgenoot*. 3(25):237-370, Mei.
- Hunston, S. 2002. Corpora in Applied Linguistics. Cambridge: Cambridge University Press.
- Jansen, M.M. 1920?. Die Afrikaanse Taal Eksamen: Grammatika vir die Laer en Hoër eksamen. Pietermaritzburg: De Nationale Pers.
- Kloeke, G.G. 1950. Herkomst en groei van het Afrikaans. Leiden: Universitaire Pers Leiden.
- Labov, W. 1994. Principles of Linguistic Change, Volume I: Internal Factors. Oxford: Blackwell.
- Labuschagne, F.J. 1953. Oor Boeke: Die Geskiedenis van Afrikaans. *Huisgenoot*, 38(1656):47, 18 Des.
- Lubbe, J. 2002. Die aard van bydraes van "Taalfasette" en "Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde", 1965 tot en met Desember 1999. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 20(1-2):65-90.
- Malherbe, D.F. 1917. Afrikaanse Taalboek: praktiese wegwijser bij die vernaamste moeilikhede in verband met die Afrikaanse Grammatika. Bloemfontein: De Nationale Pers, Beperkt.
- McEnery, T. & Wilson, A. 2001. Corpus Linguistics. 2nd ed. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- McEnery, T., Xiao, R. & Tono, Y. 2006. Corpus-Based Language Studies: an advanced resource book. New York: Routledge.
- Milroy, J. 2001. Language ideologies and the consequences of standardization. *Journal of Sociolinguistics*, 5(4):530-555, Nov.

- Milroy, J. & Milroy, L. 1992. *Authority in language: investigating language prescription and standardisation*, 2nd ed, 2nd print. London: Routledge.
- Oom Piet. 1910. *Praktiese leerboek voor die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: J.C. Juta & Co.
- Pocket Oxford Greek Dictionary. 2000. New York: Oxford University Press.
- Ponelis, F. 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main/Berlin/Bern/New York/Paris/Wien: Peter Lang.
- Ponelis, F. 1994. Die Ontstaan van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 34(4):218-230, Des.
- Ponelis, F. 1996. 'n Venster op die Afrikaanse Historiese Taalkunde. 'n Beskouing van Edith H. Raidt se "Historiese Taalkunde. Studies oor die geskiedenis van Afrikaans." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36(2):69-103, Jun.
- Raidt, E.H. 1991. *Afrikaans en sy Europese Verlede*. 3de uitg. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Beperk.
- Roberge, P.T. 1994. On detecting a prior linguistic continuum in Cape Dutch. (*In Olivier, G. & Coetzee, A. reds. Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans: opgedra aan Edith H. Raidt. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers. p. 153-165.*)
- Roberge, P.T. 2002. Afrikaans: considering origins. (*In Mesthrie, R. ed. Language in South Africa. Cambridge: Cambridge University Press. p. 79-103.*)
- Roberge, P.T. 2003. Afrikaans. (*In Deumert, A. & Vandebussche, W. eds. Germanic Standardizations. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company. p. 15-40.*)
- Ross, R. 2009. *A Concise History of South Africa*. 2nd ed. Cape Town: Cambridge University Press.
- SA Places. 2012. Burgersdorp. [www.places.co.za/html/burgersdorp.html](http://www.places.co.za/html/burgersdorp.html) Datum van gebruik: 27 Aug. 2012.
- Scholtz, J. du P. 1958. Die ontstaan van die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 18(1):61-99, Apr.
- Smit, J. & Meijer, R.P. 1978. *Dutch grammar and reader, with exercises*. 2nd ed. Cheltenham: Stanley Thornes (Publishers) Ltd.

- Stockwell, P. 2007. *Sociolinguistics: A resource book for students*. 2nd ed. London and New York: Routledge.
- Stoops, Y.H.L. 1972. *Die taalgebruik in "Die Huisgenoot"*. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth. (Verhandeling - M.A.).
- Tieken-Boon van Ostade, I. 2011. *The Bishop's Grammar: Robert Lowth and the Rise of Prescriptivism*. Oxford: Oxford University Press.
- Uys, M.D. 1983. *Die Vernederlandsing van Afrikaans*. Pretoria: UP. (Proefskrif - D.Litt.).
- Van den Heever, C.M. 1954?. *Keur uit die gedigte van Totius*. 5de druk. Bloemfontein / Kaapstad / Johannesburg: Nasionale Boekhandel.
- Van Oordt, J.F. 1903. *Phrases and dialogues with translations in Cape Dutch*. Kaapstad: Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.
- Van Rooy, B. & Van den Doel, R. 2011. Dutch and Afrikaans as post-pluricentric languages. *International Journal of the Sociology of Language*, 212(2011):1-22.
- Welsh, F. 2000. *A history of South Africa*. London: Harper Collins Publishers.
- Werner, A. & Hunt, G. 1901. *Elementary lessons in Cape Dutch (Afrikander Taal)*. London/Oxford: Williams & Norgate.